

#54

KAMPKOS IN DIÉ RESEPT KOM DIE EIER EERSTE

APRIL-MEI 2023 | UITGAWE 54

Weg! **Ry & Sleep**

Dis blommetyd!

Kry jou reg vir Namakwaland

Waterpret in die Waterberg

Lethabong-lodge se
swembad wag vir julle

Magoebaskloof

Kamp tussen edeles
en Long Tom

RY-INDRUK

MAHINDRA SCORPIO-N
Giftig... somer baie giftig

WOONWATOETS

NUWE TONGA
Die buksie kry
'n snyerspak



**Woonwaskou
2023**


Alles wat nuut is!

CERES-KAROO Waar lê die Katbakkies- en Peerboomskloofpas?

KAMPBOFFIN Hoe rolstoelvriendelik is kamplekke régtig?

4x4-PROFESSOR Die moets en moenies van hommeltuie

TOERUSTING EEN VAN DIÉ 12 KAMPTAFELS IS VIR JOU — BL. 96



R110,00 (BTW ingesluit)
Namibië N\$110,00



★★★★★

Onvergelykbaar!

- ✓ Toegang tot Volle Badkamer Tydens Reis ✓ Aërodinamies ✓ Geen Seil Panele ✓ 360° Panoramese Uitsig ✓ Top Veldry Vermoë



Skandeer om die video te kyk

Die **NUWE** Mobi XL!



Nou beskikbaar!



Op jou gesondheid

Onlangs kom ek op 'n nuusberig af oor navorsing in Finland waarin bevind is die natuur kan help om 'n reeks kwale teë te werk – dinge soos angs, asma, depressie, hoë bloeddruk en slapeloosheid.

Kyk, ek besef ek preek hier vir die mense in die voorste kerkbank, want ons almal weet mos al lankal tyd in die buitelewe is nie net goed is vir die gees nie, maar ook vir die vlees.

Wat veral my oog getref het in die artikel, is dat die navorsing so amper wil te kenne gee tyd in die natuur kan ook die behoefte verminder aan medikasie – vir 'n hele klomp siektetoestande. Dit is dus nie net 'n geval van voorsorg nie, maar duidelik ook een van nasorg. Die navorsers van die departement van gesondheidsekerheid by die Finse Instituut vir Gesondheid en Welsyn sê hoe meer gereeld mense tyd in die natuur deurgebring het, hoe minder het hulle nodig gehad om psigotropiese, hipertensie- en asmamedikasie te gebruik. En dit is ongeag hulle sosio-ekonomiese status.



wat tot 'n soortgelyke slotsom gekom het, én deur die slimkoppe by Harvard wat beweer net 30 minute in die natuur kan jou bloeddruk met tot 10% laat daal.

Is dit nie fantastiese en bemoedigende nuus nie? Om bevestiging te kry dat hierdie lewenswyse wat ons almal só na aan die hart lê, nie net jou emosionele batterye herlaai nie, maar ook goed is vir jou gesondheid.

Daar is wel 'n voorwaarde: Jy moet die natuur ervaar en nie net sien nie. Dít is wat die verskil maak, sê die slim mense. Dit help dus min as jy net sit en deur die venster daarna kyk.

Nee, jy moet buite kom, 'n rukkie daar vertoef en alles inneem en dit elke oomblik opnuut waardeer. Dit is dán wanneer jy 'n verskil sal sien.

Maar dit weet ons mos, nè?

Veilig reis.

Schalk

REDAKTEUR

schalk.jonker@media24.com

“

Jy moet die natuur ervaar en nie net sien nie. Dít is wat die verskil maak, sê die slim mense.

”

Onderhoud is gevoer met sowat 6000 mense in van die groot Finse stede. Hoewel die fokus hoofsaaklik geval het op groen ruimtes – soos parke in groot stede – blyk dit selfs dan is gereelde besoeke aan sulke ruimtes gekoppel aan 'n 36% laer kans om bloeddrukmedisyne te gebruik. Vir geestesgesondheidsmedikasie is die syfer 33% en vir asmamedisyne 26%.

Dit is egter nie net die mense in Helsinki wat so sê nie. Hulle navorsing word bevestig deur wetenskaplikes in Japan

Kikker jou volgende braaikuier op met meer as 100 idees en resepte. **Gooi kole 2023** is nou te koop!




Inhoud

#54 | April-Mei 2023



ROETES WAT ROEP 70



4x4-BESTEMMING 38



NAWEEKKAMP 64

4

ELKE MAAND

3 REDBRIEF

6 POSBUS

11 SKOTE PETOORS

34 NUUS

74 MY WIELE

80 RY-INDRUK

84 WOONWATOETS

88 KAMPBOFFIN

92 4x4-PROFESSOR

96 TOERUSTING

100 KAMPKOS

113 BLOKRAAI


114 PRETBLAD

116 MIC SE RUBRIEK

118 NEELS SE STOEPENT

120 RUBRIEK

122 IETS ANDERS



REDAKSIE

REDAKTEUR SCHALK JONKER schalk.jonker@media24.com
JOERNALISTE LEON BOTHA leon.botha@media24.com
CYRIL KLOPPER cyril.klopper@media24.com
UITLEGKUNSTENAARS DOMINIC WIENAND dominic.wienand@media24.com
OWEN WILLOUGHBY owen.willoughby@media24.com
TEKSREDAKTEUR PETER VAN NOORD peter@subteks.co.za
KOSREDAKTEUR JOHANÉ NEILSON
MULTIMEDIA DESIREE HARTNEY desiree.hartney@media24.com

MEDIA24 KORPORATIEF

UITVOERENDE HOOF: MEDIA24 ISHMET DAVIDSON
HOOFBESTUURDER: LEEFSTYL EN NUUS MINETTE FERREIRA

UITGEWERSPAN: MEDIA24 LEEFSTYL

HOOFBESTUURDER NERISA COETZEE
FINANSIËLE BESTUURDER JAMEELAH CONWAY
BEDRYFSBESTUURDER EDWINA LYNERS
SIRKULASIEBESTUURDER ARMAND KASSELMAN
armand.kasselman@onthedot.co.za
HOOF: PRODUKSIE JACQUES DU PLOOY

VERKOPE EN BORGSKAPPE

HOOF: BORGSKAPPE EN KOMMERSIEEL NIKKI RUTTIMANN
nikkir@media24.com
HOOF: ADVERTENSIES DANIE NELL
danie.nell@media24.com ☎ 082 859 0542
KLIËNTEBESTUURDER SHARLENE SMITH
sharlene.smith@media24.com ☎ 083 583 1604
KLIËNTEBESTUURDER SANETHA MEINTJIES
sanetha.meintjies@media24.com ☎ 082 957 9747

MEDIA24 DIVERSE INKOMSTE LISE VAN BREDIA

lise.coetsee@media24.com
HOOF: DIVERSE PROEKE FRANCOIS MALAN
francois.malan@media24.com

KREATIEWE ATELJEE: MEDIA24 LEEFSTYL

HOOF MICHAEL DE BEER
BESTURENDE REDAKTEUR: KOMMERSIEEL GERDA ENGELBRECHT
BEMARKINGSBESTUURDER ANDILE NKOSI andile.nkosi@media24.com
TEKSREDAKTEUR: ADVERTENSIES BRIGITTE BLANCKENBERG

AANLYNWINKEL YUMNA TOFEY yumna.tofey@media24.com

KONTAK ONS

YUMNA TOFEY ☎ 021 406 2205 yumna.tofey@media24.com

KAAPSTAD

POSADRES Weg Ry & Sleep, Posbus 740, Kaapstad 8000
STRAATADRES 19de verdieping, Media24-gebou,
 Heerengracht 40, Kaapstad 8001

JOHANNESBURG

POSADRES Weg Ry & Sleep, Posbus 785266, Sandton 2146
STRAATADRES Kikuystraat 6, Sunninghill 2191

INTEKENINGE, HERNUWINGS EN NAVRAE

☎ 087 353 1300 | ☎ +27 21 065 0033 (internasionaal)
 Faks 086 296 6681 | WhatsApp 087 353 1333
 SMS "diens" na 31069 | subs@media24.com



DRUKWERK CTP
 Alle regte word voorbehou.



Ry & Sleep is 'n lid van
 die Ouditburo vir Sirkulasie



© Kopiereg Weg Ry & Sleep. Alle regte voorbehou. Gedeeltelike of algehele reproduksie sonder die skriftelike toestemming van die redakteur is streng verbode.

MEDIA24

5

KAMP & KATROL 78

KAMPBESTEMMING 52

WOONWASKOU 12

#54 VOORBLADFOTO – CYRIL KLOPPER

“ In die Goegap-natuurreservaat buite Springbok is daar geen gevaarlike roofdiere wat jou sal aanval nie – daarom is dit veilig om uit jou voertuig te klim en die plate blomme af te neem – mits jy nie ander voertuie se pad versper nie. Hier kan jy sien daar is allermins druk verkeer in blommeland. ”

Kameraverstellings Canon EOS 5D; f10, 1/1 000ste van 'n sekonde; 40 mm-lens; ISO 1 000



Ons hoor graag wat jy op die hart het! Skryf vir ons by rysleap@weg.co.za en onthou asseblief om jou volledige adres en kontakbesonderhede te gee. *Ry & Sleep* behou hom die reg voor om briewe te redigeer en verkort – en na goeddunke in die tydskrif, op die webwerf en elders te gebruik.



Dis mos nou Bak(ke), man!

Elke jaar van einde Januarie af het ons 'n groot uittoeg na De Bakke Santos op Mosselbaai. Die meeste van ons is pensioentrekkers en langstaankampeers – en dié wat nie kamp nie, slaap in die rondawels.

Dis soos ons jaarlikse vakansie saam met ou kennisse. Dis nou ons vierde agtereenvolgende jaar by De Bakke Santos – sommige vriende kom al langer hierheen en vir ander is dit die eerste keer. Om die waarheid te sê het ons reeds drie maande bespreek vir dieselfde tyd volgende jaar. As jy nie dadelik spring nie, is die kans goed dat jy “jou” staanplek verloor. Van die ouens staan tot vier

maande, ander 'n maand, en dan is daar altyd 'n gaatjie oop vir kampeers op reis wat net 'n aand of twee wil oorslaap. Hier het anderdag mense vir 'n week bespreek, maar het naderhand 'n maand gebly, want 'n mens voel of jy nie wil huis toe gaan nie. Ons het selfs 'n kampkommandant, Kobus Klynhans. Hy kom van Gansbaai af en kamp elke jaar vir twee maande hier. Saterdag braai dié wat lus voel, saam in die straat voor sy woonwa.

Ons kampvriende kom van letterlik elke provinsie in die land. Nie eens die brandstofpryse hou ons terug nie.

As jy wonder waarom ons De Bakke Santos kies, is die antwoord maklik:

Ons hou nog van lyfplankry vroegoggend in die see, sommer op jou voorstoep; en jy het regstreekse toegang tot sommer twee Blouvlagstrande.

Die weer speel gewoonlik dié tyd van die jaar saam – dikwels kry ons heerlike sonskyn terwyl dit elders in die land reën. En dan word 'n mens ook nooit moeg vir die Mosselbaai-omgewing nie.

Ons beplan om vanjaar ook 'n draai te maak by Yellow Sands, Sitrusoewer en Bergrivier in die Paarl.

ALMERO EN INA BEKKER
Ugie >

BRIEFBRIEF



Almero en Ina wen 'n koelsak ter waarde van R220. Of jy nou kamp, piekniek hou of langs die krieketveld sit, dié koelsak het onder meer plek vir 'n kosblik én genoeg ruimte vir 'n 1,5 l-koeldrankbottel. Daar is ook nog pakplek in die boonste helfte vir 'n bottel die helfte van dié grootte. Verder is die binnekant met 'n PVC-laag uitgevoer wat dit maklik maak om die koelsak skoon te hou. Die sak het ook 'n handvat wat bo-oor kom en met klitsrits heg, asook 'n skouerband as jy jou hande los wil hê.

winkel.weg.co.za



Paasskou!

14 tot 16 April 2023



**Die Nuwe
Okto Casita
637kg!!
Sleep met 'n
B-Lisensie**



Kom besigtig die nuwe opwindende Okto modelle!

... ons stel bekend die lig gewig, B-lisensie vriendelike, Okto Casita woonwa, die Castello 5 en die Cabana 2 woonwaens. Die res van die Okto reeks sal ook te sien wees. Sowel as Bush Lapa veelterrein woonwaens, Stealth grondpad woonwaens, die heel luukse Swift woonwaens en ons populêre klein Edge-Out tear drop trailer. Besoek ook ons volledige toegeruste LeisureWorld winkel, peuselhappies, gelukkige trekking en meer!



Loftus Caravan City

011-792-1456

Republiekstraat 150, Fontainebleau, Randburg
www.loftuscaravans.co.za



SWIFT



2-RAK DELUXE KASSIE



3-RAK DELUXE KASSIE



4-RAK DELUXE KASSIE



KOMBUIKABINET DELUXE



Bio Sanitary
Fluid 1l



R100⁰⁰ each

Bio Sanitary
Rinse 1l



Bio Fresh
2-in-1
R230⁰⁰

Bio Sanitary
Fluid hervul



R80⁰⁰ each

Bio Sanitary
Rinse hervul



Porta potti sak



R320⁰⁰

PORTA POTTI 20L



10L OOK BESKIKBAAR

R1 299⁰⁰

DELUXE DAKTENT

1.4m x 2.4m
R15 999⁰⁰



OPVOU-GRAAF



"DEAD BLOW" HAMER



- PVC
- KOP GEVUL MET STAALDEELTJES – GEE EKSTRA KRAG AAN HAMER & KEER DAT HAMER TERUG-SPRING
- DIAMANT-TEKSTUUR GLYWERENDE HANDVATSEL
- 1.3kg

R140⁰⁰

SKOTTELGOEDTAFEL



Met wasbakke & droograk

SELF-OPBLAAS MATRAS



OPVOUBEDDENS



Deluxe Standard:
190cm x 65cm x 40cm
R1 185⁰⁰

Deluxe Large:
210cm x 75cm x 47cm
R1 350⁰⁰

OPVOU TAFELS



OPVOU ALUMINIUMSTOEL-TAFEL



SL-1



Maks gewig:
100kg

Beskikbaar in groen, grys & blou

SL-2



Maks gewig:
100kg

SLX-2



Maks gewig:
100kg

BIG BOY



Maks gewig:
100kg

OOK TE KRY BY:

NB: PRYSE SAL VERSKIL TUSSEN WINKELS

CAMP.CLIMB

Kloppers

OUTDOOR
WAREHOUSE

agra

Agri Land

LeisureWorld

AGRI-MARK

Riley's Garage

SIEN ONS LYS VAN AGENTE OP ONS WEBWERF

E-POS: info@tentco.co.za

TEL: +27 11 397 6451

PRYSE, KLEURE, SPESIFIKASIES & VOORRAAD - BFW
HANDELSNAVRAE WELKOM

Volg ons op



SENIOR GAZEBO



3m x 2.8m x 2.3m
R2 970⁰⁰

SENIOR GAZEBO OPSIONELE EKSTRAS



Symuur met Vensters

Eindmuur met rits

Soliede eindmuur



Soliede symuur

Gazebo & Senior Boog koppelstuk

EETKAMERSKUILING



3m x 3.5m x 2.5m
R7 000⁰⁰

PRO DAKTENT



1.4m x 2.4m
R19 490⁰⁰

DAKTENT



1.2m x 2.4m **R12 910⁰⁰**
1.4m x 2.4m **R14 980⁰⁰**
1.6m x 2.4m **R15 790⁰⁰**
2m x 2.4m **R18 360⁰⁰**

BUNDU-AFDAK



2.7m x 3m
R1 540⁰⁰

*Opsionele symuur

FAMILIE SLEEPWA-TENT



*Sleepwa is nie ingesluit nie

Bladgrootte: 200cm X 140cm
Vloergrootte: 220cm X 400cm
R23 620⁰⁰

SENIOR SAFARI DELUXE BOOG

- > 3.0m x 3.0m x 2.2m
- > 320gsm RIPSTOP-MATERIAAL
- > 540gsm SWAARDIENS-GRONDSEIL
- > 8.5mm GEËLEKTROPLATEERDE RAAM VAN TREKVASTE STAAL
- > HITTE-OPENING IN DAK MET BINNESLUITING
- > 3 VENSTERS MET BINNE- EN BUITESLUITING

R6 720⁰⁰

*Kan alle senior boogtent verlengings akkommodeer



SENIOR BAOBAB EXT



R6 380⁰⁰

SENIOR DELUXE EXT



R8 090⁰⁰

VERLENGINGS WORD APART VERKOOP – DIE BOOGTENT IS NIE INGESLUIT BY DIE PRYS NIE

DOUBLE BOW EXT



R5 730⁰⁰

JUNIOR SAHARA



4.5m x 2.9m x 2.5m
R9 670⁰⁰

SAHARA DELUXE



6m x 2.9m x 2.5m
R12 860⁰⁰

SAFARI BOW TENTS

TRAVELLER SAFARI BOW

2.1m x 2.1m x 1.5m

R3 370⁰⁰

RANGER SAFARI BOW

2.1m x 2.1m x 1.8m

R3 800⁰⁰

JUNIOR SAFARI BOW

2.5m x 2.5m x 1.9m

R5 910⁰⁰

WANDERER BOW



JUNIOR WANDERER BOW

2.5m x 2.5m x 1.9m

R4 320⁰⁰

SENIOR WANDERER BOW

3.0m x 3.0m x 2.2m

R5 120⁰⁰

OOK TE KRY BY:

NB: PRYSE SAL VERSKIL TUSSEN WINKELS

CAMP.CLIMB

Kloppers

OUTDOOR WAREHOUSE

agria

Agri Land

LeisureWorld

AGRI-MARK

Riley's Garage

SIEN ONS LYS VAN AGENTE OP ONS WEBWERF


E-POS: info@tentco.co.za

TEL: +27 11 397 6451

PRYSE, KLEURE, SPESIFIKASIES & VOORRAAD - BFW
HANDELSNAVRAE WELKOM

Volg ons op





Hoogte is dalk 'n probleem

Ons wil graag die roete van die oog tot die monding van die Oranjerivier aanpak wat julle in die Desember 2022-Januarie 2023-uitgawe beskryf.

My Iveco 4x4-ryhuis staan omtrent 3,5 m hoog. Is daar iewers enige oorhang wat moontlik 'n probleem sal wees?

Terloops, ons ryhuis se vorige eienaar het hom die naam "Coddwomple" gegee. Dis nogal gepas, want dit beteken om doelgerig te kamp na 'n vae bestemming toe!

ROLFF VAN DER LINDEN
Robertson



Geen van die passe op die roete het lae oorhange nie en daar behoort dus nie 'n probleem te wees nie. Hou wel jou oë oop by die Henkries-pompstasie (S28.901770 E18.167199) – dit is deel van die Namakwa-4x4-ekoroete. Sien die foto hiernaas van 'n Jeep Gladiator onder die pypleiding; die Jeep is 1,9 m hoog. Te oordeel na foto's van ander mense wat hier-deur is – ook met 'n Iveco 4x4 – moet 'n mens net versigtig wees. – Red.

KOMMENTAAR VAN DIE MAAND!

Op Facebook vra ons as jy nou by enige vakansiebestemming kon wees, waar sal dit wees? Dis geen verrassing nie dat die Krugerwildtuin 'n gunsteling is – ook Henry Austin meen so.

"Ons toer nou deur die Wes-Kaap, maar my hart verlang na die wildtuin."



Terug by die begin?

Op bl. 84 van die Februarie-Maart-uitgawe verwys julle na die Enduro-veerstelsel wat nou op die Tourer-woonwamodelle gebruik word.


In beginsel lyk dit vir my na presies dieselfde stelsel wat meer as veertig jaar gelede op my Sprite Sport gebruik is. Ná verskeie probeerslae met vering oor die jare heen is die sirkel seker nou voltooi... en die ou beproefde idee is terug.

Ons sal maar moet sien of die vakman-skap en materiale by my 1981-model sal kan kers vashou.

JOHAN EN ELMARE VAN STADEN
Parow



Volg @wegrysleep op Instagram en merk jou foto's met #wegrysleep – ons publiseer dit dalk op ons profiel of op dié blad.





2023

ONS IS TERUG! Ons het 11 jaar gelede in Magoebaskloof teen dieselfde bergpaadjie afgery kampplek toe. Destyds het ons by Magoebaskloof Getaway afgesaai en dié slag by The Herb Cottage. In mooiweer is die steil paadjie heel skaflik, maar wanneer dit sous – soos in 2012 en toe ons oppak by The Herb Cottage – gaan jy al vier wiele nodig kry. Lees meer op bl. 52.

FOTO'S LEON BOTHA

Spasie vir die nasie!

Die jaarlikse Woonwaskou by die Gallagher-konferensiesentrum in Midrand het omtrent sinoniem geraak met die bekendstelling van nuwe waens. Kom kyk wat het ons daar gesien.



CUB LITE



OVERLANDER BUNK

STEALTH

Stealth Caravans het sy reeks van sewe modelle met 'n verdere drie uitgebrei, en twee van hulle is nou die vervaardiger se kleinste modelle.

Die Cub is lig genoeg vir bestuurders met 'n gewone rybewys, en twee variante is beskikbaar: Die Cub Lite (BVM 600kg, met 'n opsie om dit tot 750kg te verhoog) en die Cub X-Country (BVM 750kg, met 'n opsie om dit tot 1100kg te verhoog). Onthou, vir enige sleepwagewig bo 750kg het jy 'n sleeprybewys (kode EB) nodig. Albei modelle is vir paartjies bedoel, maar die Lite is vir teerpad en die X-Country vir grondpad.

Albei se romp en binneuitleg is dieselfde. Die deur is in die linkerpaneel by die stert, en dit is ook dié kant van die dak wat lig vir genoeg hoogte langs die bed.

In so 'n klein wa verwag 'n mens nie aparte sitplek nie, maar Stealth het die skynbaar onmoontlike reggekry. Die bed se voetenent lig tot teen die dak, wat jou dan toegang gee tot 'n bankie links en regs teen elke paneel. Dit is slim gebruik van ruimte – boonop sonder om die bed-degoed om te krap.

Jy het selfs die opsie om 'n tweede dub-



belbed te vra. Hiervoor word die opwipdak met 'n spesiale dak vervang wat jy as 'n daktent kan beskryf met 'n soliede kant bo-op die Cub. Soos in 'n daktent klim jy dan met 'n leer tot in jou bed, met die bestaande bed onder jou.

Die Lite kry 13"-wiele en die X-Country 14"-wiele. Laasgenoemde kry ook modderflappe en 'n wasbak. Die kragstelsel verskil ook: Die Lite het 'n 220V-kragstelsel en die X-Country 12/220V, wat sy 8A-laaier en 50Ah-battery insluit. Albei het 'n 50ℓ-watertenk.

Stealth se boswoonwa, die Overlan-



CUB X-COUNTRY

der 634, kry nou 'n variant: die Overlander 574, wat ook bekend staan as die Overlander Bunk.

Die Bunk is 1 361 mm korter as die 634. In die Bunk val die neuskas weg, en die ys-vrieskas wat daarin pas, gaan nou in 'n kas voor in die romp. Die los gasstoof word deel van die Bunk se ys-vrieskas-glyrak.

Die Bunk kry twee stapelbeddens teenaan die regterpaneel by.

Pryse Cub Lite R215 000; Cub X-Country R275 000; Overlander Bunk R575 000

Kontak 📞 stealthcaravans.co.za >



Waar jy kan ry, kan jy bly.

Taaibuite, luukse gemak binne.

4x4 Kampeerwa * Solar gereed * Maklik & vinnig om op te slaan * Slaap 2 of 4 persone *
Vol kombuis * Storteenheid, wasbak & portaloo * Gasgeyser * En nog soveel **X** meer...



SCAN ME



INVADER
Off-Road Campers

www.invader.co.za



OKTO

Okto, wat 'n verskeidenheid pad- en grondpadwaens maak, het nou sy aanbod uitgebrei met sy kleinste model. Dit is ook die eerste van sy waens wat gemik is op sleepers met 'n gewone rybewys. Dié klas wa het 'n bruto-voertuigmassa van 750 kg, maar sonder remme moet die sleepvoertuig 'n tarragewig van minstens 1 500 kg hê. Die Okto Casita kom gerem, wat beteken die sleepvoertuig se tarra hoef net 750 kg te wees – lig genoeg vir van die kleinste voertuie op die mark.

'n Verdere bonus is dat die Casita slaapplek het vir drie mense. Die eilandbed is in die voorste deel ingerig, en met die deur regs agter is die staanskas teenaan die oorkantse paneel soos jy inklim. Die eethoekie regs van die deur slaan plat vir die derde mens. Aan weerskante van die "gang" is kaste met 'n werkblad by elkeen.

Die Casita het nie minder nie as vyf vensters – een in elke paneel en twee in die regterkant. Dit beteken jy kan deur die Casita sien terwyl jy sleep. Die woonwa het 'n vaste dak en die buitekom-buis – 'n kas met rakke en 'n werkblad – is net links van die deur. Die eetstel is ingesluit. Die Casita kry 13"-wiele en die kragstelsel is 220V (sonder 'n battery). 'n Mikro-golfoond is standaard, maar nie die tent en die noodwiel nie.



Kopers het nou 'n tweede keuse by die Castello. Die oorspronklike model is bedoel vir twee mense en het 'n ingeboude badkamer, maar die Castello 5 het nou, soos die naam te kenne gee, slaapplek vir vyf. Die Castello se badkamer maak plek vir die ekstra beddens. Dit is 'n dubbelbed met 'n opslaanenkelbed bo dit. Die dubbelbed kan ook opslaan as jy dit andersins as 'n bank wil gebruik.

Die Cabana kom met 14"-wiele en die nuwe variant, Cabana II, kry 15"-wiele. Buiten die wiele is daar nie ander verskille nie.

Pryse Casita R349 000; Castello 5 R529 900; Cabana II R382 900

Kontak 011 792 1456 of 021 852 8215 • info@oktocaravans.co.za • oktocaravans.co.za >





-  Slegs B-lisensie nodig
-  Huisves 2-4 persone
-  Veselglaskappie & -bakpanele

K A M P E E R S L E E P W A



Kontakbesonderhede: 021 945 2142 (Kantoor/Michael)
sales@tongasa.com

www.tongasa.com

 Tonga Camping Trailer

Brugstr. 3, Triangle-plaas, Bellville 7530

TONGA



MOBI XL



MOBI LODGE

Mobi Lodge het sy aanbod van twee modelle met 'n derde een uitgebrei.

Tot dusver kon kopers kies tussen die Mobi Lodge Continental en die Mobi X. Die Mobi XL pas tussenin. Die Mobi XL stem baie ooreen met die Mobi X, maar is 'n meter langer, 220 mm breër en 150 mm hoër. Terwyl die Mobi X plek gehad het vir 'n daktent bo-op die eenheid om ekstra slaapplek te skep, lig die XL se dak sodat jy regop kan staan. Daar's twee deure

regoor mekaar by die neus, en die koningingrootte bed is aan die agterkant – met genoeg oop ruimte onder die bed vir 'n kassettoilet.

Twee mense kan gemaklik tussen die twee deure langs mekaar staan. Oorkant die voetenent is twee enkelbankies met 'n los tafelblad wat tussenin opslaan.

Die hele stert trek soos 'n laai uit die agterkant, met 'n totale volume van 1540 l. Aan elke kant is kaste met soliede deure, én daar is plek

vir die ys-vrieskas aan die XL se kombuisant. Die XL het 'n groter watertenk (214 l) as die X en is met 'n gas-elektriese geiser toegerus.

'n Storttent van 2,3 x 2,2 m wat by die regterkant opslaan, is standaard, met 'n stoepdak

wat aan die ander kant oor die buitekombuis span. Die kombuis is soos die X s'n en sluit die stoof en eetgerei in.

Prys R488 000

Kontak 013 246 1327

marius@mobilodge.com

mobilodge.com



DUO X

INVADER

Die Duo X, Invader se nuutste model, is 'n opgegradeerde weergawe van die standaard-Duo. In die vorige uitgawe het ons op die nuwe model gefokus, maar die syfers en pryse was nog nie beskikbaar nie. Só verskil die Duo en Duo X:

Lengte 4,15 m en 4,25 m

Breedte 1,8 m en 1,85 m

Hoogte 1,8 m en 1,85 m

Hoogte (opgeslaan) 2,85 m

Tarragewig 860 kg en 910 kg

BVM 1 500 kg

Prys R327 000 en R385 000

Kontak info@invader.co.za

invader.co.za

>



GERIEF
WAT JOU VOLG!

STEALTH CARAVANS

SLUIT OOK NOU ONS B-LIENSIE CUB-REEKS IN

OVERLANDER
634 VOLLE VELD-
VOERTUIG

X-COUNTRY 594
4-BED / 533
3-BED EN 592
EN SUITE

BUSHLodge
XTREME GROND-
PADKARAVAN

OVERLANDER
574 GESINS-
KARAVAN MET
DUBBEL-SLAAP-
BANKE

CUB LIGHT

CUB
X-COUNTRY

BESOEK JOU NAASTE HANDELAAR VIR ONS HUIDIGE REEKS

www.stealthcaravans.co.za

f StealthCaravans



PRETORIA
caravans
& OUTDOOR



KEMPTON CARAVANS & LEISUREWORLD
Natal Caravans & Marine (est. 1990)
Newcastle LeisureWorld
CARA-CAMP

Loftus Caravan City
Middelburg Caravans



CONQUEROR

Conqueror het sy Courage opgedollie, en toerusting soos die geiser en waterpomp is voortaan standaard.

Die twee kaste in die regterkant kry binnerakke, en bo die ammokiste wat op 'n laai uit die agterkant trek, kom een rak oor die hele breedte.

Van die Courage se standaarditems sluit in die 90ℓ-watertenk en glyraam waarop 'n 80ℓ-ys-vrieskas pas. Die kragstelsel met 'n 96Ah-battery is ook ingesluit, sowel as vier ammokiste, die waterpomp en gasgeiser (5 ℓ/min).

Daar's minstens 15 opsionele ekstras wat jy kan kies – dinge soos beddegoed (R2 389), 'n L-stoepdak (R6 203), tent (R31 412), storttent (R1 751) en sonpaneelstelsel met 'n 250A-reëlaar (R16 845).

Prys R194 067

Kontak 016 349 6533 info@conqueror.co.za conqueror.co.za



NALEDI

Die Naledi was nie net 'n nuweling op vanjaar se woonwaskou nie, maar ook die toetrede tot die wawêreld van Rider Automotive Components, die vervaardiger.

Die Naledi is geskoei op die traanvorm woonwaentjie, maar kom met 'n hele paar luukses wat 'n mens nie verwag nie. Die opvallendste is die enorme venster in elke sypaneel wat die paneel se buitevorm volg. Hulle is 1 m hoog en 1,8 m lank, en 'n deur van 600 mm maak in die middel oop. Die glas is getemper en 4 mm

dik. Die vensters is 'n slim manier om 'n gevoel van ruimte te skep wanneer jy in die wa is. As jy meer privaatheid soek, kan jy blindings voor die vensters aftrek.

Die matras word van hoëdigtheidsspons gemaak en is 10 cm dik.

Die onderstel is van vlekvrystaal, terwyl die romp bestaan uit 'n 25 mm-geïsoleerde laag met aluminiumlae aan die buitekante. Dit word afgewerk met 'n skraapwerende poliureetaanlaag.

Tipes traanwa is die buitekom-buis aan die agterkant. Dit sluit in die mikrogolfoond, kombuisware, potte en panne, 'n induksie- en gasstoof, en 'n 220V-ketel. Die 55 ℓ-National Luna-ys-vrieskas staan voor in die neuskas.

Die watertenk is 60 ℓ groot en die Naledi het 'n 12/220V-kragstelsel wat 'n 120W-sonpaneel insluit. Die laaier en sonpaneelstelsel is van Victron. Die battery is die litium-ioon-soort en 100Ah.

Die Naledi kry 14"-wiele en is ongerem, maar hy's sterk genoeg gebou vir veldrytoestande.

Prys R259 000

Kontak 083 778 5555 of 083 778 5577 naledicampers.com andre@naledicampers.com



BYBEHORE VIR JOU RHINOMAN



NUWE BYBEHORE BESKIKBAAR!



Ammo Box Rack



Utility Drawer - Full



40% Slide for Ammo Box Rack



60% Slide for Ammo Box Rack



Utility Drawer - Half



Small Lock Box for Ammo Box Rack



Large Lock Box for Ammo Box Rack



Utility Drawer - Fold Down Tray



Full Slides for Ammo Box Rack




Load Box for Ammo Box Rack



Utility Unit



Perforated Hanger for Utility Unit



Canopy Folding Table Hanger

+(27) 10 010 0060 | sales@rhinoman.co.za | www.rhinoman.co.za

Beskikbaar by:





AIRSTREAM



AIRFLIGHT

GREY

Grey het 'n tweede model bygekry wat die Airstream genoem word. Hy is 400 mm korter as die Airflight en jy het 'n opsie om jou woon-wa met 'n enkel- of dubbelas te bestel (die Airflight kom slegs met 'n dubbelas).

Wat die uitleg betref, verskil die Airstream hemelsbreed van die Airflight. Die deur is links voor (en nie regs agter nie), wat beteken die eilandbed is nou aan die agterkant (en nie voor nie). Die nuweling se bed staan dwars terwyl die Airflight s'n in die lengte staan.

Die kuierplek is by die deur soos jy inklim, met die aparte toilet- en storthokkie links as jy na die agterkant van die Airstream kyk. Die twee deure maak nie reguit oop in die algemene ruimte nie, maar is so te sê rug teen rug – 'n slim ontwerp. Die stort se glasdeur wys na die bed se kant toe, wat vir nóg meer privaatheid sorg.

Die Airflight se onderstelgradering is intussen van 2,5 t tot 3 t opgestoot.

Grey doen ook die vensters weg wat verskaf word en gebruik in die plek van onder meer die 1 200 x 600 mm- dubbelgeïsoleerde venster sy eie versterkte venster van 1 200 x 800 mm en 5 mm dik. Die skottelgoedwasser maak plek vir vier laaie bo mekaar.

Pryse Airstream R715 000 (enkelas) en R725 000 (dubbelas); Airflight R725 000

Kontak 016 362 0189 info@greycaravans.co.za greycaravans.co.za




TUFF CATS

Die eerste binneslaapwa van Tuff Cats is nou beskikbaar – dit beteken die bed vorm deel van die binnekant en slaan nie plat of gly uit die romp nie. Met die twee bestaande Mbada-modelle het jy 'n keuse van óf net 'n uitglybed óf die uitglybed saam met die uitslaanbed, maar in die nuwe Mbada Nova is daar net 'n binnebed. 'n Paar aanpassings sluit in die effens laer buitekombuis sodat dit onder die binnebed kan inskuif.

Standaarditems sluit in die 120ℓ-water-tenk, 5ℓ-gasgeiser, 105Ah-diepsiklusbattery, Victron-kragstelsel met 'n 25A-laaier, 360°-stoepent, breekware, 'n tweeklaasgasstoof, storttent en binnewasbak.

Prys R442 615

Kontak 083 609 6947 tuffcats.co.za
jaco@tuffcats.co.za



MBADA NOVA



BEGIN JOU NUWE AVONTUUR IN DIE
NAYELA OKAPI, LUKS
 EN VEELSYDIG MET WATERDIGTE BAKWERK
 EN INNOVERENDE, ESTETIESE ONTWERP.

VESELGLAS MONO-DOP BAKWERK.



okapiX



SKAKEL JOU NAASTE HANDELAAR

SONPARK CAMPING & LEISURE

013 492 2996
 MYSTIC RIVER-SINGEL 3
 RIVERSIDE PARK
 NELSPRUIT 1200

LOFTUS KARAVANE

011 792 1456
 REPUBLIEKWEG & RABIESTRAAT 150
 FONTAINEBLEAU
 RANDBURG 2023

PROQUICK LEISURE

082 666 5605
 STEVE BIKOSTRAAT 1153
 WONDERBOOM-SUID
 PRETORIA

CARA-CAMP CARAVAN & OUTDOOR CENTRE

021 852 8215
 SOMERSET-WES BUSINESS PARK,
 NET AF VAN DIE N2 IN
 SOMERSET-WES

TUINROETE WOONWAENS

044 695 2602, 082 377 3297
 BOLTONSTRAAT 18, VOORBAAI,
 MOSSELBAAI

NAYELA

058 863 1027
 SALES@NAYELA.CO.ZA
 WWW.NAYELA.CO.ZA



VAGABOND

Vagabond het die laaste jaar of twee gekonsolideer met een model, die Rogue, maar om in die buitelandse vraag te voldoen is die vervaardiging uitgetraakteer aan Profibre, 'n maatskappy wat hom toespits op veselglasprodukte van gehalte aan vooraanstaande vervaardigers. (Omtrent die helfte van die Rogue-eenhede word uitgevoer na lande soos Australië, Nieu Seeland en Engeland, met die res wat plaaslik versprei word.)

Die Rogue se veselglasgietsvorms is boonop vernuwe, wat die kans gebied het om ander veranderinge aan te bring. Waar voorheen slegs veselglas gebruik is vir die kaste, is daar nou in van die kaste aluminium. Van die rakke is ook groter.

Die mikrogolfoond maak plek vir

die 16 stuk-breekwarestel. Die binnekant is ruimer en 200 mm langer – die matras is 2,05 x 1,5 m.

Die venster se skarniere is vervang met "geheueskarniere" – jy kan dus die venster oopswaai tot op enige hoek en dit bly net daar.

Die Rogue kom kampgereed en sluit die volgende toerusting in: die 270°-afdak, grondseil, 50 l-ys-vrieskas, 16 stuk-breekwarestel, 60 l-watertenk, koningingrootte bed, stoof, muskietgaas voor die deure en vensters, en blindings.

Die lys van meer as 15 opsionele ekstras sluit in 'n storttent (R2 500) en 1 000W-omskakelaar (R5 195).

Prys R259 000

Kontak ☎ 074 601 0271

✉ explore@vagabondsa.co.za

🌐 vagabondsa.co.za



ADVENTURE XTREME

Die Samurai, Adventure Xtreme se nuutste model, is die eerste van dié vervaardigers se waens met 'n binnebadkamer. Die deur is by die stert, met die badkamer regoor jou teen die oorkantse paneel wanneer jy inklim. Die badkamer het 'n borshoë skuifdeur voor met die wasbak en toilet in die eerste deel, en die aparte stort-hokkie langs dit. Die hokkie het 'n seilflap wat toerits om die water binne te hou. Die bed is in die voorste deel, en die koppenent se kant gly soos 'n laai uit buitentoe.

Standaarditems sluit in 'n Dometic-kassettoilet, gasstoof, lugreëlaar, drankkabinet, 'n Victron- elektriese stelsel (met 'n 200Ah-litiumbatterij) met 'n sonpaneelstelsel, geiser (gas-elektries), 'n waterpomp en spesiale vellings.

Prys R495 000

Kontak ☎ 082 775 5346

🌐 adventurextreme.co.za

EAST RAND CARAVAN WORLD

CNR/ ELIZABETH & NORTH RAND ROAD * BOKSBURG * GAUTENG



It's time to escape! **011-025 7639** www.eastrandcaravans.co.za

ENKULU 3

LUUKS & RUIM

Skakel ons nou!
011- 025 7639



INFANTA 4x4





ELXV

Elite Luxury Offroad Vehicles het verlede jaar onder meer sy Spoor- en Ghari-modelle ten toon gestel. Vanjaar kom die Ng'Ombe, die vlagskip met slaapplek vir tot vyf mense, by.

Die koningingrootte eilandbed is links soos jy by die deur inklim, met 'n klein "sitkamer" regs wat 'n werkblad, kaste en 'n wasbak insluit. Daarnaas en regs is die aparte stort- en toilethokkie met drie stapelbeddens oorkant dit. Langsaan is die 230ℓ-staanyskas.

Daar's 'n ys-vrieskas (90ℓ) en tweeplaat-gasstoof in die buitekombuis.

Die Victron- elektriese stelsel sluit in die 3000W-omskakelaar, DC-DC-laaier en MPPT-50V-45A-sonpaneelreëlbaar met vier sonpanele (gesamentlik 1300W).

Kopers het 'n nuwe opsie by die Ghari 4.7-model. Die yskas regs in die deur skuif na die oorkantse paneel, wat ruimte laat



vir 'n badkamer. Die spatkamer in die agterste hoek word dus 'n vertrek met twee hokkies: Die toilet en wasbak in die een, met die stort op sy eie.

Pryse Ng'Ombe R1000 000;
Ghari 4.7 R725 000

Kontak 084 550 2820 of 082 444 2850
info@elxv.co.za elxv.co.za



NAYELA

Nayela se nuwe Sahara X word gebou met die oog op moontlike uitvoere na Australië, maar hy is ook plaaslik beskikbaar.

Hy stem grootliks ooreen met die Okapi, maar daar is wel 'n paar veranderinge: Die twee rubberasse word met onafhanklike vering vervang, en dit sluit in twee skokbrekers en 'n kronkelveer per wiel. Die noodwielrak aan die agterkant is standaard, terwyl dit in die Okapi opsioneel is.

Die vier binnekasdeure wat in die agterkant van die buitekombuis oopmaak, word vervang met twee groter deure. Die Sahara X kry ook 'n ekstra dwars kassie bo die twee nuwe deure. Pleks van die los plastiektrappie kry die Sahara X die Thule-trappie wat van die onderstel se kant af uittrek. Die Sahara X kry ook 'n klein neuskas wat goed is vir gereedskap en 'n gassilinder aan elke kant.

Twee klein kassies kom by net bo die wiele. Dit is aan die kant waar die bed uitgly.

Prys R740 000

Kontak 058 863 1027 info@nayela.co.za nayela.co.za



ECHO

Echo se Chobe-model is beskikbaar vir twee of vier mense, en elkeen is beskikbaar in die Legend- of Tec-variant. Maar as jy op soek is na 'n eenvoudiger weergawe, is die splinternuwe Chobe Urban vir jou.

Wat die Urban onderskei, is dat jy hom met 'n gewone rybewys mag sleep. Boonop weeg die Urban 750 kg en kom sonder remme, terwyl die ander modelle 'n BVM van 1 500 kg het. Hy het 'n nuwe onderstel en die wiele is ook kleiner (14"). En waar sy broers volbloed-veldrywaens is, is die Urban eerder gemaak vir grondpad.

Die Urban se bed slaan oop oor die neuskas (wat kleiner is as die ander modelle s'n), én daar is 'n bykomende enkelbed wat ingerig is langs die regterpaneel wat solied is en deel vorm van die romp. Jy het selfs 'n keuse om een hangbed (1,5 x 0,6 m) bo die enkelbed in te rig as jy slaapplek vir twee kinders moet hê.

Die Urban het 'n basiese 12/220V-kragstelsel met 'n 74 Ah-battery en 'n Victron-laaier (10 A). Breekgoed vir ses mense plus die 270°-afdak is standaard.

Prys R189 000

Kontak 012 345 3333 of 021 910 3737

echoacc@echo4x4.co.za echo4x4.co.za



CHOBÉ URBAN



RISE

CASCADE

Die Rise is die vierde en nuutste Cascade-model, maar as jy vinnig kyk, kan jy hom maklik met die Roam verwar. Van buite af is die twee identities, selfs wat die afmetings betref.

Dit is die uitleg binne wat verskil. Die kas in die Roam waar jy die glase wegpak, is direk links van die deur. Die werkblad en mikrogolfoond is ook hier. Hierdie hele hoek maak in die Rise plek vir 'n tweesitplekbankie en 'n los tafel. Die glasekabinet skuif na die oorkant toe, terwyl die mikrogolfoond na die kas voor jou skuif.

Die Rise kry 'n dubbelbed pleks van die koningingrootte bed in die Roam. Albei is die eilandsoort.

Toerusting soos die lugreëlaar, badkamer met aparte stort en toilet, 30 l-geiser, die 110 l-watertank, die uitgly-buitekombuis met 'n induksieplaat, 12V-binne- en buiteligte is standaard op die Rise sowel as die Roam.

Prys R495 000

Kontak 082 926 0377/8

cascadeleisure.co.za

info@cascadeleisure.co.za

>





CLASSIQUE



LEEFEK

Leefek het die Purple-reeks van die Penta en Exclusive laasjaar bekend gestel, en vanjaar kom die nuwe Classique by. Afhangende van die toerusting staan die variante voortaan bekend as die Grey (basies), Blue of Purple (volledig toegerus).

Die nuwe Classique is ruimer as die eertydse model en kom standaard met Enduro- onafhanklike vering. Die buitekom-buis is ook 'n nuwe byvoeging en sluit in 'n eenplaat-Snappy Chef-gasstoof.

Die standaard-eilandbed word nou 'n eilandbed wat dwars staan, met die koppen-

ent teenaan die linkerpaneel. Die Perspex-vensters word vervang met glas en die vloer-tot-dakhoogte is 50mm meer.

Van die standaardtoerusting sluit in twee diepsiklusbatterye, 'n 3kVA-omskakelaar, 30 l-Kwikot-geiser, kassettoilet, 60 l-watertenk, 20 l-mikrogolfoond en 157 l-yskas. Die badkamer is soortgelyk aan die vorige model, maar die waterstelsel is opgegradeer met konstante druk in die pype.

Prys R549 900 (Grey-model)

Kontak 080 001 4802 of 012 797 7300

leefek.co.za

info@leefek.co.za

OUTBOUND

Outbound is ook 'n nuwe vervaardiger wat laasjaar kom gesig wys het, en nou bied hy twee nuwe variante op sy Cyclone-model. Om voortaan tussen die verskillende weergawes te onderskei heet die oorspronklike Cyclone-model nou die Cyclone DB (vir *double bed*). Die SB (*single bed*) en FB (*folding bed*) is dus twee nuwe keuses. Die DB se deur sit agter in die romp en dieselfde geld vir die SB. Maar pleks van die dubbelbed kom dié model met twee enkelbeddens langs mekaar. Die voetgedeelte van elkeen (± 55 cm) slaan op om plek te maak vir 'n eethoekie.

Die FB verskil heelwat van die ander twee in die opsig dat

die deur links voor in die linkerpaneel sit. Die dak lig dus aan die voorkant en nie by die stert nie. Links soos jy inklim, is ook 'n ruim werkblad en die dubbelbed dan na regs. Die bed se koppenent vou wel uit, en hiervoor moet jy omstap na die agterkant. Hier swaai 'n paar deure – bo, onder en die kante – weg van die romp om 'n gedeeltelike kapsule te vorm; soortgelyk aan die uitslaanbeddens van Conqueror se UEV-reeks. Dis 'n verlenging van 700 mm buite die romp.

Prys Cyclone SB R253 000;

Cyclone FB R295 900

Kontak 011 974 5595

admin@kemptoncaravans.co.za

kemptoncaravans.co.za



CYCLONE FB



CYCLONE FB



CYCLONE SB



CYCLONE SB

'N NUWE VEL OM JOU OP SPOOR TE HOU

STANLEY®
SINCE 1913



Stanley en Mossy Oak®, die nommer een handelsmerk vir alles kamoeflering, bring jou hierdie nuwe, tydlose, taai-soos-'n-ratel

Legendariese Bottel en Sneller-aksie Reisbeker vir jou volgende jag, visvang of kampeer uitstappie.

Met 'n klassieke, oorspronklike Mossy Oak®-voorkoms, sal hierdie reeks jou herinneringe laat voortleef van jou eerste groot vangs, of tyd spandeer saam met familie en vriende om die kampvuur.

Of jy nou speel of werk, jou drankies sal warm (of koud) bly vir ure aaneen, danksy Stanley se dubbelwand-vakuum-isolasie.

BUILT FOR LIFE™

Beskikbaar by alle vooraanstaande buitelug- en gekeurde onafhanklike winkels. **Awesome Tools** is die eksklusiewe verspreiders van Stanley-produkte in Suid-Afrika.

Tel +27 21 981 6672   www.awesometools.co.za



DESTINATION

Destination het sy Wish-model aangepas en 'n bykomende model uitgebring, wat beteken die nuwe Magic is nou 'n tweede opsie as jy 'n enkelas-wa soek.

Die romp is 700 mm langer as dié van die Wish – om plek te maak vir 'n bankie (soos jy inklim regoor die deur). Die mikrogolf-

oond skuif buitentoe en kry sy eie kas links van die deur. In plaas van die Wish se dubbelbed kry die Magic 'n koningingrootte bed. (Die badkamer in die stert-gedeelte verander nie.)

Die Journey-model se badkamer is verander – die stort en toilet is nie meer in aparte

vertrekke nie, en die badkamer het nou 'n skuifdeur voor. Al is daar nou net een ingang vir albei geriewe, het die stort steeds 'n eie deur. Dit maak nou oop in die vertrek en nie in die gang nie. Saam met die badkamerkassie, wasbak (voorheen deel van die stort), spieël en toilet langsaan

het jy 'n heel 'n luukse badkamer. Toerusting soos 'n lugreëlaar en 100 Ah-diepsiklusbattery is standaard op albei modelle.

Pryse Magic R590 000; Journey R680 000

Kontak 016 366 1630/1

sales@destinationcaravans.co.za destinationcaravans.co.za



BUKSIE TRAILERS

Buksie Trailers was ook een van die nuwe gesigte by die skou, en jy kan sy Weekender met 'n gewone rybewys sleep.

Dit het 'n tarra van 420 kg en trek die skaal volledig toegerus op 600 kg – dit sluit dan toerusting soos die afdak, ys-vrieskas, 15"-magnesiumvellings, battery, gasstoof, mikrogolfoond, twee jerrykanne en die neuskas in.

Die onderstel is van staal wat 'n rubberlaag kry, en die romp se staalraamwerk word met aluminium oorgetrek.

Die Weekender se neuskas is groot genoeg vir een 40-60 l-ys-vrieskas en die kombuis-kaste – met plek vir onder meer 'n mikrogolfoond – is in die agterkant ingebou. Die werkblad is van vlek-vrye staal.

Die Weekender is 'n boswa in murg en been en jy het 'n opsie om remme by te voeg. Dit stoot die BVM dan op tot 1600 kg.

Prys R128 000 (basies) tot R204 000 (volledig toegerus)

Kontak 083 560 7581

info@buktietrailers.co.za

buktietrailers.co.za >



DO-IT-YOURSELF. LEATHERMAN BOND.

Vir diegene wat dit alles doen, kry 'n Leatherman wat dit alles doen. Die **LEATHERMAN BOND** veeldoelige gereedskap is gelaai met swaardiens kenmerke en maak 'n perfekte metgesel vir diegene wat elke dag skep, herstel en bou.



QUANTUM

As dit kom by sjieker pad-woonwaens, het Quantum 'n stewige voet in die deur. Jy kan uit nie minder nie as agt modelle kies waarvan een – die Comfort Country – laasjaar as sy eerste grond-padwoonwa bekend gestel is.

Die buitekombuis van dié model is intussen aangepas en jy word bederf met hope meer kombuiskaste én ruimte aan die buitekant.

Die gasstoof wat voorheen onder uit die Country se romp op 'n plat laai uitgetrek is, word nou 'n los eenheid, en die stoof, 'n tweeplaat-Snappy Chef, kry sy eie rak links van die werkblad.

Dit is 'n los eenheid wat in die kas daarnaas pas wanneer jy opslaai. In dieselfde kas is nou ook genoeg ruimte vir die mikrogolfoond.

Omdat die Country rondom



150mm hoër staan met sy 16"-wiele (die res van die reeks het 14"-wiele), is die wasbak laer geïnstalleer.

Soos met die Carnival-model is 'n los trap met 'n handreling standaard.

Prys R545 000

Kontak 011 914 1106

quantumleisure.co.za



UNIPOD

Unipod het sy eie weergawe van 'n traanvorm-wa bekend gestel: Die MicroPod XL, wat gemik is op paartjies. Die deur is agter, waar jy ruimte voor die bed het

soos jy inklim, want die dak lig bo die agterdeur soos 'n mosseldop – een kenmerk in van UniPod se modelle. Die bed is koningin-grootte. As dit by brutovoertuig-massa kom, het jy 'n keuse van 750 kg (vir 'n gewone rybewys) of 1 150 kg (sleeprybewys).

Die MicroPod is laag genoeg om in 'n standaardmotorhuis te pas. Vir so 'n klein wa is die buitekombuis verrassend groot. Omtrent die hele linkerkant is toe onder kaste, met meer as genoeg werkblaie. Die borde, bekere, messegoed en glase is alles netjies en stewig in 'n laai links voor met 'n sponsvorm gepak.

Van die standaardtoerusting sluit in 'n 360°-uitvouafdak, 1 m-glyraam vir die ys-vrieskas-, verskeie 12V-ligte, 100 Ah-diepsiklusbattery en 14"-wiele (nood-wiel ingesluit).

Prys R224 900

Kontak 072 192 2845

sales@unipod.co.za

unipod.co.za >

MADE IN
SOUTH AFRICA



DIS JOU WÊRELD VOEL TUIS



CAMPER - REEKS
Begin vanaf R9890.00



ADVENTURER - REEKS
Begin vanaf R3980.00



XT - REEKS
Begin vanaf R8750.00



Koop aanlyn – Gratis aflewering landwyd

Besoek ons vertoonlokaal of ontdek meer aanlyn
www.falksontents.co.za
+27 87 265 8114

Falkson
tents & outdoor



INFANTA

Infanta het sy Enkulu 3-model heeltemal vernuwe. Waar hy voorheen 'n vaste dak gehad het, kry jy nou 'n opwipdak wat elektries lig. Die deur skuif ook van agter af na die voorkant toe, en waar die bed voorheen binne die wa teen die neuskas was, is dit nou aan die agterkant. Dit is koningingrootte en skuif deels buitentoe.

Die eethoekie met sy twee leerbanke

staan waar jy inklim – dit kan slaapplek vir twee mense word as jy dit platslaan. Die spatkamer bly dieselfde.

Die lugreëlaar skuif van die neuskas na die stert. Die 120ℓ-watertenk is deel van die standaardtoerusting, en so ook die twee wasbakke, 105Ah-battery, 12V-waterpomp (met loodgieterswerk), 'n hoëdruk-13,5ℓ-geiser wat met krag óf gas

werk, 'n tweeplaatgasstoof en die Projecta-kragstelsel. Die spatkamer met sy wasbak, stort en elektriese spoelkasset-toilet is ekstra (R28 175), en dieselfde geld vir items soos die lugreëlaar (R15 525) en 19ℓ-mikrogolfoond (R3 910).

Prys R546 250

Kontak 028 512 3663 infanta4x4.co.za
info@infanta4x4.co.za



BUSH LAPA

Bush Lapa se Baobab 3 kry 'n nuwe gedaante – in twee variante. Waar die Baobab 3 'n uitslaanbed en 'n enkelbed binne het, word die uitslaanbed weggedoen en hy kry nou 'n koningingrootte binnebed.

Die Baobab 3 is dus nou beskikbaar as 'n Baobab 3i of 3is. Die 3i se kragpaneel is regoor die deur geïnstalleer teen die paneel voor jou, terwyl die 3is s'n tot in die deur skuif. Dit is omdat die 3is 'n ekstra deur regoor die bestaande een het wat jou toegang gee tot die storttent. Albei modelle is presies ewe groot (4,89 x 1,97 x 2,15 m) en die droë gewig is ook dieselfde: 1 190 kg. Dieselfde geld vir die BVM (1 800 kg), grondvryhoogte (350 mm) en vloer-tot-dakhoogte (2 000 mm).

Standaardtoerusting (op albei) sluit in die 270°-stoepdak, 15"-wiele, 'n swaardiens neuswiel, twee jerrykanne, 'n breekwarestel vir 6 en 14ℓ-gas-elektriese geiser.

Prys Baobab 3i R494 500;
 Baobab 3is R506 000

Kontak 021 870 1277
bushlapa.com

BORDER X

Border X het met een van die veelsydigste bos-woonwaens vorendag gekom: Die nuwe Outpost pas nou tussen die Expedition en Extreme in, en afhangende van die konfigurasie wat jy kies, is daar slaapplek vir tot 5 mense.

Die binnebadkamer is by die deur agter in die romp. Die middelste deel van die wa het kaste aan weerskante van die gang, en die hoofbed is by die neus.

As jy die weergawe vir drie mense oorweeg, kom 'n eethoekie in die agterkant by wat dan platslaan as die derde bed, of jy kan die enkelbed bo die middelste kas kies. Sô bly die hele badkamer behoue. In die een vir vier mense verloor jy die binnestort om plek te maak vir twee stapelbeddens as slaapplek, en as jy slaapplek vir vyf soek, verloor jy die hele badkamer om plek te maak vir twee stapelbeddens en 'n ekstra slaapplek bo die middelste binnekaste. Standaardtoerusting in die basiese Outpost sluit in twee watertenks (saam 135 l), 'n gasgeiser, tweeplaatgasstoof, Victron-laaier en die binnestort met sy wasbak.

Prys R499 900 (wa vir 2)

Kontak ☎ 082 929 0824 📧 [borderx.co.za](mailto:info@borderx.co.za)

📧 info@borderx.co.za



! Pryse het vir die duur van die skou gegeld en mag verskil van die gewone heersende handelspryse.



**Wat kos
bedwelmdede
werknemers
jou maatskappy?**

KONTAK GRATIS ASEMHALMEERTOETS



Alkohol en dwelm toets spesialiste
Verseker al langer as 40 jaar 'n veiliger werksomgewing

Ons verskaf apparate wat groot hoeveelhede mense vinnig en doeltreffend by die ingangs- en uitgangspunte van die perseel kan toets. Ons gebruik draagbare instrumente wat digitale uitleesings lewer sodat jy dit op afgeleë plekke kan gebruik en steeds onmiddellik gedrukte bewyse kan kry.

Ontdek waarom meer as 5000 ondernemings ons produkte en kundigheid gebruik vir beleidontwikkeling, regsadvies en naverkoopdiens.

➤ Bel +27 12 343 8114 vir hulp of besoek www.alcosafe.co.za vir meer inligting.

Wild Accessories se kappies nóg beter

Die buitlewetoerustingvervaardiger Wild Accessories rus nie op sy louere nie: Sedert die vorige vernuwing in 2021 het hy sy reeks bosbestande bakkiekappies verder versterk en verbeter.

Wild Accessories moes kort voor die Covid-19-pandemie na 'n groter fabriek verhuis – steeds in Silverton, Pretoria – om by te hou met sy groeiende produksielyn. Volgens die eienaar, Christiaan du Toit, streef sy maatskappy daarna om foutlose produkte te lewer, en elke opdatering is 'n tree nader aan dié mikpunt.

Dit is om dié rede dat Christiaan en sy span besluit het om die gebruiklike plastiekskarniere weg te doen wat jy in soveel kappies en boswaens aantref. Wild Accessories se nuwe skarniere het 'n pen van vlekvrystaal en huls van hoëdigtheidspoliëtileen (HDPE), 'n duursame materiaal met 'n hoë digtheid.



Buiten die sterker skarniere kry Wild Accessories se jongste kappies ook dakstawe wat deur middel van aluminiumekstrusie gemaak is – dit is 'n gevorderde vervaardigingstegniek waarin aluminium deur 'n gietstuk gaan om 'n bepaalde vorm aan te neem.

Christiaan sê sy span het boonop die stelsel herontwerp wat positiewe druk in die kappie skep om stof uit te hou sodat dit ook nou waterdig is.

Wild Accessories behou die veranderinge wat in 2021 aangebring is omdat klante tevrede is daarmee, maar het wel 'n nuwe vesellaser aangeskaf wat metaal akkuraater sny. Wild Accessories se kappie kan 400 kg op sy dak dra, en as 'n reël hoef jy geen nuwe gate in jou voertuig se laaibak te boor om die kappie aan te bring nie. Jy kan dit ook maklik verwyder, met basiese gereedskap.

Die kappies word behandel met gebakte poeierverf in vyf standaardkleure: swart, twee skakerings van wit en twee van grys. As jy egter wil hê jou kappie se kleur moet dieselfde wees as jou bakkie se bakverf, kan Wild Accessories 'n plan maak.

Kontak 012 771 7940

wildacc.co.za

info@wildacc.co.za

>



SUID-AFRIKA SE GROOTSTE BUITELUG & LEEFSTYL EKSPLO

Kaartjies nou Beskikbaar!

 ticketpro

2-4 JUNIE

Hartsfeld
PLAAS

www.outdoorx.co.za

- 12 Afdelings
- 600+ Top-gehalte uitstallings
- Karavane, sleepwaens, tente, toerwaens en kamp bykomstighede

SPEZIALE AANBIEDINGE!



Buitelug aktiwiteite, motorhandelaars, landbou, alternatiewe-energie oplossings, huis en tuis tent, wynproe, musiek optredes, helikopterritte, biertuin & nog **VELE MEER!**



Aangebied deur



Ander borge



Elektriese Sprinter



Mercedes-Benz is stelselmatig besig om al sy voertuie ook in 'n elektriese weergawe uit te bring, en hieronder tel die Sprinter-paneelwa, of dan eSprinter.

Voertuigombouers wat die Sprinter as 'n basis gebruik vir pasgemaakte ryhuise, krap moontlik hulle kop oor dié besluit, omdat batterykrag nie met langafstand-toere vereenselwig word nie.

Maar Mercedes-Benz sê hy het sy eSprinter getoets volgens die WLTP-siklus, 'n metode waarin 'n voertuig bestuur word teen vier snelhede wat wissel van 'n slakkepas tot 'n hoë spoed – en ook herhaaldelik gerem en versnel word – om alledaagse bestuurstoestande na te boots. In dié toets het die eSprinter 'n reikafstand van 400-500km gehaal voordat die battery herlaai moes word.

Die voertuig word vanjaar in Europa bekend gestel en sal na verwagting vroeg in 2024 na Suid-Afrika kom. Brandstof-aangedrewe Sprinters sal steeds beskikbaar wees vir diegene wat nie gereed is vir 'n elektriese voertuig nie.

Die eSprinter word aangedryf deur 'n 113 kWh-litium-yterfosfaatbattery wat krag stuur na 'n 150 kW-elektromagnetiese motor wat om die beurt 400 Nm wringkrak deur 'n spesiale agter-as na die agterwiele stuur. Die elektriese motor weeg 'n skamele 130 kg en is volgens Mercedes hoogs doeltreffend. In optimale omstandighede duur dit gemiddeld 42 minute om die battery van 10% tot 80% te herlaai met 'n 115 kW-snel-laaier wat 400V teen 300A aan die eSprinter kan lewer.

Vat vyf, Jimny!

Die Suzuki Jimny kry een van die dae twee ekstra deure by. Die vyfdeur-Jimny is 360 mm langer as sy tweedeurspanmaat en die asafstand is 340 mm langer.

Die nader-, oorkruis- en vertrekhoek is onderskeidelik 36°, 24° en 50°, terwyl die kordater tweedeurweergawe se ooreenstemmende syfers 37°, 28° en 48° is. Albei weergawes kry Suzuki se AllGrip-deeltydse viertrekstelsel en die 1,5 l-petrolenjin gekoppel aan óf 'n 5 spoed-handrat- óf 4 spoed-otomatiese ratkas.

Suzuki sê sy vyfdeur-Jimny het 'n groter laairuim – "groter" is egter 'n relatiewe begrip aangesien 'n Jimny nie bekend is vir sy ruim pakplek nie. Diegene wat die agtersitplekke verwyder, gaan egter nou makliker hulle honde of kampgoed in en uit kan laai.



Velar raak groen-erig

Die luuksevoertuigvervaardiger Range Rover se Velar P400e is pas opgeknip met 'n groter raakskerm en leervrye sitplekbekleedsel wat deur die Deense tekstielvervaardiger Kvadrat gemaak word. Die bekleedsel is glo 'n soort dierevriendelike wol wat ongeëwenaarde weelde aan insittendes bied.

Die kajuit is stiller as voorheen danksy geraaskansellerende luidsprekers, en PM2.5-filters suiwer die

lug vir jou gerief. Danksy 'n groter 19,2 kWh-litiumioonbattery wat jou in staat stel om 64 km ver te ry sonder om na die 3 l-reguitsessilinder-binnebrandenjin oor te skakel.

Om die battery van pap tot op 80% te laai met 'n 50 kW-snellaaier, gaan sowat 30 minute duur, en as jy hom by jou huis by 'n 7 kW-laaier inprop, behoort dit rondom twee en 'n half uur te neem om die battery op 100% te kry.



Die Honda Quest is terug

Die uitdagende spanboukompetisie die Honda Quest True Adventure keer vanjaar terug na Suid-Afrika. Deelnemende spanne kan hulle regmaak vir sand, klippe, modder en grondpaaie terwyl hulle met Honda Africa Twin-avontuurmotorfietse meeding.

Inskrywings (met 'n motivering waarom jy gekies moet word) open op 1 April 2023 en sluit twee weke daarna. Nadat al die inskrywings ontvang is, sal 'n paneel 200 kandidate kies wat van Junie tot Augustus hulle ryvernuf aan die keurders moet bewys. Altesame 30 semifinale sal gekies en getoets word vir onder meer hulle veldkennis, algemene kennis, meganiese aanleg en geografiese evaluasies.

Uiteindelik sal 14 avontuurryers kragte meet in die Honda Quest True Adventure 2023 – en die wen-span ry weg met die einste Honda CRF1100 Africa Twin-motorfietse waarop hulle deelgeneem het.

Kontak  facebook.com/Honda-WingSA  honda.co.za/motorcycles



Amarok se pryse is in

Die Volkswagen Amarok-dubbeltakuit is nou by handelaars landwyd beskikbaar en die pryse is soos volg:

• Amarok 2.0 TDI 110 kW 5 spoed-handrat	R599 000
• Amarok 2.0 TDI 125 kW 6 spoed-handrat	R650 500
• Amarok 2.0 TDI 125 kW 4MOTION 6 spoed-handrat	R721 500
• Amarok Life 2.0 TDI 125 kW 6 spoed-handrat	R683 500
• Amarok Life 2.0 TDI 125 kW 4MOTION 6 spoed-handrat	R738 000
• Amarok Life 2.0 TDI 125 kW 4MOTION 6 spoed-uito	R760 000
• Amarok Life 2.0 BiTDI 154 kW 4MOTION 10 spoed-uito	R825 500
• Amarok Style 2.0 BiTDI 154 kW 4MOTION 10 spoed-uito	R900 000
• Amarok Style 2.0 BiTDI 154 kW 4MOTION 10 spoed-uito (Comfort)	R919 500
• Amarok Style 3.0 TDI V6 184 kW 4MOTION 10 spoed-uito	R966 000
• Amarok Style 3.0 TDI V6 184 kW 4MOTION 10 spoed-uito (Comfort)	R985 500
• Amarok PanAmericana 2.0 BiTDI 154 kW 4MOTION 10 spoed-uito	R987 000
• Amarok PanAmericana 2.0 BiTDI 154 kW 4MOTION 10 spoed-uito (Comfort)	R1 017 000
• Amarok PanAmericana 3.0 TDI V6 184 kW 4MOTION 10 spoed-uito	R1 053 000
• Amarok PanAmericana 3.0 TDI V6 184 kW 4MOTION 10 spoed-uito (Comfort)	R1 083 000
• Amarok Aventura 3.0 TDI V6 184 kW 4MOTION 10 spoed-uito	R1 105 000

Die enkelakuit-Amarok word aanstaande maand bekend gestel en die pryse daarvan was teen druktyd nog nie bekend nie.



Grondpad tussen die 'daisies'

Namakwaland se blommeseisoen duur van Julie tot Oktober – met die hoogtepunt rondom einde Augustus. Jy moet terstond blyplek bespreek as jy vanjaar se blommeprag wil beleef. Ry kuier-kuier saam met ons van Kakamas tot op Nieuwoudtville terwyl ons blomme soek.

Teks en foto's **Cyril Klopfer**


Die N14-snelweg strek loodreg deur die Groen-Kalahari. Kokerbome waak op 'n vaal geel grasvlakte en die teerpad suis onder jou trokkie se wiele terwyl jy droë rivierlope oorsteek. Die naamborde daarvan flits verby: Hartbees, Yas se Laagte, Kaboep... uit die rooi riviersand verrys sneeuwit gousblomme, so al asof hulle dankbaar is vir die onlangse winterreën.

Jy't gister amper 900 km uit Gauteng afgelê tot op Kakamas in die Noord-Kaap. Dit was ook maar goed jy't by die Kakamas-hotel aangeklop, want wie's lus om ná so 'n lang dag tent op te slaan?

Ons gaan beslis kamp op hierdie toer, maar jou gerieflike hotelkamer het jou die kans gebied om jou kamera se batterye te laai en doodseker te maak die geheuekaart is almal skoon. Die hotel

se restaurant het boonop skaapstertjies (R69) voorgesit, 'n Karoo-lekkerny wat drup van die vet. Diep lekker!

Maar nou is ons op pad Namakwaland toe. Die eerste dorp ná Kakamas is Pofadder, waar die veldblomme langs die pad al hoe weliger begin raak. Uiteindelik is dit tyd om jou veldblomgidsboek uit die paneelkissie te haal, want 'n mens raak



nuuskierig oor watter blomme jy te siene gaan kry.

Die bloeiwyse van een soort plant is goudgeel blomblare met donker kolle rondom die kern, en die gidsboek dui hom aan as *Gazania lichtensteinii* of, in die volksmond, kougoed. 'n Ander een is 'n soort vygie en sy liggeel blomme het fyn repies vir blaartjies – jou gidsboek noem hom *Malephora crassa* of geelvinger-tjies. Die volksname is te pragtig.

Soos ons Springbok nader, is die veld oortrek met groen en geel stinkskaapbos (*Tripteris oppositifolia*), en plek-plek koeke-loer nooienskokerbome (*Aloe ramosissima*) oor die kliprantjies.

Op die buiterand van Springbok, een van die Noord-Kaap se groot dorpe, draai jy links op die R355-streekpad en volg die

padaanwysers tot by die Goegap-natuur-reservaat. In verlede jaar se Oktober-November-uitgawe het ons oor die 4x4-roete in die reservaat geskryf, maar in kort wag die volgende op jou: Nadat jy R300 per voertuig en R30 p.p. betaal het, volg jy vyf roetes wat wissel van maklik (die Ribbokkop-sirkelroete) tot betreklik uitdagend (die Bloumynroete). Jy't viertrek of ten minste 'n ewenaarslot nodig as jy die hele park wil sien, en dis onwaarskynlik dat jou voertuig se bakverf sal krap. Die reservaat op sigself is die moeite werd, maar dis slegs 'n voorsmaak van wat oor die volgende paar dae op jou wag.

Nadat jy die Goegap-natuurreservaat goed deurgekyk het, is dit tyd om af te saal vir die dag. Maak 'n draai in Springbok se middedorp – hier's winkels

waar jy proviand kan aanskaaf – en volg Voortrekkerstraat deur die dorp tot by die Namastat-lodge-en-woonwapark aan die buitewyke.

Namastat se kampterrein het 25 afgebakende staanplekke wat een ablusieblok deel, plus 'n halfdosyn selfsorgeenhede met lugreëling. Hoewel hier klossies gras by die staanplekke is, kamp jy meestal op harde sand, in die koelte van 'n kareboom. Elke staanplek het elektrisiteit (gewone huishoudelike sokke), kraanwater en 'n geboude braaiplek. Die rede waarom ons Namastat se kampterrein bo Springbok se munisipale woonwapark verkies, is omdat laasgenoemde teenaan die N7-snelweg lê en raserige vragmotors dag en nag heen en weer tussen Suid-Afrika en Namibië ry. >

Goeie môre! Vandag sluit ons by die N7 aan en volg dié hoofroete tot ons 'n padpredikant vir Hondeklipbaai en Soebatsfontein aantref (S29.76767 E17.83499). Draai hier regs op 'n grondpad.

Die eerste grondpadbergpas se naam is Nantespas, gevolg deur die Messelpadpas. Naby die hoogste punt van laasgenoemde (op 400m bo seespieël) sal jy 'n aftrekplek kry (S29.89931 E17.66145). Doer onder naby die loop van die Buffelsrivier lê die bouval van 'n ou tronk. Die tweespoorpad tot by die ruïne is erg verspoel en dit sit nie in enige voertuig se broek om dit baas te raak nie. As jy twyfel in jou voertuig se veldryvermoë, kan jy die tweespoorpad stap – dit is sowat 500m afwaarts tot by die puin van die gevangenis.

Van 1869 af is hier gevangenes aangehou, en hulle is gebruik om die bergpas se te bou wat jou tot hier gebring het. Namakwalanders deel graag 'n staaltjie oor 'n Duitse bewaarder wat toesig moes hou oor die bandiete: Op 'n dag het die Duitser se vrou per skip op Hondeklipbaai

aangeland. 'n Bode is vooruit gestuur om die tronkbewaarder te laat weet dat sy wederhelfte 'n verrassingsbesoek kom aflê het. Die bewaarder – wat teen dié tyd 'n buite-egtelike verhouding met 'n Namavrou aangeknoop het, het sy rewolwer uit die holster getrek en homself in die kop geskiet. Die bandiete het laat spaander, en dié wat voëlvy kon bly, het hulle mettertyd op die nabygeleë Soebatsfontein gevestig. Die tronk het glo kort daarna gesluit.

Ons kon nie bevestig of dié storie waar is nie, maar dis lekker om te luister hoe Namakwalanders die staaltjie met soveel oorgawe vertel.

Die volgende grondpadbergpas is die Wildeperdehoekpas met sy pragtige uitsig oor die kusvlakte. Kyk veral na die derduisende vreemde kolle in die veld, elkeen sowat 20m in deursnee: Namakwalanders verwys daarna as die heuweltjies (of kraaltjies) – dit is veroorsaak deur die termietspesie *Microhodotermes viator* wat tussen 4000 en 30000 jaar gelede

hulle toringhoë neste hier gebou het. Die termiethope is intussen tot niet, maar die insekte het die grond se pH-vlakke só verander dat die plante wat deesdae op die kolle groei, verskil van die omliggende plantegroei.

Aan die onderpunt van die Wildeperdehoekpas is 'n padpredikant vir Soebatsfontein, Koiingnaas en Hondeklipbaai – volg die rigtingwyser Soebatsfontein toe.

As jy by Soebatsfontein aankom, vra waar die Skilpad-reservaat se ingangshek is wat deel vorm van die Namakwaland-nasionale park. Hier is wel borde wat jou in die regte rigting sal stuur. Die hek is dikwels onbeman, selfs in blommetyd, en jy moet jouself inlaat – trek net weer die hek agter jou toe. Ry nou deur die nasionale park se hoogliggendste deel, ook bekend as die Dak van Namakwaland, en mettertyd word jy omring deur plate oranje gousblomme.

Die Skilpad-reservaat is 'n mekka vir blomfotograwe danksy Colla Swart en haar Kanadese vriend Freeman Patter-



son. Dié twee vriende het fotografieslypskole in Colla se nabygeleë geboortedorp, Kamieskroon, aangebied, en hulle is deels verantwoordelik vir die internasionale bekendheid van Namakwaland se blommeprag.

Tannie Colla, wat in 1930 gebore is, woon egter lank nie meer op Kamieskroon nie – die laaste wat ons gehoor het is dat sy by haar kinders op Piketberg ingetrek het.

Van die drie groot blombestemmings – Goegap, Skilpad en Nieuwoudtville (later meer oor dié dorp) – het Skilpad met ons besoek die minste blomme gehad, en ook die kleinste verskeidenheid. Dis egter 'n besoek werd, selfs al is dit bloot om 'n regmerk op jou emmerskoplys te maak.

Stop by Skilpad se ontvangsgebou en betaal vir 'n permit – met ons besoek was dit R50 p.p. – hoewel jou besoek aan die park reeds verby is. Nou ry ons uit by die hoofhek en vat die pad Kamieskroon toe. Hier is twee kampopsies: die Kamieskroon-hotel se kampterrein en die Verbe-woonwarpark. Veral laasgenoemde is gewild – met ons besoek was die plek volgepak met ryhuise en woonwaens waarop nommerplate van reg oor die land pryk.

Nou hou ons egter verby, want dis gans te vroeg in die dag om tent op te slaan. Op die buiterand van Kamieskroon, tussen die dorp en die hotel, sal jy 'n padpredikant aantref wat jou stuur na Leliefontein en Gamoep. Die grondpad neem jou oor die Kamieshoogtepas >

“

Die reservaat op sigself is die moeite werd, maar dis slegs 'n voorsmaak van wat oor die volgende paar dae op jou wag.

”



HUIS-HUIS. Avontuur-bakkies (bo) en skilpaai (links) het een ding in gemeen: Hulle dra hulle huis op hulle rug. Die Goegap-natuurreservaat is 'n merkwaardige plek met pragtige landskappe om elke hoek en draai.



Sodra die laaste kole in die braaiplek uitgebrand is, sien jy die Melkweg met sy ontelbare sterre bo jou.



met 'n aanskoulike uitsig op die Kroon van Kamieskroon – 'n kronkelende spits wat jou aan 'n draairoomys laat dink.

Volg die grondpad verder oor die toevalgenoemde Draaiklippas tot op die gehuggie Leliefontein. Hier is nie veel te sien of doen nie, en ons stryk eerder aan oor die Groenkloofpas en sluit mettertyd by die R355-grondpad aan. Draai hier regs by die Platbakkies-gasteplaas (hier hang 'n motorfiets aan 'n windpomp...) en volg die grondpad vir 33 km tot by 'n T-aan-sluiting met die R358. Draai regs by die padpredikant wat jou na Kliprand stuur.

Kliprand is 'n skilderagtige dorpie in 'n kloof met witgekalkte huisies tussen plate blomme so ver as wat die oog kan sien. Hier is geen lekefotografie wat selfies neem en TikTok-video's maak nie. Ware entoesiaste knipoog vir mekaar in solidariteit, want Kliprand se blomme is 'n geheime plek onder blomkykers. Wie weet, jy kry dalk raad oor waar jy die mooiste foto's kan neem.

Kankerbos (*Sutherlandia frutescens*), wat van Junie tot Desember blom, groei besonder geil op Kliprand. Dié wonderplant het talle medisinale gebruike: die Namas het dit destyds gebruik om wonde skoon te maak en koors te breek. Die trekboere van ouds het dit gebruik om maag-aandoenings hok te slaan en maandstondepyne te verlig. Deesdae word die plant getoets as 'n kuur vir kanker en as 'n immuunversterker teen tuberkulose en MIV/vigs.

Skaars 8 km buite Kliprand draai jy links af, terug op die R355, in die rigting van Loeriesfontein. Die R355 loop mettertyd dood in die R357-teerpad waar jy regs draai in Nieuwoudtville se rigting – jy is nou in die Knersvlakte. Volgens oorlewering kom die naam uit die geluid wat die wiele van ossewaens gemaak het op dié kwartsbesaaide vlaktes. 'n Ander verduideliking is dat die trekboer Willem Kneg eintlik vernoem is, en dat "Kneg se vlakte" mettertyd Knersvlakte geword het.

Ry nou oor Koopmanskloof se Hoogte,

'n vlak bergpassie, tot jy 'n padteken vir Kuboesberg-wildplaas aantref (S31.24356 E19.20119). Die grondpad loop styf teenaan die Doringrivier, en ná 19 km kom jy by die hek vir die wildplaas. Op dié lieflike Karoopaas is Carl van Heerden en Rose-Mare Venter jou gasheer en -vrou. Lekkerder gaan jy nie sommer kuier nie, want by die opstal is tientalle afleidings soos 'n grootskerm-TV, wifi, 'n **pool**-tafel, pizzaoond én 'n winkel waar jy lekkernye soos fudge en dadelbolletjies (R25 per pakkie) kan koop.

Ons wou egter die stilte van die Knersvlakte geniet, en ná 'n kort kuiertjie by Carl en Rose-Mare is ons weg na die Koedoekamp toe, diep in die voue van die Bokkeveldberg. Hier is 'n siersteengebou-tjie met 'n stort, spoeltoilet, wasbak en buitekombuis met warm water wat deur 'n donkie verhit word.

Sodra die laaste kole in die braaiplek uitgebrand is, sien jy die Melkweg met sy ontelbare sterre bo jou. Vanaand slaap jy soos 'n klip.

Dit is swaar om te groet, want ons het so lekker gekuier by Carl en Rose-Mare. Helaas ry ons terug na die R357-streekpad toe, maar dié slag draai ons weg van Nieuwoudtville af, in die rigting van Karooboombolk, en ná 2 km volg ons 'n padteken vir die Gannabos-kokerboomwoud op die Rondekoppad.



Daar is talle plase in Suid-Afrika én Namibië wat plegtig belowe hulle kokerboomwoud is die grootste en digste, maar Gannabos s'n is besonder indrukwekkend. Die kokerbome hier (*Aloidendron dichotomum*) groei só goed dat dit amper lyk of Sappi 'n plantasie van dié geharde aalwyne aangeplant het.

Volg die Rondekoppad oor die Hantamsrivierpas en om Brandkop en Klipkoppies tot digby Nieuwoudtville op die borand van die Bokkeveldplato. Voor jy die dorp binnery, sal jy die munisipale Nieuwoudtville-veldblomreservaat aan jou regterkant gewaar. >






GRONDPADGENOT. Stofpaaie is lekker paaie, want hulle neem jou na interessante plekke toe, soos Soebatsfontein (bo), die Wildeperdehoekpas (onder) en Kliprand (heel onder links) waar witgekalkte huisies tussen plate gous-blomme staan.



ARCTOTIS ACAULIS
RENOSTERGOUSBLOM




“

Jy kan amper nie die grond sien nie, want álles is oortrek met goudgeel gousblomme. Maar as jy hurk, sien jy ook pers sambreelastertjies (*Felicia australis*) en witeendekos (*Cotula nudicaulis*) onder die hemelsbreë plaat goue *Asteraceae*.

”







Jy kán met jou bosbakkie deur die reservaat ry – toegang met ons besoek was R31,40p.p., maar dis meermale beter om jou ryding iewers te los en deur die veld te stap, want dan sien jy soveel meer.

Neem jou gidsboek saam, want hier gaan jy naslaanwerk doen tot die boek se blaaie én jou tone omkrul van lekkerkry.

Die veldblomreservaat se laagliggende grasvlakte is oortrek met spierwit jakkalsbos (*Osteospermum pinnatum*) wat soos sneeu op die gras lê. Dit is egter nie die enigste wit blommetjie nie, want die gidsboek wys ook Nama-kwalandse madeliefies (*Dimorphotheca sinuata*) en wildemagrietjies (*Dimorphotheca nudicaulis*).

Maar volgens ons groei die mooiste blomme op die kliprantjie aan die bokant

van die reservaat. Hier pronk helder-kleurige bontviooltjies (*Lachenalia mutabilis*) met pers, geel en rooi kelkies op dieselfde stingel, ook die seldsame rooi-katstert (*Bulbinella latifolia* var. *doleritica*) wat amper net soos die geelkatstert lyk behalwe dat sy blom en stingel oranje-rooi verkleur word deur Nieuwoudtville se rooi dolerietkleigrond. Hier groei ook veldkool (*Trachyandra falcata*) wat, soos jy uit die naam aflei, eetbaar is, asook stomphorinkies (*Diascia cardiosepala*) met delikate pienk kelkblare.

Dis heerlik hier en ons raai jou aan om minstens 'n paar dae op Nieuwoudtville te bly. Volg die dorp se hoofstraat, Voortrekkerstraat, en koop varsgebraaide askoek met kaas- en konfytvulsels langs die pad – ook skuinskoek! Die hoofstraat

word aan die buitewyke van die dorp die Oorlogskloofpad – dié neem jou suid in die rigting van Clanwilliam, maar ons gaan nie al die pad soontoe nie.

Altesame 12km suid van Nieuwoudtville is die Matjiesfontein-padstal. Reisigers van reg oor Suid-Afrika en die buiteland drom hier saam en die parkeerplek is tjokkenblok vol met private voertuie en toerbusse. Hier kan jy aansit vir moerkoffie of afval vir middagete (R60 per bord met ons besoek), maar ons sien nie kans vir die losgemaak nie en mik eerder na die hoogtepunt van ons reis: die blomme.

Die blomme by dié padstal is ongetwyfeld die indrukwekkendste op Nieuwoudtville wat betref hoeveelheid. Jy kan amper nie die grond sien nie, want





LACHENALIA MUTABILIS
FRAAIVIOOLTJIE

alles is oortrek met goudgeel gousblomme. Maar as jy hurk, sien jy ook pers sambreelastertjies (*Felicia australis*) en witeendekos (*Cotula nudicaulis*) onder die hemelsbreë plaat goue *Asteraceae*.

Bosbakkies trek laer en piekniek-mandjies kom te voorskyn terwyl opgewonde vroue tussen die blomme poseer vir foto's.

Matjiesfontein het die meeste blomme, ja, maar jou eindbestemming op hierdie roete het óók blomme, en daar gaan die veld minder vertrap wees. Volg die Oorlogskloofpad verder suid – 7 km van Matjiesrivier af virk die pad dan met die Oorlogskloofpad na links en die Moedverloofpad na regs. Gaan regs – ná slegs 2 km kom jy by die ingang van



LAASTE DAG. Jou roete eindig op Nieuwoudtville waar jy waarskynlik die meeste blomme gaan sien. Doen gerus moeite om Papkuilsfontein se Oorlogskloofrivyn (middel bo) te besoek. Dit is 'n verrassende toneel in 'n andersins plat landskap.

Papkuilsfontein uit.

Dié vakansieplaas se blomme is nie so treffend as die Matjiesfontein-plaas-stal s'n nie, maar tog lyk die prag hier meer natuurlik, met gousblomme wat die middelmannetjies van tweespoor-paaie volstaan en geploegde landerye opkikker. Die fynbos is aanskoulik met wabome (*Protea nitida*) en suikerkanne (*Protea repens*) wat die veld versier.

Ry een laaste draai met Papkuilsfontein se 4x4-roete tot op die rand van die Oorlogskloofrivyn ('n klein Blyderivier-canyon) en mik dan na jou staanplek op die vakansieplaas. Elke staanplek het sy eie private badkamer en kombuis. Terwyl jou vuur se vlamme hemelwaarts lek, vergelyk jy die foto's wat jy met jou digitale kamera geneem het met >



Ek wil ook gaan!

Kan ek op my eie ry? Ja, die paaie is taamlik besig dié tyd van die jaar, want mense kom van heinde en ver om te kom blomme kyk.

Hoe lank? Die roete soos ons hom hier bespreek, is 900 km lank en duur sowat 3 dae indien jy jouself genoeg tyd gun om die blommetjies mooi te bekyk.

Waarmee moet ek ry? Dis meestal gawe grondpad, maar hier en daar – soos op Goegap se 4x4-roete – moet jy viertrek inhaak.

Hoeveel brandstof het ek nodig?

Die langste afstand tussen vulstasies is 300 km (Kamieskroon tot Nieuwoudtville) en jy kan jou jerrykanne dus by die huis los.

Mag my hond saamry? Die Goegap-natuurreservaat en Namakwa-nasionale park laat ongelukkig nie troeteldiere toe nie.

Watter noodtoerusting moet ek pak? Altyd 'n bandherstelstel – en 'n sleeptou en oorleikabels kom soms handig te pas.

Kan ek motorfiets ry hier? Inderdaad. Die Namakwa-nasionale park laat egter slegs avontuurfietse toe (soos 'n GS), maar geen veldfietse of quads nie.





dié in jou gidsboek. Is jy seker jy't daai blom reg geïdentifiseer? Het jy nie dalk 'n kleinganskos (*Cotula barbata*) verkeerdlik aangesien vir 'n kleinperdekaroo (*Oedera genistifolia*) nie? Hulle lyk tog so eenders...

Dit maak nie regtig saak nie, want mooi bly mooi, en vir 'n paar dae bevind jy jou op die mooiste plek op aarde.

En dan, onverwags, stap 'n buurman verby en noem in die verbygaan dat hy

WARM VOETE. 'n Joernalis sit en dink of hy sy redakteur moet vra of hy 'n ekstra dag kan afkry om hier in blom-meland deur te bring. Hy't immers nog nie 'n foto van 'n koekemakranka gekiek nie. (Pleks vra jy. – Red.)

koekemakranka (*Gethyllis campanulata*) naby die Hantam- botaniese tuin gesien het. So by my kool! Jy sal inderdaad 'n ekstra dag moet aanbly... óf volgende jaar terugkom om ál Namakwaland se blomskatte te ontdek.



DROSANTHEMUM LATIPETALUM
KARODOUVYGGIE

BOEKKENNIS

Jy het dalk opgelet dat ons twee soorte plantname in hierdie artikel gebruik: gewone name (of volksname) en botaniese name (of wetenskaplike name).

Elke volksnaam vertel 'n kultuurstorie van hoe die plant gebruik is of waaraan dit die ontdekker herinner het. Gewone name kan egter onakkuraat wees, want daar is byvoorbeeld meer as een soort magrietjie, of *lily* (in Engels) en *umdubu* (in Zulu).

So oulik en beskrywend as wat gewone name dus is, gebruik botaniste ook formele botaniese name om spesies uit te ken. Die eerste deel word tradisioneel uit Grieks ontleen. Dit is die naam van die genus waartoe die spesie behoort en dien die-selwde doel as 'n mens se van. Die tweede kom gewoonlik uit Latyns, en die doel daarvan is soortgelyk aan jou doopnaam – en nes 'n doopnaam kan dit uit twee name bestaan indien die spesie 'n variasie is van 'n bestaande spesie.

Kom ons neem *Bulbinella latifolia* var. *doleritica* as 'n voorbeeld. *Bulbinella* is die genus (of "van"); *latiflora* spreek tot die spesie of eienskap van die blom, vergelykbaar met 'n mens se "doopnaam"; en *doleritica* is die variant – of "tweede doopnaam". Die volksnaam, rooikatstert, dien as 'n noemnaam. Dit is is dus vergelykbaar



met Pretorius, Petrus Gerhardus, maar sy noemnaam is somer ou Piet Boorgat.

Aangesien daar nagenoeg 20 000 blomsoorte in Suid-Afrika groei, gaan niemand van jou verwag om alle blomme korrek uit te ken nie – min botaniste kan dit regkry! 'n Goeie veldgids soos die vier hiernaas sal jou egter leer hoe om die tien hoofblomgroepe uit te ken, waaronder iris, gousblomme, orgideë, ensovoorts.

Dit help ook om te weet dat sekere veld-

blomme beperk is tot sekere klimaatstreke en grondsoorte. Jy sal byvoorbeeld nooit 'n kruisalie (*Salvia repens*) met 'n blou-blomsalie (*Salvia disermas*) verwar nie, want hulle kom nie in dieselfde provinsie voor nie.

As jy dus wonder of *Ry & Sleep* se joernaliste nou veldblomkenners is, moenie glo nie! Hiernaas is vier gidsboeke wat ons ure lank besig gehou het sodat ons ook slim kan klink.



Hier het ons gebly

Kakamas-hotel

Kontak ☎ 054 431 0976

✉ book@kakamashotel.co.za

✉ kakamashotel.co.za

Prys R1 005 p.p.p.n. (ontbyt ingesluit)

Namastat-woonwapark

Kontak ☎ 027 718 1832

✉ book@namastatlodge.co.za

✉ namastatlodge.co.za

Prys R250 per staanplek (2 mense);
daarna R50 p.p.

Kuboesberg-wildplaas

Kontak ☎ 087 808 8854

✉ carl@telkomsa.net

✉ niewoudtville.com/kuboesberg

Prys R185 p.p.p.n.

Papkuilsfontein-gasteplaas

Kontak ☎ 072 555 1416

✉ info@papkuilsfontein.com

✉ papkuilsfontein.com

Prys R200 p.p.p.n.

Namaqualand – A Succulent Desert

deur R. Cowling en S. Pierce

(Fernwood Press)

Dis 'n groot koffietafelboek wat nie in jou bakkie se paneelkissie gaan pas nie. Hy gaan jou ook nie baie help om 'n blomspesie uit te ken nie, maar hy's propvol inligting oor die streek, die eerste Europese botaniste in Suid-Afrika en die Namas se nalatenskap.

Nieuwoudville, Bokkeveld Plateau & Hantam deur J.C. Manning en P. Goldblatt (Botaniese Vereniging van Suid-Afrika)

Hierdie boek is nie meer in druk nie, maar

hy's goud werd as jy hom in die hande kan kry. Hy't 'n skerp fokus op die soort veldblomme wat jy rondom Nieuwoudville teëkom. Hoewel nie elke Namakwalandse blom hierin verskyn nie, is dit 'n uitstekende gids.

Watter blom is dit?

deur K. Pienaar en G.F. Smith (Struik)





As Kristo Pienaar se naam daarop geskryf staan, dan wéét jy dis 'n goeie blomboek! Dis ook 'n koffietafelboek wat te groot is om veld toe te neem, maar as jy veldblomme se bolle of saad koop, gaan hierdie boek jou leer wat om waar en wan-

neer te plant sodat jy 'n pragtige stukkie Namakwaland daar in jou Pretoriase voorstedelike tuin kan skep.

Field Guide to Wild Flowers of South Africa

deur J.C. Manning (Struik)

Nes dok. Pienaar is John Manning een van Suid-Afrika se mees besproke en gerespekteerde botaniste as dit kom by veldblomme. Hy fokus nie so sterk op Namakwaland se blomme in hierdie boek nie – John se spesialiteit is eintlik irisse en hiasinte – maar jy kan sy gidsboek oor die hele land gebruik.



RAW 4x4 NAMAKWA ECO TRAIL

Waar jy ook al gaan, wat jy ook al sleep – RAW 4x4 se veringstelsel draf die pad lag-lag kaf.



Die pa-en-seunspan Shaun en Calvin Hutton het verlede Desember die Namakwa-ekoroete saam met vriende – en RAW 4x4-krag – aangepak. Dit is Suid-Afrika se langste en strafste aaneenlopende 4x4-roete en strek oor 600 km van Pella af tot by Alexanderbaai. Jy ry deur die Noord-Kaap langs die Oranjerivier af. Met RAW 4x4 se veringstelsel gemonteer, het hulle Toyota “Troopy” Land Cruiser 78-reeks, Toyota Hilux Vigo en Nissan Navara D23 (met ‘n kampeerwa aan die haak) kleingeld gemaak van die reis – hulle is oor en deur gruis, klippe, sand, dongas, rivierkruisings, steil hellings en gek draaie.

“Al die voertuie het uitstekend gevaar: nie ‘n enkele pap wiel of meganiese probleem nie,” sê Calvin. “Die Navara, Hilux en Troopy was al drie met ‘n 4x4-veringstelsel toegerus, ‘n goeie manier om dit regtig te beproef en self te sien hoe die hantering is.

“Die Navara, wat vir die eerste keer ‘n kampeerwa gesleep het, het uitmuntend gevaar, veral omdat hy omring was deur Toyotas. Maar nie alles het heeltemal vlot verloop nie: Baie bosse moes uitgekap word, soms is tegniese bestuursvernuif vereis, en sagte sand het vir lekker opwindning gesorg. Die rit langs die rivierbedding af Kamgab toe was ‘n hoogtepunt.



“Die ware voordeel was op gruis, waar die RAW 4x4-veringstelsel so gemaklik is. Daar is geen ‘rollery’ of stampery oor groot spoelgate of hobbels nie. Die groter ashoogte gee ‘n mens ook groter gemoedsrus op ‘n moeilike roete,” sê Calvin.

Sonder enige probleme kon die Huttons Charliespas, Growcery-kamp by Vioolsdrif en die Bakkrans-grot in die Richtersveld verken. Hulle het langs die Oranjerivier kamp opgeslaan, in die Grootrivier geswem, en oor sagte sand aan die kus gery om die pragtige terrein by Waterval en die Highlanders-kampeerterrrein by Klawer te bereik. Saans is sterre gekyk en stories vertel terwyl hulle agteroorsit met ‘n koue drankie langs ‘n potjievuur. Die 4x4’s het gewag, gereed vir die pad die volgende oggend.



RAW 4x4 SE 4x4-VERINGSTELSELS

RAW 4x4-veringstelsels is hier om jou 4x4-voertuig vir die agterpaaie gereed te kry. Ons produkte kan ashoogte vergroot, die wegtrek- en aankomshoek verbeter én dit gee meer gemak en beheer. Dit help jou ook om vervangingsonderdele en -bykomstighede asook ekstra vrag veilig te vervoer. Ons verskaf skokbrekers, spiraalvere, bladvere, busstelle, U-boute, penne, skakels, stawe, wringstawe, stuurdemper en vele meer. Kyk na ons stelsels en produkte by raw4x4.co.za en kitbuilder.raw4x4.co.za

RAW 4X4 SUSPENSIE TOERUSTING

VAL DIE TERREIN AAN

**KOOP 'N RAW 4X4
SUSPENSIE-STELSEL**

**EN KRY 'N GRATIS OPVOUBARE
VLEKVRYE STAAL BRAAI-STEL**

**STEL SLUIT IN: OPVOUBARE VLEKVRYE STAAL BRAAI-STEL
• SNYBORD • BRAAITANG • BRAAI HANDSKOENE • PET**

Bepalings en Voorwaardes:

- Die aanbod is geldig vanaf 15 Maart tot 15 Mei 2023.
- Klante moet 'n volledige RAW 4X4 suspensie-stel aankoop om te kwalifiseer.
- Slegs aankope gedurende die promosie-periode sal kwalifiseer.
- Die gratis geskenk word tydens installasie oorhandig.
- Die foto's is ter illustrasie en mag van die fisiese produk verskil.



**RAW
4x4**



@RAW4x4Africa



@raw4x4africa



+27 (0)60 564 0111




www.raw4x4.co.za

Kamp tussen konings en kanonne

Gewoonlik skiet mense soos blits deur Magoebaskloof as hulle op pad is na die Krugerwildtuin en ander kampplekke in die Laeveld. Trek volgende keer 'n dag of twee vroeër in en kamp sommer van hier af.

Teks en foto's **Leon Botha**





Van die Hoëveld af vorm Magoebaskloof een van die poorte tot die Laeveld. Deel van die R71 tussen Haenertsburg en Tzaneen is die bekende Magoebaskloof-pas met 'n val van ongeveer 620 m oor 5,5 km.

As 'n mens kyk hoe skilderagtig hierdie wêreld is, verwag jy ewe spesiale kampplekke. Ons kry ons staan by twee van die plekke in die omgewing en kom agter Magoebas is ook meer as net 'n naam: Dit is 'n verhaal van 'n moord 'n eeu gelede – en die opblaas van ikoniese kanonne.

'n Borsbeeld voor die Magoebaskloof-hotel herinner ons vandag aan die oorsprong van die naam, en op Haenertsburg rus die laaste skerwe van 'n fenomenale skietding.

Van waar, Magoebas?

Meer as tien jaar gelede het ons in die omgewing kom afsaal, by Magoebaskloof Getaway, en in 2019 'n laaste keer by die Magoebaskloof-berglodge. Ons kollega Cyril Klopper het op sy reis in laasgenoemde vertel hoe die borsbeeld van hoofman Mamphoku Makgoba – na wie die omgewing natuurlik genoem is – 'n tweede keer onthul is nadat dit vroeër voete gekry het. Gelukkig staan die Makgoba-beeld vandag nog stewig geplant in 'n vierkant by die hotel. Die vallei agter die beeld wat deur die Politsirivier gevorm word, kan 'n mens sekerlik ook die Makgobaskloof noem.

Die storie van Makgoba se laaste dae het verskillende stertjies afhangende van die bron*. Nietemin was Makgoba omgekras, want die republiek wou belasting van hom en sy mense verhaal én dan >



was daar die moontlikheid van hervestiging. Dit alles was natuurlik teen die wil van die hoofman en sy mense – en 'n oorlog van 'n paar jaar het tussen hom en die Boere uitgebreek.

Makgoba is glo op 'n kol in hegtenis geneem en in die tronk gestop, maar hy slaag daarin om te ontsnap en belowe homself geen wit mens gaan hom ooit weer gevange neem nie. Dit was oënskynlik profetiese woorde.

In hierdie digte woude sou g'n mens vir Makgoba sommer vastrap nie – en dan was hy en sy mense boonop glo gewapen met ou olifantgewere regdeur tot pyl-en-boë.

Maar in 1895 word daar onder leiding van genl. Piet Joubert en sy mense 'n streep in die sand getrek. Tot 1000 burgers en 3000 Swazi- en Shangaan-krygers – sommige syfers meen dit kan tot 6000

wees – kon daarin slaag om hulle in die digte bosse te verslaan.


Afhangend van die storielyn wat jy kies, het hierdie ouens op twee van Makgoba se vrouens afgekom. Die twee is blykbaar gemartel totdat die een ingeeë en Makgoba se wegkruipplek gaan wys het. Ander meen die manskappe het op een van Makgoba se vrouens afgekom wat op 'n manier agter geraak het weens 'n seer voet. Hoe ook al, Makgoba is in sy wegkruipplek betrap.

Hy het blykbaar teruggeveg en het een Swazi doodgemaak – hy't hom glo met sy dubbelloopgeweer geskiet – maar die tweede skoot wou nie afaan nie, en met die gesukkel om te herlaai is hy om die lewe gebring. Ander beweer die Swazi's het hom omsingel en hulle leier het Makgoba tot 'n tweestryd gedaag... Die uiteinde was dieselfde. As bewys aan Jou-

bert is Makgoba onthoof en sy kop al teen die hange opgedra tot by Jouberts-kroon, 'n vesting net anderkant van waar die hotel vandag is.

Haenertsburg lê 10 km van die hotel af. Dié dorp met sy 300 inwoners was destyds glo 'n dag lank die setel van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Maar nog interessanter is dat dit ook die plek is waar twee van die Long Tom-kanonne aan hulle einde gekom het, enkele jare ná die dood van Makgoba.

Daar was vier van hierdie kanonne uit Frankryk wat die Boere in die Anglo-Boereoorlog teen die Britte ingespan het. Maar dit het geblyk dit is nie 'n volhoubare plan nie omdat daar net 8000 bomme was. Die kanonne is op 'n kol in vier forte rondom Pretoria ontplooi, maar hier is g'n enkele skoot afgevuur nie.



KOM KYK NA GISTER. Prof. Louis Changuion (regs) het van die oorlyfsels van 'n Long Tom-kanon opgespoor. Dit is te sien by die Long Tom-monument op Haenertsburg waar daar ook voorstellings is van hoofman Makgoba met onder meer sy geweer.



Hulle is wel elders aangewend op plekke soos Ladysmith, Mahikeng en Kimberley. Dit moet 'n proses gewees het om die kanonne te skuif, want die loop van 2,5 t was 4,2 m – en dan was daar nog die onderstel en platform van onderskeidelik 3 t en 5,2 t. Reken nou ook meer as 40 kg per bom by, en daardie 16-20 osse moes swoeg om die affêre rond te sleep.

Met die Berg-en-Dal-veldslag buite Belfast – die laaste een van die oorlog – is al vier Long Toms die eerste keer saam gebruik, maar dit was ook die laaste keer. Twee van hulle is later naby Komatipoort en Lydenburg vernietig, en die ander twee digby Haenertsburg. Oorblyfsels van die laaste een wat vernietig is, is te sien by die Long Tom-buitelugmonument op Hae-

nertsburg. Dit is die handewerk van prof. Louis Changuion, 'n inwoner van die dorp wat van die stukke met 'n metaalverklipper op Rondebult (ook bekend as Feeskop) opgespoor het. Die kop is 8 km buite die dorp op die R71.

Ons was gelukkig genoeg om vir Louis by die Inni-Berg-koffiewinkel raak te loop, skaars 'n minuut se stap van die monument af. Louis vertel hy het selfs in die nabye Letabarivier gaan duik om te kyk of hy oorblyfsels van die ander Long Tom kon opspoor, maar die Britte het dit waarskynlik as oorlogsbuit terug Engeland toe geneem. Wat Louis wel self opgespoor het, in Engeland, was die voerpunt van die laaste Long Tom wat afgesaag is – in die besit van die Royal Artillery in

Woolwich. Dit is waarom dié spesifieke Long Tom “Die Jood” genoem is. Die punt is teruggegee en is vandag deel van die museumuitstalling.


Louis sê hy was 'n jong man toe die Long Tom-pas tussen Lydenburg en Sabie geteer is en sy naam gekry het – en dit het sy belangstelling in die kanonne geprikkel. Later het hy die boek *Silence of the Guns* geskryf. Volgens hom is Makgoba gerespekteer deur almal – selfs in sy verslag aan die regering het genl. Joubert gesê 'n dapper krygsman is doodgemaak.

Of jy op Haenertsburg stilhou op pad na jou kampplek toe of die monument besoek, maak gerus 'n draai by Inni-Berg en kom kyk self hoekom hulle hulle so roem op die omelet-ontbyt (R59). >

“

Wat Louis wel self opgespoor het, in Engeland, was die voerpunt van die laaste Long Tom...

”



SILVER MIST

Hier kom perde!

Magoebaskloof en Haenertsburg staan ook bekend as “die land van die silwer mis”. Die afdraai na die gelyknamige kampplek, Silver Mist, is 2,3 km van die dorp af (in die rigting van Polokwane).

Die teerpad klim naderhand die berg uit tussen bloekombome deur. Die afdraai na Silver Mist is op 'n blinde draai – jy maak omtrent 'n haarnaalddraai en dan neem 'n grondpad jou teen die berg af. Dis nogal steil, en al is die pad nie te sleg nie, gaan jy nie sommer hier uitkom met 'n voorwiel-aangedrewe voertuig nie, veral as die wa aan die groot kant is. Hier is ook 'n knik of twee waar 'n gewone padwa se koppelstuk moontlik kan skraap as die haak te na aan die pad is.

Regs van jou sien jy die kaal stamme van 'n plantasie hemelhoë dennebome, en skaars 'n kilometer verder draai die grondpad regs na die kampplek.

Die groot vierkantige gebou links wat 'n bietjie soos 'n skoolsaal lyk, is in der waarheid 'n perdearena. Dis reg, hier word skouperde geteel en jy behoort van die pragtige diere in die oop kampe langs die saal te sien.

Direk ná die kampe draai jy links af by 'n groot staalhek. Jy is steeds op die steilte, maar nou is dit geplavei. Omtrent twee derdes af met die pad – seker 80m – is 'n skouring links van die pad. Oorkant die pad is die kampplek se badkamers. Aan die voorkant is 'n kombuis met geriewe soos 'n mikrogolfoond, elektriese vierplaatstoof, staanyskas, ketel en wasbakke. Teen die muur is twee groot swart-en-wit foto's van perde.

Die ingang vir die mans én vroue is op die ander punt. Dis 'n netjiese geteelde vertrek met wasbakke, spieëls teen die mure en private storthokkies. Agter elke deur is 'n ingeboude bankie en hake, en 'n stortgordyn hou alles droog.

Die kampterrein is 'n langwerpige grasperk dwars voor jou wat in die lengte in terrasse verdeel is. By die eerste staanplekke voor jou hang 'n groot geelkoperklok met die plek se naam op pilare weerskante daarvan aangebring.

Op die boonste terras links en van die heel onderste staanplekke is permanente tente. Die twee naashoogste terrasse is smal met 'n paar kampplekke op elk, >





ALLES BYMEKAAR. Die kombuis en badkamers is in dieselfde gebou, net voor die kampplek. Die kombuis is op die voorpunt, en vir die badkamer se ingang moet jy om die gebou stap.



“

Op die boonste terras links en van die heel onderste staanplekke is permanente tente.

”



“

Die ingang na die terrein is heel links, en as jy 'n groter oop kol soek, probeer gerus die onderste paar staanplekke.

”





Kortliks | Silver Mist



Kampplek Verskeie onafgebakende staanplekke op 'n paar terrasse. Hier is 'n lieflike grasperk, maar geen koelte nie.

Ablusiegeriewe Basiese geriewe wat 'n toegeruste kombuis insluit. Dis 'n entjie se stap van die staanplekke af – teen 'n stywe bult op.

Prys Afhangende van die seisoen en dag R380-R450 p.n. per staanplek vir tot 4 mense. Oor langnaweke en skoolvakansies word slegs besprekings vir minstens 2 nagte aanvaar.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 (of vroeër as jy reël) en 10:30.

Kontak 063 117 26 29

info@silvermistresort.co.za

silvermistresort.co.za

Naaste dorp? Haenertsburg 3,4 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste kilometer is 'n steil grondpad waar jy gaan sukkel met 'n voorwiel-aangedrewe voertuig en 'n wa op die haak.

GPS S23.926168 E29.928763

Ry & Sleep sê Dis nie aldag dat jy by 'n perdeteler kan kamp nie, maar die kampplek self is basies en beter geskik as 'n oornagstaanplek – tensy jy dit as basis wil gebruik om die omgewing te verken.

maar as iemand sy staan hier kry, gaan jy nie verbykom nie. Die ingang na die terrein is heel links, en as jy 'n groter oop kol soek, probeer gerus die onderste paar staanplekke.

Hier staan oorgenoeg lae lamppale – ons het 16 getel. Dit is die maklikste manier om te sien waarlangs jy kan opslaan. Elkeen van die pale het aan die onderpunt 'n kragboks (die gewone huissoek), maar van die boksies is besig om los te kom.

Maar vir 'n beter grasperk gaan jy ver moet soek. As jy koelte gaan nodig kry, sal 'n mens jou eie moet saambring, want hier is geen vorm van skaduwee op die gras nie.

Van die staanplekke het 'n gemesselde braaiplek, maar jy bring jou eie rooster.



ALMAL KAMP SAAM. Terwyl jy kamp, staan die bedrywighede op die plaas nie stil nie. Laatmiddag sien jy die skape word aangejaag en die perde keer terug na die stalle toe.



Gertrude is 'n mak volstruiswyfie wat soos 'n werfhoender op die grasperk wei. Laatmiddag word die skape hok toe gejaag en die perde kom terug van die weiding af. Eers hoor jy die galop uit die verte op die inrypad, en as die perde dan lyk of hulle mekaar speels jaag, staan Gertrude vinnig eenkant toe. Die stalle is langs die saal.

Met ons aankoms is die jongste vulle-

tjie gebore. Die outjie het wankelend sy staan begin gekry in een van die kampe terwyl Ma heel trots haar kleinding staan en dophou.

As jy 'n beter idee wil kry van die omvang van die plaas, stap verder af verby die chalets. Hier is 'n paar damme onder mekaar waar jy vir swartbaars mag ingooi – solank jy vrylaat wat jy aan die hoek kry.



THE HERB COTTAGE

Bring die vierwiele

Die afdraai na The Herb Cottage is in een van laaste skerp draaie van die pas. Van hier af loop die grondpad met mening teen die steiltes af. (Dit is ook toevallig dieselfde afdraai vir Magoebaskloof Getaway.)

Vroeg-vroeg begin die avokadoboorde, maar nou is nie die tyd om rond te kyk nie; hier moet jy fokus op die steil grondpaadjie. Om by The Herb Cottage se Forest-kampplek uit te kom het jy 'n 4x4 nodig; jy't dit nie nodig vir die afgaanslag nie, maar in eende-weer gaan jy nie dié steilte terug baasraak nie. Net meer as 'n kilometer verder begin jy teen die oorkantse hang klim, waarna jy deur die plaashek ry. Nou verskyn macadamia-boorde en dan weer avo's – van die bome se takke groei tot teen en selfs bo-oor die pad, en enige wa breër as jou sleepvoertuig gaan hierteen raak. Omtrent 200m verder ry jy oor 'n vlak stroom waarin klippe onder die water gepak is om 'n ryvlak te vorm.

Skaars 100m verder is 'n T-aansluiting. Hou links na die kampplek toe; binne 100m word die steil grondpaadjie deur die digte woud 'n betontweespoor met skerp draaie, totdat dele daarvan naderhand geplavei is. Voor jou én teen 'n Outeniquageelhout links van die pad is 'n bordjie wat waarsku: "Engage 4x4 now". Die Forest-kampplek is 100m verder teen die steilte op.

Maar eers wag daar 'n laaste "hindernis": Hier, in die middel van die woud, moet jy twee swaaihekke regs van jou oopmaak om by die kampplek in te ry – en jy gaan mooi moet korrel wanneer jy sleep, want jy moet skerp draai. Voordat jy jou neus hier indruk, is daar 'n bordjie links teen 'n boom met instruksies dat jy eerder skerp links teen die steil kantpaadjie moet optrek en dan deur die hek terugstoot. (Hou met die uitkomslag ver regs en draai dan op die laaste links teen die steilte af – en jy pas mooi deur die hekke sonder dat 'n tienpunddraai nodig is.)

Enkele maande gelede het ons die Jackalberry-kampplek in Marloth Park as een van die bestes in die land beskryf, maar nou kom daar 'n voetnota by: Die Forest-kampplek is net so 'n waardige mededinger, maar is net 4x4-slepers beskore.

>



Forest Campers
Turn left here and
reverse into the camp
area with your trailer



LEES VOOR JY INTREK. As jy sonder sukkel in die kampplek wil intrek, lees eers die bordjie voor jou.





“

Van hier af sien jy die borande van die oorkantse kloof. Een wa met sy stoeptent pas gemaklik in.

”



Die staanplek is 'n gelykgemaakte kol met digte woud rondom. Van hier af sien jy die borande van die oorkantse kloof. Een wa met sy stoeptent pas gemaklik in.

Dit is 'n eksklusiewe kampplek waarby min ander kan kers vashou. Die staangedeelte het 'n geweefde grondseil oorgespan, wat beteken jy trek bloot jou wa teen die een kant en slaan die stoepegedeelte oor die res op.

Die kombuis- en badkamergeriewe daarnaas verdien die volgende kompliment. Die kombuis het 'n groot ingang langs die staanplek én aan die gebou se voorkant. (Seilpaneel kan hieroor toerits

as jy die goor weer buite wil hou.) 'n Kragpunt ('n dubbelpomp) is by die naaste deur ingeval jy jou wa wil inprop.

Daar's 'n klompie kaste links teen die muur af met genoeg werkspasie, terwyl die wasbak op die verder punt is. In die middel is 'n binnebraai waar 'n gratis sakkie braaihout op jou wag. Dit is iets wat jy nie op enige kampplek kry nie.

Die plaaslike muskiete is baie opgewonde oor enige besoeker – die blikkie insekweerder staan dus nie om dowe neute langs die binnebraai nie.

'n Langwerpige tafel staan in die middel van die vertrek met twee sit-

bankies waarop ses mense gemaklik pas. Oorkant die kombuis se voorste deur is 'n dek met 'n eie tafel-en-bankiëstel, met daarnaas 'n plonspoel.

Die braaiplek is langsaan, en 'n ronde betonoppervlak waarop 'n los rooster met voetjies pas.

Die toilet is in sy eie vertrek om die hoek, en aan die verste kant – steeds onderdak – is 'n oop stort met geen gordyn of glasdeur nie. Jy kyk dus uit op die ope natuur terwyl jy stort.

As jy in die natuur wil baai, loop 'n geplaveide paadjie net 'n paar meter die bos in tot by 'n bad met geen afskortings nie.



SO MIN OF MEER.
Die twee kampekkle is eenders, maar die badkamers verskil. Coral (links) het 'n groter en eenkant badkamer, en Forest (regs) s'n is deel van die kombuisgebou.



Forest is nie die enigste kampekkle nie; die Coral-kampekkle is 200m verderaan met die pad. Dit is agt jaar gelede gebou (ses jaar voor Forest) en het soortgelyke geriewe. Hier is wel genoeg plek vir tot twee waens en jy staan op gras.

By Coral staan die badkamergebou eenkant, maar ook hier is 'n oop kant na die natuur toe.

As jy andersins die natuur in die omgewing te voet wil ervaar, is hier heelwat uitgemerkte bospaadjies. (Raadpleeg die

kaart in die kombuis.) 'n Mens kamp op 'n besonderse plek, en as jy spesiale geskenke vir die mense by die huis wil koop om vir hulle 'n stukkie daarvan te gee, is hier 'n winkel. Vra vir Elsbeth Humphreys van The Herb Cottage om te kom oopsluit. Sy maak die mooiste glasjuwele én hier is lekkernye soos macadamias en ander macadamiaprodukte soos botter. Hulle verkoop ook hulle eie heuning – die byekorwe is net anderkant die kampekkle.

Kortliks | The Herb Cottage



Kampekkle 2 afgesonderde en private kampekkle in 'n woud met genoeg plek vir tot 4 of 'n klein vriendegroep van tot 6. Die twee kampe is slegs met 'n 4x4 en boswa bereikbaar.

Ablusiegeriewe Jou eie luukse geriewe in die oopte.

Prys R300 p.p.p.n. vir die eerste 2 kampeers, daarna R200 p.p.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak 082 335 6803

bookings@theherbcottage.co.za

theherbcottage.co.za

Naaste dorp? Haenertsburg 18 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 3,1 km is 'n steil grondpad teen berghange, en net bedoel vir 4x4-sleepvoertuie.

GPS S23.878988 E30.007519

Ry & Sleep sê Dit is een van die beste 4x4-kampekkle in die land – een waarheen jy waarskynlik weer sal terugkom.



Teen die voetheuwels van die Waterberg lê 'n wildplaas met 'n waterspeelplek wat jy nie sommer elders gaan teëkom nie.

Teks en foto's **Helenus Kruger**

Sommer met die inrslag sien jy die waterwurms se platforms bo die Bosveldbome uitsteek. Natuurlik is 'n waterwurm nie 'n vreemde verskynsel nie, maar wanneer jy by jou kampplek langs die waterpark stilhou en dit in sy volle glorie gadeslaan, besef jy dié is 'n meneer van 'n speelplek – en omtrent hemel op aarde vir die kinders. Hier kan hulle hulle moeg speel van 09:00 tot 18:00.

Die waterpark is ongeveer 75 x 50 m groot en huisves allerhande waterspeeltjies en kuierplekke. Die opwindendste is waarskynlik die drie glybane bo-op die

geboutjie waar die noodhulpkamer is. Twee van die glybane is aan die bokant oop, terwyl die ander een 'n ware waterwurm is, soos 'n tunnel. Onder word jy in 'n groot poel uitgespoeg waar die diepte wissel. Waar jy in die water land, is dit dieper, terwyl die res van die poel skaars 'n halwe meter diep is en dus geskik is vir kleiner kinders.

Langs die waterwurms, maar heelwat laer, is twee U-vormige glybane wat breed genoeg is om met 'n tjoep (wat jy aan die oorkant van die park kry) die water in te gly. Langsaan is 'n laer, korter glybaan vir die kleintjies. En as jy moeg

gegely is, kan jy gou gaan stort: Aan die vlakker kant hang twee emmers wat omkantel sodra hulle volgeloopt het.

Buiten die poel vir die glybane is hier nog twee swembaddens waar dinge effens rustiger is: een vir kleuters, en 'n groter en dieper een vir diegene wat reeds kan swem. Die groter swembad het vier ingeboude sementlêstoele waarop jy kan ontspan met net jou kop wat bo die water uitsteek.

Tussen die waterwurms se poel en die swembaddens is 'n klompie bome met bankies waarop Pa en Ma kan sit en die kleintjies dophou. Joseph Nobela



en Lovious Sekwakwa, twee opgeleide mensereidders, is heeltdag aan diens en sorg dat almal veilig is.

Die watergang wat rondom die park loop, het 'n stadige vloei, en ook hierop kan jy rustig op 'n tjoep vaar. 'n Klomp helderkeurige groen, geel, rooi en blou skadunet- en spitsdakkies waaronder jy kan sit, besorg aan die park 'n lekker karnavalgevoel.

Ander speelplekke in die kamp sluit in 'n reusespringkussing, foefieslaaid, klimrame en trapkarre. Die speletjieskamer is tussen blok A se staanplekke en die waterpark – hier kan jy tafeltennis, pool en tafelsokker speel.

Dagbesoekers is welkom, maar net 80 besoekers per dag word toegelaat, en groepe van hoogstens 10. 'n Groot braai-plek naby die hoofgebou en die kampwinkel is tot dagbesoekers se beskikking.



Lethabong se 20 staanplekke is verdeel in twee blokke, A en B, wat weerskante van die waterpark lê. Elke blok het 10 staanplekke wat elkeen sy eie badkamer en kombuisie het.

Die uitleg van die twee blokke se ablu-siegeboue verskil van mekaar: Blok A het vyf geboutjies met twee badkamers elk. Hulle is rug aan rug, wat beteken jy en jou buurman deel 'n gebou. By blok B het

jy ook jou eie badkamer, maar nie op jou staanplek nie. Die 10 genommerde badkamers, wat ruimer is as blok A's, is in twee geboue wat langs die staanplekke aan die teenoorgestelde kant van die waterpark is.

Die badkamers is geteël en het 'n glasstorthokkie, wasbak, spieël, hakies en 'n toilet. Die kombuisies is by die badkamer se ingang.

>



WAAR'S DIE KINDERS? Jy kry gesinsoorde en dan kry jy gesinsoorde! Tussen die klouterrame, waterwurms, swembaddens en trapkarre is hier meer as genoeg om jonk (én jonges van gees) ure lank besig te hou.



Blok A se kombuis is piepklein en eintlik maar net 'n opwasplek. By blok B is daar meer spasie en jy het 'n klein werkblad met rakke onder dit. Die badkamers word daaglik skoongemaak en jou skot-telgoed word gewas.

Die staanplekke is gemiddeld 10 x 10 m groot en is gelyk met gras, 'n braaidrom en 'n kragboks (blou en gewone huissok). Vullisdromme en krane word gedeel. Bome is maar skaars, en die meeste plekke het min of geen koelte nie.

'n Klompie njalas en blesbokke wei

rusting in die kamp en kom loer selfs by jou staanplek in. So 'n entjie van die kampplekke af, in die suidwestelike hoek van die terrein, is 'n voerplek vir die bokke. Stap rustig nader en jy behoort redelik naby aan hulle te kan kom.

Die njalas steur hulle nie veel aan mense nie en sal net rustig wegloop as jy te naby kom. Die blesbokke is 'n nuuskierige klompie en sal sommer tot by jou stap om te kom kyk wat jy maak. Maar moenie dink jy gaan naby die springbokke kom nie – dié klompie vertrou >



Abercrombie & Fitch

AWAY



the new fragrances for men and women



nie die vrede nie en kies vinnig die hasepad as jy nader beweeg.

Lethabong se opgeleide safarigidse neem gaste soggens en laatmiddag op 'n wildrit (R250 p.p.). Maak jou reg om wild soos kameelperde, koedoes, rooi-bokke, springbokke, seekoeie en sebras te sien. Jy gaan ook 'n klompie eksotiese diere soos gouewildebeeste, wit en swart springbokke, en wit blesbokke sien.

Jy kan die roetes in die wildkamp te

voet of op jou fiets pak, maar jy mag nie met jou eie voertuig gaan wild kyk nie.

By die kampwinkel is hout, vuuraanstekers, ys, koeldrank, lekkergoed en 'n klein verskeidenheid kruideniersware soos skottelgoedseep, muskietsproei en tandepasta te koop.

Op die wegneemetesplyskaart is burgers, slaptjips en geroosterde toe-broodjies. Vir die suikertande is daar spookasem, fynsydrankies en roomys. 🍦

Kortliks | Lethabong-wildplaas



Kampplek 20 staanplekke op gras met min skaduwee.

Ablusiegeriewe Jou eie badkamer met 'n kombuisie waar jy kan skottelgoed was.

Prys R500 p.n. per staanplek vir 4 mense; daarna R250 p.p (hoogstens 6 mense per staanplek). Deur die week en oor naweke moet jy vir minstens 2 nagte oorbly, maar oor langnaweke word slegs besprekings vir 3 nagte of meer aanvaar.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00

Naaste dorp Thabazimbi 30 km.

Hoe lyk die pad? Teerpad, met die laaste 8 km grondpad wat by tye in 'n slegte toestand kan wees. Kontak die plaas vooraf om seker te maak.

Kontak 📞 066 262 7720

✉️ bookings@lethabonglodge.co.za

🌐 lethabonglodge.co.za

GPS S24.693435 E27.502999

Ry & Sleep sê Onthou om sonskerm en 'n hoed te pak, want jy gaan dit nodig kry in die fel Bosveldson.



GERIEFLIKE GERIEWE. Die twee kampblokke se ablusiegeriewe verskil wel wat privaatheid betref, maar jy kan albei deur 'n ring trek – die badkamers is werklik silwerskoon.



HOU JOU RATTE GEOLIE

As die oop pad of die grondpad roep,
moet jy seker maak jou toerusting
is in die beste kondisie.

Dieselfde geld vir jou liggaam. Om optimaal te funksioneer, insluitend seksueel, moet jy al die elemente van jou urinêre-, voortplantings- en bloedsirkulasiestelsels in orde hou. Vascamen, 'n daaglikse kruieaanvulling wat spesiaal vir mans geformuleer is, kan help om juis dit te doen.

Wanneer die volgende avontuur wink,
en jy kies om jou liefde vir jou maat
te vier, kan jy seker maak
alles loop klopdisseelboom.



W. VAN DER MERWE

Vascamen tablette  Komplementêre medisyne; Kombinasieprodukt.

Elke tablet bevat *Crataegus pinnatifida* Bunge (Haagdoorn), *Epimedium brevicornu* Maxim (Gelle bokkruid), *Ginkgo biloba* L (Vrekboom), *Tribulus terrestris* L (Duiwelsdoring), *Serenoa repens* (W. Bartram) Small (Saagpalm), Sinksulfaat, Selenium ACC 2%, Likopeen, Laktose en Fruktose. Hierdie ongeregistreerde medisyne is nie deur die SAHPRA geëvalueer vir die kwaliteit, veiligheid of beoogde gebruik daarvan nie.



Beskikbaar by alle apteke,
Dis-Chem en Clicks.



Uit die berge na die vlaktes

Ons roete begin op die piepklein dorp Op-die-Berg in die Koue-Bokkeveld. Maak tenk vol by die koöperasie voor jy noordwaarts koers kies op die R303-streekpad – die pompe is heelweek oop, maar sluit laatmiddag.

Skaars 500m buite Op-die-Berg tref jy 'n padpredikant aan wat jou na regs stuur op die “Swartrug afd pad” en Ceres-Karoo – neem hom. Die teerpad loop verby talle vrugteplase, waaronder Boplaas waar die digters Boerneef en Carl Boplaas grootgeword het en waar

die Van der Merwe-familie vandag nog boer. Ná 17 km eindig die teer en dit word grondpad. Pleks van reguitaan hou, draai jy links op die P2244- ondergeskikte pad Ceres-Karoo toe.


Dit is 'n gawe grondpad met vrugteboorde regs en besproeiingsdamme links van die pad. Ná ongeveer 2 km op dié pad ry jy oor 'n vlak bergpassie, die Klein-Sederbergpas, en dan, 7 km verder, bereik jy 'n enkelbaanbrug oor die nie-standhoudende Rietrivier. Regs van die brug is sandduine met spore tussendeur en bo-oor die duine – dis dalk 'n 4x4-speel-

plek vir die omgewing se jong mense.

Kort anderkant die Rietrivier slaan die grondpad oor na teerpad – dit is die Katbakkiespas wat voor jou teen die Skurweberg uitkronkel. Dis 'n taamlike steil bergpas met 'n gradiënt van 1:4 – vir elke 4m wat jy dus vorentoe beweeg, styg jy ook 1m. Dit klink dalk nie besonder steil nie, maar voertuie met 'n kleinkapasiteit-enjin sal die laer ratte moet haak om die skuinste baas te raak. Bo-op Katbakkiespas is daar twee uitkykpunte waar jy kan aftrek om die landskap agter jou te waardeer. Soek veral die hoogste spits in die

Ry 'n draai uit die digterlike Sederberg, oor die pragmatiese Skurweberg met twee pragtige bergpasse, tot in die kunssinnige Ceres-Karoo.

Teks en foto's **Cyril Kloppe**



OP EN AF. Die Katbakkiespas (hooffoto) is betreklik steil, en by die hoogste van sy twee aftrekplekke het jy 'n mooi uitsig op die Rietrivier se sandduine en Sneeuksop, die hoogste spits in dié geweste.



weste; dit is Sneeuksop, wat teen 2069m die horison oorheers.

Katbakkiespas, wat oorspronklik 'n veetrekoete was, is in 1999 geteer en sy kruin lê op 1190m bo seespieël. Die oorsprong van die naam is onduidelik, maar die bergpas is genoem na die nabygeleë plaas Katbakkies.

Hier is baie luiperds in die Skurweberg, 'n uitloper van die Sederberg, maar die kans dat jy een gaan raakloop, is laer as jou kanse om sneeu hier te sien – laasgenoemde is glad nie ongehoord in dié wêreld nie.

Kort hierna word die geteerde bergpas weer grondpad en hy neem ons op en af deur leegetjies op 'n plato. Hier is talle aftrekplekke, waaronder die bouval van 'n ou plaasopstal (S32.88049 E19.66055). Dit is 'n gewilde kampplek vir avontuurmotorfietsryers, want die klipmure beskerm jou so effens as dit snags ysig koud raak. Plek-plek is daar nog tekens van kampvuurtjies.

Ons stryk aan met die pad, verby tipiese Sederbergse sandsteenformasies tot by die kruin van die Peerboomsloofpas

(1121 m bo seespieël) waar die pad weer geteer is.

Hierdie bergpas het ook 'n aftrekplek van waar jy die wye vlaktes van die Ceres-Karoo kan bespied – dit is 'n pragtige uitsig. Aan die voet van die pas lê Skitterykloof se piekniekplek, 'n gewilde uitspanplek vir die streek se karretjiesmense en hulle donkies. Ons het in die verlede ook al ryhuise hier sien uitspan, én stowwerrige avontuurmotorfietsryers.

Die pad loop dood in die R355-streekpad, die langste ononderbroke grondpad in Suid-Afrika – 'n volle 208 km. >

“

Dit is 'n oorblyfsel van 'n kunswerk wat een slag by AfrikaBurn te sien was...

”



Wat jy moet weet



Maksimum aantal voertuie? Dit is 'n openbare pad en daar is geen beperking nie.

Kry ek 'n kaart? Nee, maar die pad word op kaarte aangedui.

Sal my voertuig krap? Nee, dit is hoogs onwaarskynlik.

Moet ek 'n kompressor neem? Net as jy bang is jy kry 'n pap wiel.

Kan ek halfpad braai? Ja, daar is heel-party piekniekplekke langs die pad.

Kan ek halfpad omdraai? Inderdaad.

Is daar selfoonsein? Meestal nie, maar daar is wifi by die Tankwa-padstal en Die Mond-vakansieplaas.

Beste tyd om te gaan? Heeljaar, maar in Februarie raak dit bloedig warm.

Kan ek my gesin saamneem? Ja, beslis.

Mag my hond saamry? Reël vooraf met Die Mond of jou troeteldier mag saamkom.

Net vir die dag of die naweek? Minstens 'n naweek, want hier's baie te doen.

Hoe lank neem dit? Die roete duur ongeveer 2 uur as jy nie stop om bene te rek nie.

Is daar ablusiegeriewe? Op-die-Berg se vulstasie het toilette; daar's baie basiese geriewe aan die voet van die Peerboom-pas; en dan is daar beter kleedkamers by die Tankwa-padstal én Die Mond.

Aanwysings Jy kan die roete van Ceres af takel as jy oor Prince Alfred Hamlet na Op-die-Berg ry – of andersom as jy uit Calvinia wegtrek.

Kontak 📧 hlange@breede.co.za
(Tankwa-padstal) ☎ 023 044 0079
(Die Mond; slegs WhatsApp)

Koste Die roete kos jou niks nie buite brandstof, en by Die Mond het ons R150 p.p.n betaal om te kamp.





VREEMDE LAND. Op die Peerboomskloofpas (middel) sien jy die Ceres-Karoo se vlaktes, waarna jy ry tot by die Tankwa-padstal (bo en oorkant bo) met sy aardige kunswerke. Jou eindbestemming is Die Mond (onder) met sy groen grasperke en wilgerbome langs die Doringrivier wat hier deur die dorre Karoo kronkel.



Die grondpad tussen Loeriesfontein en Kakamas is teen 289km dalk langer, maar dit is nie 'n "ononderbroke grondpad" nie omdat 'n ander grondpad hom kruis. Dit is kennelik 'n netelige punt.

Die R355 is ons land se eie Camino-pelgrimsroete, en stappers en fietsryers loop en trap gereeld die 208 km tussen Calvinia in die noorde en die Karoopoort naby Ceres in die suide. En een keer per jaar sien jy tientalle luikruggies langs die pad gestrand met 'n pap wiel – dit is die stadsvoertuie van blommekinders wat opruk na die AfrikaBurn-fees.

Draai links by die R355 en volg die pad vir 2 km totdat jy die wrak aantref

van 'n vlieënde piering wat halflyf uit die grond steek. Dit is 'n oorblyfsel van 'n kunswerk wat een slag by AfrikaBurn te sien was en dui die afdraaiplek aan na die Tankwa-padstal. Hier kan jy enigiets van lekkergoed tot vuurwerk koop, en langsaan is 'n kroeg. Nadat jy die padstal goed deurgekyk en dalk in die dam se verfrissende water afgekoel het, is dit tyd om aan te stryk op die stofpad na die noorde. Daar lê nog 50 km grondpad en 5 plaashekke voor...

Ongeveer 30 km verby die padstal is 'n halfbegrawe trekkerband met die naam Die Mond daarop geverf. Draai hier links. In die Junie-Julie 2021-uitgawe van

Ry & Sleep het ons oor dié oase in die Karoo geskryf – dit is 'n gawe plek om ons roete af te sluit. Bly sommer 'n paar dae oor, want daar's nog baie te sien en doen in die omgewing. Jy kan byvoorbeeld vashaak in die Tankwa-padstal se kroeg en na die skinderstories van die plaaslike mense luister; die perseel van AfrikaBurn gaan besoek in die Stonehenge- private reservaat, 'n kunssinnige kuierplek waar almal 'n das of hoed moet dra teen skemerkelkietyd; en by die nabye Tankwa- nasionale park gaan inloer. Selfs al bestee jy 'n maand in hierdie hoek van die Karoo, sal jy nie die helfte van sy skatte ontdek nie.



Nuwe kampplekke, hier kom ons!

Vir 'n Brasiliaanse egpaar van Randburg is kamp in 'n woonwa 'n hele nuwe avontuur. Nou draf **Rodrigo en Melissa da Silva** se Ford Everest van die een kampplek na die volgende.

Die Da Silvas ken eintlik net kamp in 'n tent, want in Brasilië is woonwaens 'n ongewone gesig. Hulle het tot in 2010 in São Paulo gewoon, die grootste stad in die land. Hierna het Rodrigo 'n werksaanbod in Suid-Afrika gekry – net mooi voor die Wêreldbekersokkertoernooi in 2010.

Natuurlik was hulle eerste plaaslike kampervaring in 'n tent, by die Foreveroord op Bela-Bela. Hulle was verstom oor al die woonwaens rondom hulle en het besluit om meer daaroor uit te vind.

Rodrigo se Brasiliaanse rybewys is omgeskakel tot 'n Suid-Afrikaanse een, maar hy moes die praktiese deel voltooi. Hy het dus nou 'n kode B-rybewys gehad

waarmee jy net kleiner sleepwaens mag sleep. Die EB-rybewys – 'n sleepbewys – was volgende in Rodrigo se visier, en dit was nie lank nie of hy slaag die teoretiese en praktiese toets.

Woonwasleep was dus nou 'n moontlikheid, en die Da Silvas het besluit om eers 'n woonwa te huur om te kyk of dit regtig is waarvan hulle hou. Nog voor jy kon sê “kamp die eerste keer met 'n woonwa”, het die gesin hulle eie volwaardige sleepkombinasie aangeskaf.

Vandag het die Da Silva-gesin – Rodrigo en Melissa en hulle kinders, Sofia (9) en Marcelo (3) – 'n hele paar duisend kilometers in hulle Everest agter die blad. Rodrigo vertel...

“ Ek was van jongs af gaande oor kamp. Maar my asem was skoon weggeslaan toe ek na Suid-Afrika verhuis en plaaslik begin kamp in die klein tent wat ek saamgebring het. Om so baie woonwaens in 'n kampplek te sien was 'n groot verrassing omdat ek in Brasilië nie gewoond was daaraan nie.

Op 'n dag het ek begin droom om eendag my eie woonwa te besit. Dit was nogal 'n lang pad sedert ek die Ford Everest in 2017 gekoop het tot in 2020 toe ek my EB-rybewys kry en die droom bewaarheid is: Ons koop 'n 2016 Sprite Splash. Hy het genoeg ruimte vir ons gesin van vier plus 'n buitekombuis – en, belangriker, dit het my sak gepas.



GEEN KEER. Die Da Silvas kamp 'n hond uit 'n bos. Elke keer wanneer hulle in die pad val, saal hulle af by 'n volgende nuwe kampplek.



Ek was omtrent soos 'n kind met 'n nuwe speelgoed en het heelwat reise begin beplan om die land te verken. Ons wou een keer per maand wegkom.

Ons eerste reis was in November 2020, van Johannesburg tot by Skukuza in die Krugerwildtuin, en dit het 'n oorslaap halfpad ingesluit.

Dit was 'n gespanne rit omdat ek nie baie sleepervaring het nie, 'n woonwa het wat gewiggewys nie die beste gepak is nie, en nog 'n paar ander uitdagings. Nietemin het ons veilig aangekom en teruggekeer met heelwat lesse wat ek met die sleepkombinasie geleer het.

Twee jaar later, 20 kampekskursies en 9000km verder in die Everest XLT 2.2 – die outomatiese 4x2-model – was sleep moeiteloos. Maar ek het ook 'n paar

verbeteringe aan die sleepkombinasie gemaak, waaronder 'n stabiliseerder en die trukamera. Ek moes ook 'n pasgemaakte sleephaak bestel sodat die stabiliseerder op die regte hoogte sit – iets wat wat nie moontlik was met die oorspronklike een nie. 'n Nuwe elektriese koordpasstuk was ook nodig. Die woonwa se LED-agterligte trek so min krag van die Everest dat die blikbrein dink daar's fout met die ligte. Ek het 'n passtuk by Ford gekry wat die probleem opgelos het.

Die Everest is vandag nog sterk op spoed ná 105 000km op die klok – met onvergeetlike stories. Aan die begin was ek effens gefrustreerd met sy verrigting deur die koppe in die Witrivier-omgewing. Ek het besluit om die enjin se beheereenheid

– die sogenaamde ECU – te herprogrammeer. Al meen die vervaardiger die enjin lewer 132kW krag en 420Nm wringkrug, het die syfers eerder 84kW en 324Nm gemeet op 'n dinamometer. Die programmering het die krag met 35% opgestoot en die wringkrug met 26%, dus 113kW en 407Nm. Dit het 'n groot verskil in my sleepervaring tot gevolg gehad, en hoewel ek hier en daar nog gesukkel het, was ek heel tevrede.

Ja, dit sal wonderlik wees om nóg meer krag te hê, spesifiek vir daardie steil bulte met stadige vragmotors voor jou, maar die Everest bring meestal sy kant.

Die Everest is 'n stewige kar sonder enige pyne. Glo dit as jy wil, die bande, remskoene en windskeermveërs is steeds die oorspronklikes.

>

Meer oor die brandstofverbruik: Sonder om te sleep maar met twee volwassenes, twee kinders en al die bagasie op die snelweg is die syfer net onder 8ℓ/100km – heel skafliek, dink ek. Die Everest is taamlik dors met 'n woonwa teen 12,5ℓ/100km, dus 'n 56%-toename. Vir daaglikse pendel is dit 'n raps meer as 9ℓ/100km afhangende van die verkeer en watter roete ek kies.

Sedert ons in 2020 met die woonwa begin kamp het, was die idee om die beste oord te vind sodat ons kan terugkeer soontoe. Maar ná 'n paar besoeke het ons besef daar is soveel meer te ontdek in Suid-Afrika, en ons het besluit om eerder nie dieselfde plekke weer te besoek nie.

Soms kan ons weer by 'n plek 'n draai maak, maar ons leuse was van nou af om nie te herhaal nie, al staan die kampplek hoe uit.

Tog is daar 'n kampplek wat baie na aan ons hart is: Ruah Park, nie ver van Pretoria af nie. Dit was die derde plek waar ons vir 'n paar dae oor die feestyd gekamp het. Dis stil en salig en ons het dit geniet. Trouens, ons beplan om een of ander tyd weer te gaan.

Andersins geniet ons as 'n goeie Brasiliaanse gesin die kusstreke wat ons minstens een keer per jaar oor 'n skoolvakansie besoek. Ons kamp gewoonlik in die Durban-omgewing en trek altyd af by die vulstasie op Harrismith vir 'n vinnige ontbytplekniek. Ons het reeds twee keer



Hoe lyk jōu wiele?

Stuur 'n e-pos na rysleap@weg.co.za en vertel ons van jou ry- en sleepding.



teen die kus gekamp, en elke keer ruim ons tyd in om in te loer by nuwe kampplekke vir ons volgende besoek.

Vir ons begin kamp die oomblik wanneer jy jou afsluit van die besige lewe, die oomblik wanneer die kinders sorgeloos deur die kampplek kan rondhardloop, weg van die skerms af. Die omgewing is gewoonlik baie ontspanne, ook met drankies in ons hand langs die vuur terwyl ons picanha-steak braai. Dis 'n snit met sy oorsprong in Brasilië wat 'n mens met kruisskyf kan vergelyk.

Vir ons begin die genot met die reisbeplanning: Van die kies van die oord, die inkopielys en die pak van die woonwa, om 'n paar te noem – eintlik geniet ons die proses in sy geheel. Ons betrek sover moontlik die kinders sodat hulle ook kan deel in die lekkerte. Marcelo is altyd besig met gereedskap en probeer die woonwa 'herstel', terwyl Sofia seker maak sy vergeet nie haar swemgoeters en kaartspelletjies nie.

Mettertyd het ons 'n eie filosofie ontwikkel dat minder meer is, en daarom neem ons net die nodigste saam vir gerief in die kampplek.

Ek mag ook nie vergeet om vir Melissa dankie te sê vir al die ondersteuning van die begin af nie, en om my steeds aan te moedig met my lawwe idees.

Ons het drie reise vir 2023 beplan – na oorde waar ons nog nie voorheen was nie, natuurlik!



Weg! **Ry & Sleep**

Gooikole

2023

BASTA MET
BEURTKRAG...
ONS BRAAI!

100+

maklike resepte
vir die kampvuur

NOU
TE
KOOP

ONTBYT • LAMSVLEIS • BEESVLEIS • HOENDER • VARKVLEIS • SEEKOS • BYKOS • SOETGOED

2023/02/15 09:35

Buitelewe of Beurtkrag?

Nie dat jy 'n verskoning nodig het om te braai nie.




'n Driekuns by Bivane

Die Bivanedam is 'n plek vir drie soorte kampeersers: Dié wat van hengel hou, dié wat van kamp hou... en dan is daar die ouens wat van albei hou.

BIVANEDAM VARSWATER OP SY BESTE

Die Bivanedam lê omtrent in die middel van 'n groot driehoek as jy die dorpe Vryheid, Pongola en Piet Retief met mekaar verbind. Dit is een van die nuut-

ste* damme in die land en een van min wat sedert 2000 voltooi is. Die gelyknamige rivier vloei hierdeur, en op die suidelike oewer is 'n lieflike kampplek – skaars 250m voor die water oor die 72m hoë damwal stort.



GEVLEKTE MAKRIEL OP ROOSTERBROOD Slyp jou tande...

Klein roofvisse, skoongeskraap en die binnegoed uitgehaal, is heerlik net so heel oor die kole gebraai – met 'n bietjie sout op roosterbrood en ryp tamaties, voorgesit met kappertjiesbotter. As jy wil, kan jy selfs een gebakte eier daarby voorsit. Jy kan ook die grate voor die tyd verwyder: Vlek die vissies versigtig en panbraai hulle in 'n bietjie olie soos hieronder. Makriel, sardyne en elf is vir my ewe lekker.

Jy benodig (genoeg vir 4)

- 8 klein roofvissies (1 of 2 per porsie, afhangende van die grootte)
- 2 eetlepels goeie olyfolie vir panbraai
- ¼ koppie botter
- 1 eetlepel ingemaakte kappertjiesaad
- 2 rooi ryp tamaties, in skywe gesny
- 4 snye gesondheidsbrood, gerooster

Só maak jy


1 Vlek die skoongemaakte vissies versigtig. Sny eers die kop agter die kieuë af. Begin by die maaggedeelte en verwyder dan die grate deur in die rigting van die ruggraat te sny, so na as moontlik aan die been. Verwyder die grate versigtig in een stuk sodra die vleis aan albei kante basies losgesny is, en spits dit by die stertkant af. Sny laastens enige van die harde vinne met 'n skerp kombuisskêr af.

2 Druk die vissies se velkant goed droog. Verhit die olie in 'n pannetjie en braai die velkant eerste tot die vel bros en die vleis so te sê gaar is. Draai dit vinnig om en verwyder dit van die hitte. (Dit neem slegs 'n paar minute.)

3 Smelt die botter in dieselfde pan en braai die kappertjiesaad tot bros.

4 Geur die tamatieskywe liggies met sout en peper, en sit die roosterbrood, soet tamatie, en brosgebraaide vissies saam met 'n ruim skepie kappertjiesaad en -botter voor.

Ry & Sleep sê 'n Knerts vars suurlemoensap is ook nie te versmaai nie.



Natuurlik is hengel boaan die doenlys, maar dit is ook een van die kampplekke waar jy bloot rustig in die natuur kan ontspan. As jy die damwal van nader wil sien, gesels met die bestuurder, Dawie Cronjé, wat al sedert 2006 betrokke is by die Bivanedam.

Soos jy die kampplek binnery, is die staanplekke dwars voor jou onder koelte-bome uitgelê. 'n Laer terras van ongeveer 5 m breed is die skeiding tussen jou en die water. Hier is 16 staanplekke waaruit jy kan kies wat almal eenders ingerig is: Die blou woonwasok, 'n gemesselde braaiplek met sy eie rooster, en 'n kraan.

Die badkamers is die naaste aan die eerste staanplekke met gemeenskaplike



Kortliks | Bivanedam



Vis Swartbaars, kurper, karp, baber, geelvis en makriel.

Kampplek 16 staanplekke op 'n grasperk en 4 aparte boskampe.

Ablusiegeriewe 1 badkamergebou plus geriewe soos 'n opwasplek, wasmasjien en tuimeldroër.

Prys Afhangend van die spesifieke seisoen en dag van die week R250-R600 p.n. per staanplek vir die eerste 4 mense (daarna R50-R100 p.p.p.n.). Hoogstens 7 mense word per staanplek toegelaat, en jy moet vir minstens 2 nagte bespreek.

Aankoms- en vertrektyd Geen vasgestelde tye nie, maar in die besige tye 14:00 en 10:00. As jou staanplek beskikbaar is, mag jy vroeër inkom – én jy kan op die dag van jou vertrek aanbly tot die middag.

Kontak 078 802 3329 of 083 283 8291

admin@bivanedam.co.za info@bivanedam.co.za (Kantoorure is Maandae-Vrydae van 09:00-17:00.)

Naaste dorp Vryheid 50 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 18 km is grondpad – gangbaar vir 'n padwa.

GPS S27.519815 E31.052335

Ry & Sleep sê Die rekord vir 'n swartbaars uit die dam is 4,8 kg, terwyl die nie-amptelike rekord op 5,2 kg staan.

geriewe en die opwasplek is aan die buitekant. Hier is ook 'n wasmasjien wat jy gratis mag gebruik. Jy het wel R35 se



ruilmunte nodig om die tuimeldroër vir 50 minute te laat loop.

As jy meer selfversorgend wil kamp, is hier vier boskampe.

Die winkel is sowat 50m agter jou, aan die linkerkant soos jy ingery kom.

Buiten tipiese snoepgoed sorg die oordmense dat hier gedurende besige tye ook vars produkte soos braaipakke en eiers beskikbaar is. Die vlak swembad vir die kleintjies is oorkant die winkel en die gewone een nader aan die linkerkant van die staanplekke.

Niks keer jou om van die kant van die dam af te hengel nie, maar 'n boot gaan sake makliker maak. Hier swem 'n hele paar stewige swartbaars rond, maar hier is ook kurper, karp, baber, geelvis en makriel. Probeer ook jou slag in die uitloop onder die damwal. (Die vrylaatreël geld vir swartbaars en geelvis.)

Die laaste 18km is grondpad, maar niks wat jou sal keer om met 'n gewone padwoonwa te kom nie. Die eerste 12 km is buite die dam se terrein, met 'n netjiese 6 km wat jou die laaste entjie tot in die kampplek neem.

* Volgens 'n lys van damme op Wikipedia.

'n Hoek met 'n byt

Niemand wil met 'n stomp hoek sukkel nie – en nog minder met 'n geroeste een. 'n Vlymskerp hoek is net die antwoord. Die Kamatsu-reeks is so een. Hulle is so skerp as wat kan kom, want dit word chemies "skerpgemaak". Boonop is die weerhaak roeswerend. Onthou, sommige kunsas het 'n hoë soutkonsentrasie wat op sy beurt 'n goedkoper hoek makliker sal laat roes.

Die Kamatsu Weighted Offset-hoek is gemik op swartbaarshengelaars en spog met 'n ordentlike gaping tussen die weer-

haak en skag. Die aas gee dus maklik mee wanneer 'n baars sy vat kry.

Hierdie hoeke het ook 'n gewiggie op die boepensdeel van die hoek. Die gewiggie kan in die middel of nader aan albei punte van die hoek wees, wat die aas ook 'n anderse swembeweging gee. (Die drie soorte is beskikbaar in vyf verskillende groottes en gewigte.)

Prys Vanaf R43 vir 3 hoeke.

Kontak Beskikbaar in hengelwinkels landwyd – ook in Namibië.

catches@4adrenalin.co.za

adrenalinfishing.co.za



HENGELGEREI



Met 'n N, ja!

Die nuwe Mahindra Scorpio is hier, nou met 'n N agter sy naam.
Ons ry 'n draai deur die Groot-Karoo om te voel hoe hy loop.

Teks en foto's **Cyril Kloppe**

MAHINDRA SCORPIO-N



Dit is interessant om te sien hoe 'n handelsnaam vertroue by 'n volk inboesem. Mahindra het in 1996 stil die land ingekom, en aanvanklik is hy vlak gekyk, hoewel 'n paar van ons 'n kans gewaag het op die Mahindra Bolero.

Vandag word Mahindra hoog geag deur Suid-Afrikaners en hy's tans die snelgroeiendste motorhandelsnaam in Suid-Afrika. Die vervaardiger is veral opgewonde oor sy jongste Scorpio-sportnutsvoertuig wat nou 'n N agter die modelnaam bykry. Die N staan vir Nde term (*Nth degree*), 'n wiskundige begrip wat beteken iets is verhef tot 'n hoër vlak. Met die nuwe Mahindra Scorpio-N is dit inderdaad die geval.

Wat het ons hier?

Die Scorpio-N is totaal nuut – die onderstel, vering en bakwerk inkluis – en daar is vier afwerkingsvlakke: die basismodel-Z4 (R465 000); twee middewegmodelle, die Z8 met agterwielaandrywing (R510 000) en Z8 met viertrek (R560 000); en dan die Z8L-vlagskipmodel wat R590 000 kos en op hierdie blaaie verskyn.

Slegs een enjin is tans in Suid-Afrika beskikbaar, naamlik 'n opgekikkerde 2,2 l-mHawkturbodiesel wat 128 kW en 400 Nm uitskop. (Ander lande kry ook 'n 2 l-mStallion-petrol-enjin.) Terloops, die uitgaande Scorpio gaan steeds in Indië verkoop word as die Scorpio Classic – saam met die Scorpio-N.

Mahindra sê hy is die eerste vervaardiger wat met 'n bakkiegebaseerde sportnuts vyf sterre loslaan in die Global NCAP-botstoets.

Ons het die bekendstelling van die Scorpio-N bygewoon en direk daarna 'n draai deur die Karoo gaan ry om hom deeglik te toets – met vyf insittendes en al ons kampgoed.

Binnelangs

Voor ons vertrek moes ons eers die agterste ry sitplekke verwyder om plek te maak vir ons pakkaas. Vir dié taak het jy 'n 11 mm-moersleutel nodig om vier boute los te draai – 'n taak van minder as 5 minute. Een mens kan die agterbank alleen uitlig, maar dis makliker as daar 'n helpende hand is.

Mahindra sê nie hoe groot die bagasieruim sonder die derde ry sitplekke is nie, maar ons kon drie tente, beddegoed, braaitoerusting, 'n tafel en vyf stoele, kleresakke, 'n 60 l-koelboks, 40 l water en 'n vaatlemoen laai sonder om ons sig deur die agterruit te belemmer. Ons sou nie naastenby soveel kampgoed kon inkry met die sesde en sewende sitplekies op hulle plek nie.



RUIM TUIG. Daar is baie pakplek wanneer jy die derde ry sitplekke vorentoe vou (links), maar daar is selfs nóg meer plek wanneer jy hulle heeltemal uithaal (regs) – 'n taak wat geensins ingewikkeld is of lank duur nie.



Dit is gewis 'n luukse ryding met baie affêrings om jou te beïndruk. Die leersitplekke en afwerking lyk puik en die gebruik van goedkope materiale op die instrumentepaneel en deure lyk heel skaflik.

Die programmatuur op die 8 duim-raakskerm reageer flink en koppel maklik met jou selfoon, en die Sony-klankstelsel met sy 12 luidsprekers klink goed. Hoewel die skakelaars almal logies uitgelê is, is daar een knoppie waarvoor jy lugtig moet wees. Jou voorste passasier kan maklik per ongeluk die 4x4-skakelaar druk sonder dat jy dit agterkom. Dit het met die bekendstelling gebeur: Een joernalis

het gekla sy Scorpio-N wil nie vinniger as 120 km/h ry nie, en toe vind hy eers later uit hy ry in viertrek op 'n teerpad. Later het dit ook met ons gebeur – en sowaar 'n tweede keer toe ons die Scorpio-N ná ons toetsrit by die motorwassery gaan haal. Pasop dus vir daai knoppie naby jou reismaat se regterarm.

Ons drie reismaats in die middelste ry – twee volwassenes en 'n tiener – het geensins gekla oor ongerief nie, hoewel die middelste sitplek effens hard is en eerder vir 'n kind as grootmens bedoel is.

Daar is selfs lugreëling en 'n USB-sok vir jou passasiers in die middelste ry, en 'n 12V-sok >



GROEN. Die enjin skakel vanself by verkeersligte af en aan om brandstof te bespaar, en die binnaruim is deftig verby! Die 4x4-skakelaar (regs onder) word maklik geaktiveer deur die swaai van 'n handsak – wees dus bedag hierop.



heel agter indien jy iets soos 'n draagbare yskassie wil inprop.

Hoe ry hy?

Die 2.2 l-mHawk-turbodieselenjin trek sterk en ons het nooit gesukkel om stadige verkeer verby te steek of 'n bergpas uit te ry nie. Die Scorpio-N het drie elektroniese ritmodusse: Zip, Zap en Zoom. Hulle is geskik vir onderskeidelik stadige verkeer, normale gebruik en hoëspoed. Ons kon wel die verskille voel, maar het gou belangstelling daarin verloor. Na ons mening is die Scorpio-N nie die soort ryding waarin jy werkverrigting-ritmodusse verlang nie; dis makliker om die brandstofinspuitingsstelsel te los sodat hy sy eie ding doen.

Ons was in ons noppies met die outoma-

tiese ratkas want hy verwissel van rat sonder dat jy dit hoor of voel, en dan is die enjin nog tjoepstil, veral wanneer hy luiet. Trouens, 'n petroljoggie wou eers seker maak toe ons vra vir diesel.

Mahindra se 4XPLORE-viertrekselsel het vier ritmodusse: Modder, Sand, Grond en Normaal. Hier is die verskille opvallender, en ons het veral op die sandmodus staatgemaak om dié wa (letterlik!) deur 'n drif te trek. Die Scorpio-N het ook 'n ewenaarslot wat meganies gerem word (soortgelyk aan Jeep se BLD, of *brake lock differential*) op die agteras wat outomaties sluit wanneer die sensors agterkom een wiel tol vinniger as die ander. Maar dit gebeur net wanneer viertrek ingehaak is.

Die noodwiel wat onder die bakwerk hang

soos in bakkies, kan dalk probleme veroorsaak omdat die spulletjie betreklik laag hang – as jy 'n ernstige 4x4-hindernisroete takel, gaan die band dalk seerkry. Maar die leerraamonderstel, vaste agteras en onafhanklike vyfpuntvooring met 'n sogenaamde Watts-skakel is 'n goeie kombinasie wat 'n gemaklike rit op grond- én teerpad lewer.

Die mededingers

Mahindra sê die stryd aan teen die groot drie: die Toyota Fortuner, Ford Everest en Isuzu mu-X. Vir Mahindra gaan dit oor 'n mededingende aanbod, en daarom gaan ons eerder mededingers kies wat in min of meer dieselfde prysklas val.

Die sterkste een is Chery se 8 Pro Executive

SPESIFIKASIES

Model	Scorpio-N Z8L
Enjin	2,2 l-viersilinderturbodiesel
Krag	128,6 kW @ 3 500 r.p.m.
Wringkrag	400 Nm @ 1 750 r.p.m.
Ratkas	6 spoed-outomaties
Aandrywing	Deeltydse viertrek met agterste ewenaarslot
Grondvryhoogte	187 mm
Tenk	57 l
Brandstofverbruik	9 l/100 km (getoets)
Standaardbande	255/60R18
Tarragewig	2 670 kg
Afmetings	4 661 (l) x 1 915 (b) x 1 857 mm (h)
Sleepvermoë	Onbekend
Veiligheidsgradering	★★★★★ (GNCAP 2022)
Waarborg	5 jaar/150 000 km
Diensplan	5 jaar/100 000 km
PRYS	R590 000



wat R574 900 kos en ook met 'n magdom katoeters en luukshede spog. Die H9 van Haval, China se ander bekostigbaarder naam, sou ook 'n mededinger kon wees, maar dié model is vir eers gestaak.

Nog 'n teenstaander is die Mitsubishi Pajero Sport teen R774 990. Ons besing al lank die lof van Mitsubishi, maar om duistere redes wil die meeste Suid-Afrikaners net nie byt aan dié sportnuts nie, hoewel daar inderdaad geesdriftige Mitsubishi-aanhangers is wat jou sal aanvat as jy 'n skewe woord sê oor hulle handelsmerk. Laastens het ons die Isuzu mu-X waarvan die goedkoopste variant R806 400 kos. Ons gaan nie die Fortuner en Everest bespreek nie omdat hulle pryse net te veel verskil van die Scorpio-N s'n.

Slotsom

Die Scorpio-N se bakwerk is langer en breër as dié van sy voorganger, maar ook effens laer. Sy proporsies lyk nou meer in lyn met sy mededingers.

Die enjin en ratkas het ons beïndruk, en die binnerruim is 'n gawe plek waar 'n mens nie omgee om ure en ure deur te bring nie.

Ons dink Mahindra kon daarin slaag om 'n premiumgevoel vir 'n betreklik lae prys aan te bied. Hoewel R590 000 beslis nie kleingeld is nie, kry jy baie kar vir jou geld.

Wat reputasie betref, is daar ook geen stigma wat nuwelinge soos BAIC en Chery moet dra nie. Mahindra het diep in die harte van talle Suid-Afrikaners ingekruip – en die Scorpio-N is beslis 'n wenner.



VAN DIE MEDEDINGERS

Gewilde sewesitpleksportnutse wat nie 'n plaas se prys kos nie



R574 900

Chery 8 Pro Executive

Pasop Mahindra, jy't hard gewerk vir jou reputasie, maar die Chinese kan jou dalk verbystek.



R774 990

Mitsubishi Pajero Sport 4x4

'n Goeie ryding wat meer liefde verdien. As Mitsubishi maar net sy produkte beter wou bemark...



R806 400

Isuzu mu-X LS 4x4

Ons hou baie van die Mu-X, maar die Scorpio-N bied dieselfde – en meer – vir soveel minder geld.

Kyk hoe pronk die Tonga!


Die Tonga is vernuwe en spog nou met 'n kombuis wat jy nog nie voorheen gesien het nie.

Teks en foto's **Leon Botha**

Omdat die Tonga 'n klein wa is wat vir 'n paartjie bedoel is, dink 'n mens maklik dit is 'n tipiese traanvorm wa. Allesbehalwe. *Teardrops* het gewoonlik aan weerskante 'n deure waar jy inklim, met die kombuis aan die agterkant. Maar die Tonga het net een deur – agter – en die kombuis is gedeeltelik voor en aan die linkerkant plus 'n losstaande eenheid.

Ons het die eerste Tonga-model in 2019 onder hande gehad – en toe al het hy ons beïndruk. Die nuwe weergawe is heelwat verfyn en verbeter, hoewel 'n mens steeds die lyne herken.

Jy kan kies tussen 'n geremde en ongeremde Tonga. Vir ons woonwatoets het ons 'n ongeremde wa tot in die kamplek gesleep.



Tent van bo

Omdat die toetsmodel nie met remme toegerus is nie, kom 'n tjok aan albei kante van die wiele handig te pas om te keer dat die wa vorentoe of agtertoe rol terwyl jy probeer opslaan. Dis minder van 'n probleem as jy soos ons op 'n lekker welige grasperk opslaan – dan kan jy sommer vinnig 'n klip voor die wiel plaas. Laat sak nou al vier die stutpaaltjies – dis bloot vierkantbuis met 'n voetjie wat jy laat sak en dan vasdraai.

Net soos sy voorganger pas die uitswaaistoepdak in 'n langwerpige kas bo-op die dak, maar die oorspronklike een is vervang met 'n 270°-weergawe. Die kas se deksel is ook nie meer los nie en slaan oop sodat die seildak kan uitvou. Dis waar jy eerste begin as jy jou staan gekry het. Die dak swaai oop van die voorpunt af, met die spilpunt op die linkeragter hoek. Vier arms, elk met 'n stutpaal op die punt wat met 'n tou geanker word, hou die seildak netjies in die lug gespan. Die arms staan 'n goeie 192 cm bo die grond en is hoog genoeg en uit die pad.

Die agterste paneel van die Tonga is een groot deur wat boontoe opslaan. Soos met die vorige model vou die kantvertrek



MAAK NÓG PLEK. Die syvertrek is ook jou aantrekkamer, maar niks keer jou om een kampled hier in te dra nie. Dan het die Tonga slaapplek vir altesame drie mense.



uit die binnekant van die deur sodra dit heeltemal oop is. Maar in die nuwe model moet jy eers 'n los paneel verwyder sodat die tent kan uitvou. Dié paneel haak bo die linkerviel teen die bakwerk in en het voetjies wat dan op die ander punt uitslaan. Dis jou kamptafel – sekerlik een van die grootste woonwatafels op die mark. Wanneer jy dit teen die paneel inhaak, staan dit 110 cm weg van de romp af.

Waar die vorige kantvertrek deur veselglaslatte gespan is,

kom die nuwe Tonga met 'n ingeboude paalraamwerk. Dit span die seil netjies en die tent ryg aan albei kante teen die romp in, met 'n strook klitsrits wat die onderste deel teenaan die romp in plek hou. Dié vertrek van 1,8 x 1,9 m is jou aantrekkamer waarin jy gemaklik regop kan staan, want die dak is 1,96 m hoog. Dié vertrek is lekker ruim – ons kon met gemak 'n ekstra kamptafel hierin pas, maar niks keer jou om 'n opslaankampled staan te maak vir nog 'n mens nie. >

TONGA



Opslaankooi

Die binnekant is een oop ruimte waarin 'n opvoumatras van 201 x 130 cm oopslaan. Dit is sodat jy die ruimte as bagasieplek kan gebruik tot in die kampplek. Dis groot genoeg vir jou hele trek – van bonkige kampstoele en opslaanwasgoedlyne tot jou draagbare braai of kratte met al die kruideniersware.

Sodra jy die matras uitslaan, word die binnekant tot by die deur een groot bed. Jy het dus van die tent af direkte toegang tot jou bed – en jy het nie trappe of 'n leer nodig nie. Die matras se bokant is 66 cm hoër as die aantrekkamer se vloer,

wat beteken jy kan gemaklik op die punt van die bed sit.

Net soos met die vorige model het die Tonga 'n 220V-kragpunt bo regs in die kosyn met plek vir 'n driepuntsok, twee tweepuntsokke en twee USB-sokke. Die twee skakelaars bo dit is vir die ligte in die dak by die koppenent en 'n lig in die aantrekkamer. Dit werk uiteraard net as jy die wa by 'n 220V-kragpunt inprop, maar hier is ook plek vir 'n kragstelsel: Onder die matras is 'n kas vir die battery wat jy andersins vir jou kampgereedskap kan gebruik.

Daar is verskeie kassies links en regs van die bed vir al jou klere, en omtrent in die middel



bo teen die dak is twee groteres met 'n seildeurtjie elk. Al is hierdie kassies meer na die kant toe, moet jy daarvan onthou wanneer jy skielik in die bed regop sit.

'n Gerief wat 'n mens nie dadelik opmerk nie, is die smal pakruimtes weerskante van die bed se voorste deel, maar die "bedkas" steel die kollig. Langs

die koppenent is 'n enorme blad wat net so breed soos die bed is. Hier kan jy dinge soos 'n waaiër, tydskrifte of verkykers neersit.

In albei sypanele is drie ingeboude vensters – teen dié tyd al 'n Tonga-kenmerk. Al het die vensters nie blindings voor nie, is dit getint en deel van die wa se moderne voorkoms.

Wat is standaard?

Die basiese Tonga het 'n dak-rak, rakke binne, 'n opvoumatras, kamptafel, ingeboude 30 l-koelboks, 'n hokkie vir die 12V-battery en die noodwiel.

Die mobiele kombuis is opsioneel en kos R10 000, terwyl die tent onder die agterdeur jou R12 000 uit die sak jaag. Die 270°-stoepdak met sy houër is R15 000, die glyraam vir 'n ys-vrieskas R3 800 en die 40 l- watertenk R3 000.



Ry & Sleep sê

Onthou, jy het 'n sleepvoertuig met 'n tarragewig van minstens 1 500 kg nodig om die ongeremde Tonga te sleep, maar jy mag hom met 'n gewone rybewys sleep. Teen 'n ekstra R7 500 vir 'n geremde as word die BVM verhoog tot 900 kg – dan moet die sleepvoertuig se tarragewig 900 kg of meer wees, maar jy het 'n EB-rybewys nodig.





Sleep die kombuis nader

Die prop vir die ingeboude 40 l-watertenk is by die stert in die linkerpaneel, en die kraan onder dit by die onderstel – dit werk met swaartekrag. Ook aan dié kant is 'n kas links van die wiel met 'n glyraam binne-in. Een ys-vrieskas van tot 75 l (afhangende van die handelsnaam) sal pas.

Die neuskas het 'n dreineerplek en is só ontwerp dat jy dit as 'n koelboks kan gebruik.

Die "mobiele kombuis" is werklik 'n vars idee: Dit is 'n los waentjie met 'n werkblad van 100 x 60 cm bo-op en onder dit twee rakke vir kruidentersware. Dit het ook twee glyrame met 'n ammokis op elkeen, en op die onderste oop rak is plek vir goed soos panne. In die een wat ons gebruik het, pas 'n eetstel in die boonste ammokis en 'n klein

eenplaatgasstoom in die onderste een. 'n Aluminiumraam slaan op die punt op waarin 'n opvoubare skottel pas.

Hierdie hele eenheid kan jy parkeer net waar jy wil, want dis op wiele gemonteer. Die boonste deel kan jy boonop van die wiele aftel wat jou dan los met 'n plat waentjie as jy byvoorbeeld 'n los waterkan wil skuif of selfs kruidentersware wil aanry staanplek toe van die kampwinkel af.


Hierdie eenheid weeg 35 kg en kan maklik deur twee mense opgetel word om in die Tonga te tel. Dan verwyder jy die wiele wat só onderstebo op die blad pas – en jy trek die hele storie teen die vloer vas met stroppe. 🚗

SPESIFIKASIES

Vervaardiger.....	Tojem
Model	Tonga
Slaapplek.....	2
Grootte	4,2 x 1,92 x 2 m (met stoepdak)
Tarra	550 kg / 560 kg
Dravermoe	200 kg / 340 kg
BVM	750 kg / 900 kg (gerem)
As	1,6 t
Wielgrootte.....	15"
Onderstel.....	Gegalvaniseer
Romp	Veselglas
Prys	R184 000 / R191 500

HANDELAARSNETWERK Hoofkantoor in Kaapstad, en beskikbaar by Tonga self, Cara-Camp Caravan & Outdoor (☎ 021 852 8215) en Pretoria Caravans & Outdoor (☎ 012 329 2259).

KONTAK ☎ 021 945 2142 ✉ sales@tongasa.com 🌐 tongasa.com



R184 000

TONGA

BVM 750 kg

VAN DIE MEDEDINGERS

Klein waens met 'n agter deur, slaapplek vir 2 en 'n BVM van 750 kg



R206 844

ALOE PERI PERI

Het 'n 1 t-rubberas, 14"-wiele en 'n romp van aluminium.



R165 000

SHERPA TINY LITE

Het 'n 900 kg-rubberas, 13"-wiele en 'n romp van veselglas.



R220 000

BUSHPOD LITE

Het 'n 1,5 t-rubberas, 14"-wiele en 'n romp van aluminium.
(Pryse is vir die standaardwa)

Ry & Sleep het die Tonga by die vervaardiger geleen.

Hoe vriendelik is rolstoelvriendelik?



Hy is 35 jaar al in 'n rolstoel én kamp net so lank. Ons steek kers op by **Jurie Venter** van Groblersdal en hoor wat werk en wat werk nie wanneer dit kom by rolstoelvriendelike geriewe in die kampplek.

Saamgestel deur **Leon Botha** Foto's **Jurie Venter** en **Getty**

Jurie is in 1988, toe hy maar 29 jaar oud was, in 'n gewapende rooftog in die rug geskiet, wat hom van die naeltjie af ondertoe verlam gelaat het. Sedertdien moet hy met 'n rolstoel oor die weg kom.

Voor sy ongeluk het hy nie gekamp nie en gewoonlik in vakansiewoonstelle oorgebly, maar in dieselfde jaar as die skietvoorval besluit hy om sy

eerste woonwa te koop en te begin kamp. Jurie sleep self sy woonwa en het oor die jare heen gesien waar oorde tekort skiet. Hy vertel verder...

“Met die nodige aanpassings wou ek vir mense wys dat iemand in 'n rolstoel ook die lewe kan geniet en kamp.

Ek het my eerste woonwa, 'n Sprite Musketeer, by 'n han-

delaarskap in Pretoria gekoop. Hulle het die woonwa se deur vir my breër gemaak sodat ek in my rolstoel en teen 'n skuinste tot in die woonwa kon kom. Ek was in my skik met die ombouing, maar op pad huis toe in die destydse Pietersburg het die Musketeer se een wiel in die ry uitgeval – aan dieselfde kant waar hulle die deur verander het. Ongelukkig was die skade só erg dat die woonwa

afgeskryf is nog voordat ek daarin kon kamp. Van toe af het ek besluit om nie enige verandering aan my toekomstige woonwaens te oorweeg nie.

Ek besluit toe op 'n Sprite Major, maar vervang dit in 1992 met 'n Wilk Emerald. Dit was natuurlik in my jonger dae toe ek nog meer beweeglik in die rolstoel was. Ek kon met gemak myself in en uit die woonwa help.





WAAR DAAR 'N WIL IS. Toe dit blyk die lewe draai teen Jurie, was daar nie sprake van opgee nie. Kamp is reeds moeite, maar dit het Jurie nie afgeskrik nie... en tot vandag toe haak hy self die wa en sorg dat hy in die kampplek uitkom.

Namate ek en my gade ouer geword het, was ons ook minder soepel en ons moes na ander opsies kyk om verder te kan kamp. Die Wilk was op daardie tydstip die ruimste, spasiegewys, en ek het vir my 'n spesiale rolstoel gebou. Dit het met een wenas gewerk wat my teen die pasgemaakte oprit tot in die woonwa kon help. Dit het ons lewe vir so sewe jaar heelwat makliker gemaak. Maar 'n mens word steeds ouer en dit was ook die tyd toe my vrou 'n skouer-operasie moes ondergaan.

Dit was dus tyd om 'n wa te soek wat in alle opsigte rolstoelvriendelik is. Ek het reggekom by Mobi Lodge in Middelburg, en onder die leiding van die eienaar, Marius Ras, is my nuwe Mobi Lodge volkome rolstoelvriendelik ingerig. Pleks van 'n trappie by die deur kom ek met die hulp van 'n hyser in die woonwa – die deur is ook breër gemaak. Ook die badkamer is effens aangepas, en ek kan die geriewe sonder die hulp van enigiemand gebruik. Die toilet is byvoorbeeld na die teenoor-

gestelde kant toe geskuif en die badkamerdeur se opening groter gemaak. Die bestaande deur is met 'n stortgordyn vervang. Die gemonteerde stortkop is met 'n handstort vervang, en laastens het 'n stortbankie bygekom. Ek haak self die Mobi Lodge en kry hom met waskuiwers aan die beweeg.

Dit het my volkome onafhanklik gemaak van oordgeriewe, maar dit beteken nie ek gebruik dit nie.

'n Dag in die lewe van...

Is jy seker? Wanneer ek wil plek bespreek by 'n oord, skakel ek om te hoor van rolstoelgeriewe. Hulle laat weet hulle is gerat hiervoor; hulle het voorheen al mense met gestremdhede gehelp. Maar as jy begin uitvra oor spesifieke geriewe, dan is sake nie meer so duidelik nie. Jy vra byvoorbeeld uit oor trappe, dan sê hulle net een trappie... en hulle het al voorheen mense in rolstoele gehuisves. Die oordmense verstaan nie presies tot hoe 'n mate jy ingeperk is nie. Omdat ek destyds nog jonk was, >





MAAK PLEK. Hoe oper, hoe beter. Jy het plek nodig om oor die weg te kom met 'n rolstoel – moenie van relings vergeet nie. Dit moet eerder horisontaal gemonteer wees as vertikaal.

het ek dit eerder as 'n uitdaging gesien en steeds die spesifieke oord besoek.

Nog 'n struikelblok As jy dan by die oord aankom, is daar sowaar trappies by die kantoor. Waar ek voorheen myself kon help, moet ek nou my kampmaat stuur om in te boek.

Het einde niet Nou is dit tyd om te sien wat jou staanplek inhou. Dit kan skuins wees, daar is dalk

gras of grond – of selfs sanderigheid, wat dit baie moeilik maak vir 'n rolstoel. Gruisklippias maak dit geheel en al onmoontlik. Geplaveide staanplekke is eerder die antwoord. Maar, nóg beter: As daar 'n geplaveide paadjie van jou staanplek af tot by die badkamers loop. Weesgerus is een goeie voorbeeld hiervan. (Teer- of betonoppervlakke werk net so goed.) Van die kragpunte is so

geplaas dat jy nie met jou stoel daarby kan uitkom nie.

Badkamer toe Kom jy by die badkamers uit, dan is daar inderdaad ook hier trappies, somer by die ingang. Binne sien jy gewone toilette, en hoewel die storthokkie lekker ruim is, is daar 'n deur – óók met 'n trappie. Jy gaan dus nie verder kom nie.

Spieël sonder gesig Spieëls is gewoonlik hoog genoeg sodat

mense hulleself daarin kan sien as hulle voor dit staan. Vir rolstoelgebruikers is dit te hoog. Die deel onder die wasbak moet ook oop wees, anders kan jy nie onder die wasbak inrol nie en jy moet die stoel dwars draai om die wasbak te gebruik.

Amper reg Jy sien ook badkamers spesifiek vir rolstoel, maar dan is daar ander gebreke. Die handvatsels of relings is nie altyd



Dié ouens weet hoe

Ek was gelukkig genoeg om die oordeienaars van Bosfontein en Dinokeng Camp & Leisure van raad te dien, maar hieronder is ook 'n lys van plekke met behoorlike rolstoelgeriewe waar ons al gekamp het.

- Weesgerus
- Mbizi
- Dube
- Dinokeng-oord
- Dinokeng Camp & Leisure
- Bosfontein
- Sondela
- Merry Pebbles
- Bass Lake
- Van die kampe in die Kruger en ander Sanparke-kampplekke
- Weltevrede, maar dis meer geskik vir ouer mense
- Dieselfde vir TO Strand





Ek weet van die volgende vakansieoorde waar daar 'n hystoestel by die swembad is waarmee iemand in 'n rolstoel veilig in die water laat sak kan word.

- Weesgerus
- ATKV-Klein-Kariba
- ATKV-Drakensville
- ATKV-Goudini-spa
- ATKV-Buffelspoort
- Forever Warmbad



op die regte plek nie of daar is nie bankies waarop jy kan sit nie. Selfs die storkop kan 'n permanente een bo jou kop wees, terwyl jy eerder 'n handstork met 'n verlengpyp sal verkies.

Dit sal werk Jy soek 'n vertrek met 'n bad, stort, toilet en wasbak. Dit hoef ook nie net vir die gebruik van gestremdes te wees nie; dit kan tussendeur as 'n gesinsbadkamer dien. Moenie hierdie vertrekke binne die mans- of vrouekant van die badkamers inrig nie. 'n Mens is soms afhanklik van jou wederhelfte, en natuurlik kan ek nie van my vrou verwag om my by te staan in die manskant nie.

Neutrale terrein Die badkamer-vertrek self moet oopplan wees, dus sonder enige mure of afskortings wat jou beweging met die rolstoel beperk. Onthou ook van die los storkop: Wie het nie al in die stort gestaan en skielik word jy deur kokende water gepeper nie – met 'n gasgeiser is dit niks

ongewoons nie, en in so 'n geval kan jy nie soos 'n gewone mens net vinnig koes nie.

Daar moet ook 'n bankie of vaste stoel wees waarop jy kan sit. Tipies sal jy 'n teëlbreedte bankie agter die bad verwag – dit help jou om van diékant af in die bad in te gly.

Hou vas! Handvatsels is 'n volgende probleem. Vir mense in 'n rolstoel werk horisontale relings die beste. 'n Mens sien soms vertikale handvatsels, maar dit is meer bedoel vir mense wat nog tot 'n mate kan loop – soos ouer mense – sodat hulle hulle kan optrek.

Vakansieoorde beskou dit as “gestremde-vriendelik”, maar dit geld nie vir ons wat in 'n rolstoel oor die weg moet kom nie. Dit is ook hoekom 'n skuinste voor enige deur meer prakties is bo trappies: Dis uiteraard geskik vir ons rolstoel, maar ouer mense verkies ook die skuinste. ”



Vorme van verlamming

Monopleeg Iemand met 'n verlamming in een deel van die liggaam – tipies een ledemaat.

Hemipleeg Verlamming in die arm en been aan dieselfde kant.

Parapleeg Verlamming onder die persoon se heupe, wat gewoonlik albei bene insluit.

Kwadrupleeg Iemand wat van die nek af ondertoe verlam is. Dit is tipies al vier ledemate en die bolyf.



Jou hommeltuig en die wet

Veldry en aksiefoto's loop saam nes die Blitsbokke en skepskoppe – en wat is beter as 'n hommeltuig vir dié doel? Boonop kan jy dan foto's van bo af neem. Maar hokaai: Daar's streng voorwaardes rakende die gebruik van 'n *drone*.

Teks **Cyril Kloppe**

Jou trokkie neem jou na verruklike plekke toe, en wanneer jy op jou voertuig se dakrak staan met jou lens-kamera, neem jy dramatiese foto's uit 'n ongewone hoek. Maar jy kon selfs beter foto's geneem het as jou lens 40 m bo die grond was – iets wat 'n *drone* jou "dalk" in staat stel om te doen... (Meer hieroor later.) 'n Lugfoto van jou bos-bakkie in die Namib, 'n geheime kampplek langs 'n rivier of julle dapper konvooi in die Doodsakker gaan mos bakgat lyk.

In Suid-Afrika mag jy 'n hommeltuig sonder 'n vlieërslisensie

gebruik, en boonop hoef jy nie die tuig te registreer nie – 'n gave toeweging. Maar vir ongelisensieerde gebruikers met ongeregistreerde hommeltuie is daar streng wetgewing. Hommeltuig-vriendelike lande soos Indonesië, Ysland en Switserland laat jou ook toe om 'n hommeltuig sonder 'n lisensie te gebruik óf die hommeltuig by die lugvaartowerheid te registreer, maar daar geniet jy aansienlik meer vergunnings as op eie bodem.

Wees dus gewaarsku: Nie almal hou van jou *drone* nie, allermens natuurbewaring, die owerhede en

jou buurvrou. Let op die volgende as jy sonder moeilikheid lugfoto's en video's met jou hommeltuig wil neem.

Die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaartowerheid onderskei tussen drie soorte radiobehoorde vliegtuie: modelvliegtuie (vir stokperdjies), speelgoedvliegtuie (vir kinders) en RPAS – dit staan vir *remotely piloted aircraft systems* – Burgerlugvaart se benaming vir hommeltuie.

Soos ons reeds genoem het, het jy nie 'n lisensie nodig om 'n doodgewone *drone* te vlieg

nie, tensy jy dit vir kommersiële redes gebruik – meer hieroor later. Jy moet egter Burgerlugvaart se regulasies gehoorsaam as jy nie wil hê die owerhede moet op jou hommeltuig beslag lê nie. Jy kan ook 'n boete van tot R50 000 en selfs tronkstraf van tot 10 jaar opgelê word as jy die onderstaande regulasies oortree. Hier volg die 15 gebooe vir ongelisensieerde hommeltuig-entoesiaste – let wel, ongelisensieer!

1 Geen hommeltuig mag nader as 50 m van 'n mens of groep mense af vlieg sonder die toestemming van daardie mense nie.



FOTO'S GETTY IMAGES EN VERSKAF

Die gebruik van 'n hommeltuig in 'n woonwagpark of vakansieoord is dus totaal uit.

2 Jy mag nie 'n hommeltuig op private eiendom gebruik sonder die toestemming van die grondeienaar nie. Heelparty 4x4-hinderisbane en afgeleë kampplekke verbied *drones* prontuit, ongeag of jy 'n vliegbewys het of nie.

3 Geen hommeltuig mag nader as 50 m van 'n openbare pad af vlieg nie. Gawe grondeienaars mag egter toestemming gee as jy oor hulle private paaie wil vlieg.

4 Geen hommeltuig mag nader as 50 m aan enige struktuur (soos 'n huis of kantoorgebou) vlieg sonder die toestemming van die eienaar nie.

5 Jy mag nie 'n hommeltuig binne 'n beheerde, beperkte of verbode lugruim gebruik nie. Besoek die webblad suasnews.com/dronesafetymap.html om te sien waar hierdie verbode sones is – dit is die geel en rooi dele op die kaart op die volgende blaaie. Terwyl jy op die internet is, kan jy somer ook by die Facebook-groep [Drones South Africa](#) aansluit om met ervare hommeltuiggebruikers te klets.

6 Dit bring ons by die volgende punt: 'n Hommeltuig mag nie binne 10 km van 'n vliegveld, landingstrook of lughawe gebruik word nie.

7 Jy mag nie 'n hommeltuig naby 'n bemande vliegtuig gebruik nie – nie eens as die vliegtuig afgeskakel op 'n soutpan sonder 'n afgebakende landingstrook staan nie. (Ons moet hier herhaal die regulasies is van toepassing op *ongelisensieerde* hommeltuiggebruikers.)

8 Jou hommeltuig mag nie nader as 10 km van 'n kragstasie (ook hidro-, son- of windkragfasiliteite), 'n tronk, grenspos, hawe, polisie-stasie, misdaadtoneel, militêre eiendom of enige belangrike nasionale bates vlieg nie. Saam met die verbod naby lughawens kom dit daarop neer dat jy amper nêrens – met enkele uitsonderings – naby stede en groot dorpe met jou *drone* mag oefen

nie. Amper die ganse Gauteng is 'n beheerde lugruim en Gautengers moet ry tot by byvoorbeeld Hammanskraal, Middelburg, die Vaaldam of Carltonville vir die naaste ongereguleerde vliegplek. Kapenaars en Durbaniete is beter daaraan toe met ongereguleerde lugruim minder as 20 km buite die stad, mits jy wegbly van natuurreservate (sien hieronder).

9 Jy mag geen vliegtuig – beman of onbeman – laer as 2500 vt. (762 m) bo natuurreservate, nasionale parke en Wêrelderfenisterreine vlieg nie. En omdat die vlieghoogte van hommeltuie streng beperk word – sien die volgende regulasie – mag jy dus glad nie in hierdie bewaarareas met jou hommeltuig vlieg nie.

10 Jou hommeltuig mag nie hoër as 'n 150 vt. (45 m) in 'n ongereguleerde lugruim vlieg nie. Op Van Wyksvlei in die hart van die Groot-Karoo, waar die Bull Run plaasvind, moet jou hommeltuig byvoorbeeld steeds onder 45 m bly en jy mag beslis nie oor die dorp se huise vlieg nie.

11 Jou hommeltuig mag nie hoër as die hoogste hindernis binne 300 m van jou af vlieg nie. As jy dus in die middel van 'n soutpan soos Verneukpan staan, waar jou bakkie se dakrak die hoogste hindernis is binne 300 m rondom jou, mag jou hommeltuig nie tot op 45 m opgaan nie, maar slegs >



“

Nie almal hou van jou *drone* nie – allermins natuurbewaring, die owerhede en jou buurvrou.

”



UITER VAN DIE WINDJIE. Jy kan treffende foto's soos dié met 'n hommeltuig neem, maar jy moet Burgerlugvaart se regulasies gehoorsaam as jy nie wil hê die owerhede moet jou beboet en beslag lê op jou *drone* nie.



so hoog as jou bakkie se dakrak. Dis ironies dat jy met jou lens-kamera op jou dakrak moet klouter om hoër as jou *drone* te wees.

12 Jou hommeltuig moet altyd binne sig bly en nooit verder as 500 m van jou af wees nie. As jy egter 'n piepklein hommeltuig besit, iets soos die DJI Mini-reeks, mag hy nie verder van jou af weg wees as wat jy hom kan sien nie; dié afstand gaan derhalwe aansienlik kleiner as 500 m wees. Hommeltuie met 'n reikafstand van etlike kilometer beteken tans in Suid-Afrika absoluut niks.

13 Jy mag slegs vlieg in goeie

weerstoestand wat jou in staat stel om die hommeltuig binne sig te hou. As jou hommeltuig navigasie-eiensig is, moet jy hulle te alle tye kan sien flikker.

14 Dit is onwettig om iets met 'n ongelisensieerde hommeltuig te vervoer of te laat val. Jy mag dus glad nie jou hommeltuig gebruik om jou visstok se hoek en aas uit te neem diep water toe nie – en beslis nie om 'n vis uit die water te trek nie.

15 En laastens: Jou hommeltuig mag nie swaarder as 7 kg weeg en 'n trefkrag-energie van meer as 15 kJ hê nie.



GAUTENG

Wat is natuurbewaring se storie?

Ons hoor Sanparke neem soms beslag op besoekers se hommeltuie, selfs al is hy weggebêre in sy tassie sonder dat die eienaar beplan om in die park te vlieg. Sanparke voel amper dieselfde oor hommeltuie as vuurwapens: Hulle het geen probleem dat jy een besit nie; jy mag dit net nie park toe bring nie.

Sanparke het inderdaad al mense in hegtenis geneem wat hulle hommeltuig binne 'n reservaat

gebruik. Hier volg 'n mediavystelling deur Sanparke in 2018.

“ Sanparke wil die publiek herinner dat die vlieg van onbemande vliegtuie, wat algemeen bekend staan as hommeltuie, in geen nasionale park toegelaat word nie, ongeag die doel daarvan.


Hierdie praktyk word verbied ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, akte 107 van 1998 (of dan die Nema-wet). Met betrekking tot beskermde gebiede word bepaal dat “dit onwettig is om onder 2500 vt. bo die hoogste punt van enige nasionale park te vlieg met enige

vliegtuig of hommeltuig sonder die uitdruklike toestemming van die bestuursowerheid van die betrokke nasionale park” – dus Sanparke – en daarom is hulle wetgewende beskermde gebiede met 'n beperkte lugruim wat hulle geenvliegsones maak vir alle ongemagtigde vliegtuigstelsels.


Die Suid-Afrikaanse polisdienste en die park se beskermingsdienste het onlangs in 'n gesamentlike operasie 'n dagbesoeker in hegtenis geneem omdat hy onwettig uit 'n voertuig geklim en 'n hommeltuig in die Krugerwildtuin gevlieg het. Ons wil sulke mense en ander hommeltuiggebruikers waarsku dat indien hulle betrap word terwyl hulle onwettig in die park vlieg, hulle daar en dan in hegtenis geneem en hulle toerusting gekonfiskeer sal word, het William Mabasa, die Kruger se hoofbestuurder van kommunikasie en bemaking, gesê.

Dit is nie bloot 'n oortreding van die Nema-wet op beskermde gebiede nie, maar daar is ook beperkinge wat verband hou met lugverfilmingsregte – dus 'n skending van Sanparke se film- en fotografiebeleid.





DURBAN



KAAPSTAD

Dit klink dalk na drakoniëse wetgewing, en dit is inderdaad streng – sover ons kennis strek van die strengste ter wêreld – maar dis om te keer dat idiote 'n oorlas van hulle maak. Wie's lus vir die gedruis van 'n hommeltuig oor jou kampplek op 'n Sondagoggend? Nie ons nie!

'n Minder bekende probleem met Burgerlugvaart se regulasies is die sin wat lui: "Jy moet 'n hommeltuiglisensie hê as daar

enige geldelike wins of geldelike belangstelling betrokke is." Met ander woorde jy mag tegnies gesproke nie jou *drone* se beeldmateriaal deel op byvoorbeeld YouTube, Facebook of selfs WhatsApp sonder 'n hommeltuiglisensie nie aangesien daardie sosialemediaplatforms kommersiële instansies is wat jou plasing gebruik vir

BLY WEG. Die geel en rooi dele op die kaarte hiernaas is geenvliegsones vir hommeltuie. Wyk uit platteland toe as jy wil vlieg.

finansiële gewin, selfs al kry jy self nie 'n dooie duit daaruit nie. Jy mag nie eens jou foto's of video's gratis aan iemand skenk nie, want hulle mag dit moontlik vir geldelike gewin gebruik en dan word jy as die oortreder geag. 'n Hommeltuiglisensie – dit

word 'n RPL genoem – is ook nie maklik bekombaar nie. Jy moet opleiding by 'n geakkrediteerde opleidingsentrum ontvang, jy moet vlak 4-Engels magtig wees (vlot genoeg vir kommersiële lugdienste by internasionale lughawens), korrekte radioprosedures onder die knie hê en 'n mediese ondersoek slaag. Die vlieg-bewys gaan jou tussen R15 000 en R30 000 kos en is vir een jaar geldig voor jy dit moet hernu. En dan is die RPL op sigself niks werd as jy nie ook in die besit is van 'n ROC (of dan 'n *RPAS Operator's Certificate* nie).

En selfs al hét jy die RPL- en ROC-dokumente, is die meeste van die bostaande regulasies steeds op jou van toepassing, onder meer die verbod op hommeltuie in 'n natuurreservaat.

As jy voel die regulasies is té streng, kan jy 'n e-pos aan Burgerlugvaart stuur met 'n versoek om die reëls te versag by rpasinbox@caa.co.za – of bedank hulle as jy voel die regulasies is in die kol. 📧

Om sulke vliegtuie onwettig in die park te vlieg kan die welstand van diere sowel as die ervaring van ander besoekers negatief beïnvloed. Ons bedank die gaste wat die onlangse voorval by die naaste veldwagter aangemeld het. Ons moedig alle wetsgehoorsame burgers aan om voort te gaan om sulke voorvalle by die noodoproepsentrum aan te meld sodat hierdie mense op heterdaad betrap kan word. ”

☎ 013 735 4064, 013 735 0197 en 076 801 9679.

Sanparke, asook ander natuur-bewaringsinstansies soos Kaapse natuurbewaring, sal 'n permit vir die gebruik van 'n hommeltuig oorweeg as jy 'n geldige lisensie het. En selfs dan moet dit wees vir die doeleindes van navorsing of natuurbewaring. Dit maak sin...





Tafelmaniere

Naas jou kampstoel is 'n kamptafel onontbeerlik – in jou gunsteling-vakansieoord óf doer ver in die vreemde. Ons kyk na 12 puik kamptafels waarop jy kan kosmaak. By 8 van hulle kan jy aansit vir ete, terwyl die laaste 4 tafels gespesialiseerde werkstasies is.

Die Blou Bul eet glo nie van die vloer af nie – en jy hoef ook nie. Hier is 'n dosyn gawe kamptafels.

Teks **Cyril Klopper** Foto's **Cyril Klopper en verskaf**

KRY DIE PRODUKTE HIER

tentco.co.za outdoorwarehouse.co.za falksontents.co.za frontrunneroutfitters.com capeunionmart.co.za campandclimb.co.za

Pryse was teen druktyd korrek, maar dit verander soms vinnig. Besoek altyd eers 'n verskaffer se webblad om die jongste pryse te kry.



AFRITRAIL-KAMPTAFEL

Sandbestand

Afritrail se kamptafel is met 'n blad-hoogte van 60 cm die laagste op hierdie blaaie – 'n eetkamer-tafel se blad is 70-76 cm hoog. Dit is egter 'n goeie hoogte as jy in 'n opvoukampstoel sit en kosmaak. Die blad is van MDF (of mediumdigtheidveselbord) en die tafel het 'n aluminium-raam met pote van sagte staal. 'n Lekker eienskap is dat die pote U-vormig is en daarom nie in die sand wegsak nie. Dié tafeltjie vir 2 weeg 'n skamele 2,75 kg.

Bladhoogte 60 cm

Werkoppervlak 70 x 50 cm

Prys R600 by Cape Union Mart.



TENTCO-VIERKANTIGE TAFEL

Vasvoetig

Tentco se tafel staan lekker stewig, want die uitvoupote sluit in plek en jy stamp hom dus nie sommer om nie. Die blad is van HDPE-plastiek (of dan hoëdigtheidpoliëtileen) en die pote is met gebakte poeierverf behandel teen roes. Die blad is 74 cm hoog – nes jou eetkamer-tafel by die huis – en hy vee maklik skoon. Ons hou van die groen kleur, want dit weerkaats nie soveel verblindende sonlig as 'n wit of aluminiumblad nie.

Bladhoogte 74 cm

Werkoppervlak 80 x 80 cm

Prys R770 by Tentco.



OZTRAIL 70-LATTETAfel

Liggewig

Hierdie tafel word hoofsaaklik van aluminium gemaak, met slegs die skarniere en pote se punte wat van plastiek is. OZtrail sê sy tafel kan 30 kg dra, maar dis 'n delikate dingetjie wat maklik knak as jy té hard op hom druk. Die blad se latte rol op en die pote vou toe soos dié van 'n gazebo. In sy sak (wat verskaf word) is sy afmetings 70 x 34 x 6 cm sodat jy hom in 'n klein bēreplek kan indruk. Hy weeg 3 kg en is veral geskik wanneer pakplek en gewig van belang is.

Bladhoogte 70 cm

Werkoppervlak 70 x 70 cm

Prys R1 195 by Camp & Climb.



KAUFMANN-OPVOUTAFEL

Kruisbeen

Hierdie tafel se blad het ook latte, maar anders as met die OZtrail hiernaas rol dit nie op nie. Die tafel is volledig van aluminium en hy staan besonder stewig. Kaufman sê sy tafel kan 40 kg dra, maar hy voel sterk genoeg om die stampe en stote van die kampele te oorleef. Die gekruiste pote wat kan platslaan, is 'n stokou ontwerp, maar dit werk goed. Onthou 'n tafeldoek, want die geskaaf van blik-borde op 'n aluminiumblad laat 'n mens op jou tande kners.

Bladhoogte 70 cm

Werkoppervlak 70 x 90 cm

Prys R750 by Camp & Climb.



FALKSON-OPVOUTAFEL

Langeraat

Ses mense kan by hierdie tafel aansit – drie aan elke kant – en sy blad van poliëtileenplastiek en pote van staal is beslis stewig genoeg dat jy hardhandig met hom kan werk. Hy vou toe tot 'n grootte van 93 x 72 x 8 cm en jy dra hom aan 'n lussie soos 'n groot, plat tas (die tafel weeg 13,5 kg). Dis 'n gawe tafel om kos te maak óf aan te sit vir ete, en ons glo hy sal jare se diens lewer.

Bladhoogte 76 cm**Werkoppervlak** 186 x 72 cm**Prys** R795 by Falkson

FRONT RUNNER-ONDERDAKRAKTAFEL

Daktafel

Die tafel se blad en pote word van aluminium gemaak en die raam van staal – en die raam en pote is met duursame gebakte swart poeierverf behandel. Die bladoppervlak is bedek met PVDF (of polivinieduofluoried), 'n duursame plastiek wat onder meer bestand is teen suur. Dit word in restaurante en mediese praktyke gebruik omdat dit so higiënies is. Die tafel gly onder jou Front Runner Slimline II-dakrak in en weeg 11,2 kg. Hy's duur, maar hy's die Lamborghini van kamptafels.

Bladhoogte 75 cm**Werkoppervlak** 113 x 75 cm**Prys** R3 015 by Front Runner

TENTCO-4VOET-TAFEL

Rateltaai

Die naam van dié tafel het niks te doen met die aantal pote nie, maar dui eerder die lengte aan – in die ou taal, natuurlik. Hy's ook beskikbaar in 6 voet (of 180 cm). Hierdie tafel is soortgelyk aan Falkson s'n hierbo, maar die blad is van HDPE-plastiek en die pote met gebakte poeierverf behandel teen roes. Die toegevoegde afmetings is 60 x 60 x 8 cm en jy dra hom, nes die tafels hiernaas, soos 'n tas (10 kg). By *Ry & Sleep* is ons nie in die gewoonte om wenners aan te wys nie, maar jy kan gerus hierdie tafel oorweeg.

Bladhoogte 74 cm**Werkoppervlak** 120 x 60 cm**Prys** R895 by Camp & Climb

PEAKFORM-1,8 M-OPVOUTAFEL

Familiégrootte

Ná die Falkson-tafel, wat 5 cm langer is, is hierdie die langste tafel op ons blaaie met sitplek vir ses. Sy blad is van HDPE-plastiek en die pote is met gebakte poeierverf behandel teen roes, nes Tentco se tafels. Dié een weeg 13,6 kg en vee betreklik maklik skoon. Die tafel wat ons onder oë gehad het, het egter 'n vuil kol gehad wat nie met 'n nat lappie wou afkom nie, maar skottelgoedseep kon dit regruk. Die bankie op die foto kos R1 000 ekstra per bankie, en dié kan ook opvou.

Bladhoogte 74 cm**Werkoppervlak** 181 x 74 cm**Prys** R1 300 by Outdoor Warehouse



TENTCO-RAKTAFEL **Sjef se trots**

Hierdie tafel se pote word aan die onderkant deur 'n dwarslat ondersteun, iets wat ook keer dat hy in sagte sand wegsak. Onder die blad hang twee ruim kompartemente waarin jy potte, panne en eetgerei kan bêre. Die deure se flappe kan toerits om stof uit te hou. Dit is uitsluitlik 'n werktafel waar jy kosmaak – hy is nie geskik om aan te sit vir ete nie weens die hangende kompartemente. Dis 'n goeie belegging as jy lank op een plek kamp of kos maak vir 'n menigte.

Bladhoogte 69 cm
Werkoppervlak 120 x 47 cm
Prys R1 195 by Camp & Climb



NATURAL INSTINCTS-KOOKTAFEL **Kampkombuis**

Meubelstukke soos dié is eintlik meer 'n kosbereidingstasie as 'n tafel. Hierdie model het ses oppervlakke: 'n kookplek met 'n windskerm vir jou gasstofie, 'n werkblad van 58 x 40 cm (71 cm hoog), twee kompartemente wat onderaan kan toerits, 'n oop rak onder die kookplek vir vuil skottelgoed, en laastens 'n kleiner rakkie langs die kookskerm vir goed soos olie, speserye en 'n wynglas. Hy's 'n moet vir enige ernstige kosmaakery.

Bladhoogte 71 cm
Werkoppervlak 58 x 40 cm
Prys R2 200 by Outdoor Warehouse



OZTRAIL-KOOKTAFEL **Hoërgraad**

Die Aussies gaan met dié kooktafel 'n paar stappe verder. Sy werkblad is 80 x 51 cm groot en onder die latte van die blad skuil 'n ingeboude wasbak – hier is ook vier kompartemente wat kan toerits. As jy die kookskerm verwyder, het jy 'n lekker groot werkplek van 116 x 51 cm. Die blad is 81 cm hoog – hoër as 'n tipiese eetkamertafel en nader aan 'n kombuisblad. Jy hoef dus nie vooroor te leun om kos te maak nie. Die hele gedoente pak verbasend klein op en weeg slegs 11,5 kg.

Bladhoogte 81 cm
Werkoppervlak 80 x 51 cm
Prys R3 250 by Camp & Climb



NATURAL INSTINCTS-KOMBUIS **Werkplek**

Hierdie tafel het 'n paal waaraan jy 'n lantern kan hang, 'n wasbak, speseryrakke, 'n vullismandjie en hake vir goed soos waslappe, lepels en spane. Die werkoppervlak is 70 x 50 cm groot, hoewel die hele tafel, met die wasbak inkluis, 1 m lank is. As jy een van hierdie meubelstukke plus 'n kooktafel, raktafel en 'n gewone tafel onder 'n stoep tent gewaar, dan weet jy hierdie mense span vir lank uit en hulle is ernstig oor kosmaak.

Bladhoogte 77 cm
Werkoppervlak 70 x 50 cm
Prys R1 900 by Outdoor Warehouse. 📍



Eiers by dosyne!

Eiers is veelsydige kos wat jy nie net vir ontbyt hoef te eet nie.

Resepte en stilerings **Johané Neilson** Foto's **Ed O'Riley**

EENPANETE MET BOBOTIEMAALVLEIS

Lekker kerriekos

Hierdie maklike maalvleisgereg het al die geure van 'n klassieke bobotie sonder die gesukkel om 'n goudbruin eiervlabaag oor die kampvuur baas te raak.

Jy benodig

(genoeg vir 6)

- 3 snye witbrood
- ¼ koppie melk
- 1 ui, fyngekap
- 1 eetlepel olyfolie
- 1 teelepel fyn vars knoffel
- 2 eetlepels bobotiemasala
- 2 eetlepels elk blatjang en appelkooskonfyt
- 1 eetlepel asyn
- 500 g maalvleis
- 2 eetlepels goue sultanas
- 6 eiers
- ½ koppie gekapte geroosterde amandels (as jy rojaal voel)

Só maak jy

1 Week die brood vir 'n paar minute in die melk en druk dit dan met 'n vurk fyn.

2 Braai die ui in die olie tot glansend. Roer die knoffel, masala, blatjang, appelkooskonfyt en asyn by, en verhit die mengsel tot deurwarm. Roer nou die maalvleis, sultanas en geweekte broodkruummels by. Gooi laastens ½ koppie water by en meng alles goed deur.

3 Prut die geurige maalvleis rustig met die deksel op vir sowat 20 minute of tot gaar. Roer dit af en toe om seker te maak die onderkant brand nie. Geur dit na smaak met sout en peper.

4 Breek die eiers versigtig in die bobotiemaalvleis – hou die aantal mense in gedagte en spasieer die eiers sodat dit maklik opgeskep kan word. Draai die hitte laag, sit die deksel weer op en prut dit vir 5-8 minute of tot die eiers gaar is. Sprinkel die amandels oor en sit jou bobotie dadelik voor.

Ry & Sleep sê Ekstra blatjang, skyfies vars piesang, geelrys, tamatie-en-uieslaai en klapper is alles heerlike bykosse. En warm roti's is 'n lekker alternatief vir die rys.

BOEREWORS-EN-EIERROL

Spekvet en gesond!

Sit hierdie allemintige boereworsrol warm of koud voor as 'n heerlike voorgereg. En onthou die skeppie Mrs Balls!

Jy benodig

(genoeg vir 6 as snoephappie)

- ½ koppie fyngekapte sampioene
- ½ koppie fyngekapte soetrissieblokkies (enige kleur)
- 1 eetlepel olyfolie
- 500 g boerewors
- 5-6 saggekookte eiers, afgedop
- 200 g strepiespek
- blatjang om voor te sit

Só maak jy

1 Roerbraai die sampioene en soetrissieblokkies in die olyfolie tot gaar en laat dit effens afkoel. Jy kan gekrummelde fetakaas en 'n strooisel gekapte kruie byvoeg as jy wil, maar speserye is nie eintlik nodig nie, omdat die boerewors heerlik geurig is.

2 Rangskik die spekrepies sorgvuldig langs

mekaar op 'n skoon werkoppervlak sodat dit 'n reghoek vorm. Druk die boereworsvleis uit die derm en spreid die helfte daarvan oor die middelste derde van die spekvleisbed. Sprinkel volgende die helfte van die gaar soetrissiemengsel oor. Maak 'n effense slootjie in die middel hiervan en pak die eiers in 'n ry. Sprinkel nou die res van die soetrissiemengsel oor die eiers en druk versigtig die res van die boereworsvleis bo-op. Om 'n mooi rol met vleis reg rondom die eiers te verseker moet jy nou jou oordeel gebruik met die plasing van al die vulselbestanddele voor jy dit oprol. Skuif waar nodig.

3 Rol nou versigtig die spulletjie op sodat die eiers netjies in die middel van die vleisbaadjie is met 'n mooi spekjassie aan die buitekant.

4 Braai die rol stadig oor matige kole (of vinnig in 'n gietysterpan oor die kole) tot die wors net-net gaar en sappig is en die spek mooi goudbruin. Laat dit effens afkoel voor jy dit in skywe sny en voorsit.

Ry & Sleep sê Die rol smaak vorentoe in broodrolletjies, amper soos 'n burgerpattie. Onthou 'n skeutjie asyn by die water waarin die eiers kook – dit maak afdop makliker. >



SPEK-EN-EIER-RYS

Klits, klits... klaar!

Oorskietrys van gisteraand se potjiekos is net reg vir hierdie ligte ete. Vervang die spek gerus met gevlokte oorskietbraaivleis of stukkie boerewors.

Jy benodig

(genoeg vir 4)

- 200 g spek, in blokkies gesny
- 1 eetlepel olie
- ½ ui, gekap (of gebruik 4 sprietuie)
- ½ teelepel fyngedrukte knoffel
- 3 koppies koue gaar rys (nie oorgaar nie)
- 1 klein pakkie (250 g) gemengde bevrore groente
- 6 eiers, geklits
- sojasous na smaak om voor te sit

Só maak jy

1 Braai die spek in die olie tot bros. Roer die ui en knoffel by en braai dit vir nog 'n paar minute tot die ui glansend is.

2 Voeg die rys en groente by die pan en roer alles saam tot dit deurwarm en goed gemeng is.

3 Skuif die gekeurde rys met 'n eierspaan na die kant van die pan toe, giet die eier in die oop deel en laat dit stadig gaar braai. Stoot-stoot die eier af en toe met die spaan tot dit so te sê gaar is, en meng dit dan vinnig deur die rys. Haal die pan van die hitte af en sit dit voor met sojasous. Voeg sout en peper na smaak by.

Ry & Sleep sê Hierdie eenvoudige gereg behoort in die hele familie se smaak te val.



HOENDER-EN-EIERKERRIE

Wat was eerste?

Hierdie is my vereenvoudige, vinnige weergawe van 'n hoenderbreyani.

Jy benodig

(genoeg vir 6)

- 12 ontbeende hoenderdytjies, elkeen middeldeur gesny
- 2 eetlepels ongekeurde jogurt
- 2 teelepels matige kerriepoeier of, selfs beter, 'n kerriesmeer (curry paste)
- 2 eetlepels vars suurlemoensap
- 1 groot ui, gekap
- 4 eetlepels olie
- 1 teelepel borrie
- 1 teelepel gekapte knoffel
- 2 groot aartappels, in klein blokkies gesny
- 2 koppies hoenderaftreksel
- 1 blik (400 g) lensies, gedreineer
- 1 koppie basmatirys, halfgaar gekook en gedreineer
- 6 gebraaide eiers om voor te sit

Só maak jy

1 Meng die rou hoender met die jogurt, kerriepoeier en suurlemoensap,

en laat dit vir minstens 30 minute in die yskas marineer.

2 Braai die ui in 1-2 eetlepels olie tot glansend. Roer die borrie, knoffel en aartappel by en roerbraai alles vir nog 'n minuut saam. Voeg die aftreksel by, sit die deksel op en prut alles saam vir 5-10 minute of tot die aartappel so te sê sag is.

3 Skroei die hoenderstukke in 'n riffelpan tot dit mooi skroeiwerkies het. Dit sorg vir 'n heerlik geur, maar jy kan natuurlik ook 'n gewone pan gebruik óf die hoender op sosatiestokkies ryg en dit oor die kole braai. Sodra die hoender amper gaar is, geur dit met sout en peper, en skep dit saam met die lensies en rys by die pankos.

4 Meng alles deur sodat die rys oraloor met kerrie bedek word, en prut dan alles vir 'n laaste 5-10 minute oop – of tot die rys en hoender deurgaar is en die meeste van die vloeistof geabsorbeer is. Skep 'n gebakte eier op elke porsie en geniet dit terwyl dit warm is.

Ry & Sleep sê Die tradisionele alternatief vir die gebraaide eier sal wees om voor opdiening gekookte eierkwarte deur die rys te meng.

GEVULDE FRANSE ROOSTERBROOD Braai mooi broodjies

Gewone dag oue winkelwitbrood maak vir my die lekkerste Franse roosterbrood, omdat die eiervla so goed intrek, maar 'n sagte broodrolletjie werk ewe goed. Pas die hoeveelhede hieronder aan na gelang van wat in jou kampspens is.

Jy benodig (genoeg vir 4)

- 4 sagte broodrolletjies
- sagte smeerbotter
- 8 skyfies geprosseseerde cheddarkaas
- 4 skyfies salami (of gebruik jou gunstelingham)
- 2 eiers
- 2 eetlepels melk
- olie vir vlakbraai

Só maak jy

1 Sny die rolletjies oop, smeer hulle met botter en vul elke rolletjie met twee skyfies kaas en 'n skyfie salami. Maak die broodjies toe en druk dit effens vas.

2 Klits die eiers en melk en geur dit na smaak met sout en peper. Giet dit in 'n vlak bak en doop al vier broodjies gelyk in die eiermengsel. Laat dit vir 'n rukkie daarin staan om genoeg van die eier te absorbeer.

3 Verhit die olie in 'n pan tot matig warm, sit al vier gedoopte broodjies daarin saam met enige ekstra eiermengsel, en braai die broodjies stadig tot goudbruin aan elke kant.

Ry & Sleep sê Dié broodjies is veral lekker saam met 'n skeppie heelkorrelmosterd of tamatiesmoor.



PIESANGPLAATKOEKIES Braai, braai, al aan die een kant

Met net vyf bestanddele is hierdie wenresep 'n heerlike ontbytkos of namiddag-snoephappie as die honger begin knaag!

Jy benodig (maak ± 12 plaatkoekies)

- 3 middelslag-piesangs
- 3 groot eiers
- 5 opgehoopte eetlepels bruismeel
- olie vir vlakbraai
- bloubessies of sjokoladesplinters (opsioneel)

Só maak jy


1 Druk die piesangs met 'n vurk fyn. Klits met dieselfde vurk die eiers by die piesang tot dit goed gemeng is.

2 Roer die bruismeel by tot die mengsel 'n dik beslag vorm. Hier moet jy jou oordeel gebruik – afhange van die piesangs se grootte gaan jy dalk 'n bietjie minder of meer meel nodig hê. Jy kan 'n knippie sout of 'n lepelkje vanieljegeursel ook byvoeg vir ekstra geur.

3 Verhit 'n lagie olie in 'n pan en skep eetlepels vol beslag daarin om die plaatkoekies te vorm. Hou die hitte matig sodat die beslag tyd het om gaar te bak voor dit te donker raak. Net voor jy omdraai, druk 3-4 bessies of sjokoladesplinters op die halfgaar plaatkoekies, draai hulle blitsig om en braai die onderkant ook mooi goudbruin. Sit dit voor met heuning of stroop.

Ry & Sleep sê Die piesangs hoef nie oorryp te wees vir hierdie bederf nie. 🍌

Weg! Ry & Sleep KOOPGIDS



CARAVAN SERVICES & REPAIRS
Unit 8 Corner North Rand & Elizabeth Rd, Boksburg
082 652 8139
www.caravanrepairs.co.za / info@caravanrepairs.co.za

ONS DOEN VERSEKERINGS- EN PRIVAATWERK

Ons installeer EWIKS KARAVAANSKUIWERS
by jou perseel in Gauteng, Mpumalanga, Noordwes, Limpopo en die Vrystaat.

KONTAK Wimpie Struwig by 082 33 33 833 | Pieter Kalis by 083 715 1226 | www.caravanmovers.co.za

MACLAREN AIR

Vir inligting en pryse kontak | Tel: 011 315 4348 | Epos: maclaren@ust.co.za

Maclaren HB9000-onderbank-lugverkoeling vir karavaan/kampeerwa

- Stil werkend
- Verkoeling & verhitting (hittepomp)
- Eenheid ten volle op eie aangedrewe, reg om in te prop
- Maklike installasie (dele & patroonplaat ingesl.)
- Ideaal vir wiptent-dakkaravane en ander
- Liggewig, ideaal vir karavane
- Geen lekkasies wat houtverrotting veroorsaak
- Eenheid kan met 'n omskakelaar bedryf word

MacLaren Karavaandak-lugversorger

- Ingeboude Wi-Fi
- Kragstelsel AC 220-240 V/50 Hz
- Ontwerp-verkoelingskapasiteit **3500W**
- Ontwerp-verhittingskapasiteit **3500W**
- Kraglewering (verkoeling/verhitting) **1300W/1100W**
- Koelmiddel **R410a**
- Algehele afmetings (mm) **710 W x 253 H x 1035 L**
- Verpakkingsafmetings (mm) **760 W x 310 H x 1090 L**

2 JAAR VOLLEDIGE VERSKAFFERS-WAARBORG OP ENIGE EENHEID

INDIEN VOLGENS SPESIFIKASIES GEÏNSTALLEER, BELEMMER JY NIE ENIGE VAN DIE WAARBORGE OP JOU KARAVAAN/KAMPEERWA NIE

Silver Lakes Caravans

950 LYNNWOOD ROAD * EQUESTRIA * PRETORIA Tel: 012- 9441919

KARAVAAN VERKOPE & VERHURINGS



REG VIR JOU WILDE AVONTURE?

LAASTE KANS OM TE
BESTEL VOOR DIE
PRYSVERHOOGING
IN FEB 2023



info @wildacc.co.za
083 284 6929

WILD
Accessories
www.wildacc.co.za

VANAF

R21 500 BTW ingesl. (Dubbelkajuit)

R23 800 BTW ingesl. (Ekstra kajuit)

R27 000 BTW ingesl. (Enkelkajuit)

Groter groottes sluit uit Mahindra, Land Cruiser ens.

BATTERY & OUTDOOR KING

Beste Kwaliteit Heel Beste Diens

Ons stel vir u 'n **doelgemaakte sonkragpakket**
saam vir u spesiale sonkragbehoefte!

DUBBELE BATTERYSTELS
Ook litium



MPPT

DC-DC

Kry dooie batterye
aan die gang

Litium "jump starters" vanaf R1,499

Winkel: Rubensteinrylaan 870, Moreletapark, Pretoria-Oos

Tel: 066 2288 919 / 082 4444 911 | E-pos: jaco@mrek.co.za | www.batteryking.co.za



FB @batteriesking | FB-groep "Battery & Outdoor King"



Safe-T- Locksmiths



- Transpondeersleutels gesny
- Sleutelkodering en -programmering
- Rekenaarboks-herstelwerk

**Commissionerstraat 307A,
Boksburg**

083 226 3003 or 011 917 2016

In die mark vir 'n karavaanskuiwer?

Die heeltemal nuwe en beste in die wêreld-woonwaskuiwer

powrtouch
EVOLUTION
auto



outomatiese karavaanskuiwer

Met 1-4 helling werkverrigting. Slegs een stel
benodig vir dubbelas-woonwa. Vanaf R28 750,00
installasie en BTW ingesluit. Battery, batterylaaier
en batterykas opsioneel ekstra indien benodig.

**GRATIS
5 JAAR**
GEEN GEKIBBEL
ONDERDELE & WERK
WAARBORG

SOMILL PTY LTD,
RIETFontein, R51 DISTRIK
BALFOUR

KOÖRDINATE
S 26.977890 O 28.593968

KANTOOR TEL: 058 821 0006
info@powrtouch@somillfs.co.za



GEHALTE

WEELDE

EENVOUD

uiterste avonture in uiterste weelde

GECKO XTRME IS 'N STOFDIGTE VEELTERREINKARAVAN GESKIK OM IN WEELDE DEUR AFRIKA
TE REIS. TOEGERUS MET 'N KONINGINGROOTTE BED, BINNESTORT (MET 220V/GASGEYSER),
AFSONDERLIKE CHEMIESE TOILET, WARM- EN KOUEWATER-RETIKULERING ASOOK
12V, 220V EN SONKRAGLAAISTELSEL.

BESIGTIG D.M.V. AFSpraak

Tel: 015 004 1356



www.gecko-offroad.co.za
info@gecko-offroad.co.za

OUTDOOR WAREHOUSE

vir elke avontuur

MAAK JOU KAMPPLEK **JOU TUISTE**

Slaan jou volgende kamp avontuur op met al die tuis geriewe. Kry alles van kompakte kampmeubels, soos opvoustoele en tafels tot draagbare stoorstaanders, alles onder een dak.

Kry ook ons **handige kamplys** by outdoorwarehouse.co.za.



OUTDOOR REWARDS

32 winkels landswyd

Vir jou naaste tak, skakel 0800 007 261 tolvr

Besoek outdoorwarehouse.co.za om meer uit te vind en aanlyn te koop





012 944 2487

h/v Jacobs Str & Johan Heyns Dr, Gezina, Pretoria

www.caravanfitmentcentre.co.za

info@caravanfitmentcentre.co.za

Veselglaswerk
Yskas inbouings
Buite kombuise
Lugversorging

Dienste
Onderstel dienste
Versekeringseise
Ongelukskade

Ombouings
Herstelwerk
Houtvrot
Haelskade

**Ons aanlyn-winkel lewer landswyd af
voor jou deur of waar jy kamp**

<https://www.shop.pretoriacaravans.co.za/>

**Breek weg ...
Jy verdien dit!**

Jou een-stop handelaar vir nuwe of gebruikte karavane, sleepwaens, kamptoerusting en parte


Tel: 012 329 2259

h/v Jacobs Str & Johan Heyns Dr, Gezina, Pretoria

www.pretoriacaravans.co.za

info@pretoriacaravans.co.za

**PRETORIA
caravans
& OUTDOOR**
- SINCE 1968 -



**Hou jou KOEL
hierdie SOMER!**




CJ Aircon's

072 413 3899

Jacques | Cindy

www.cj-aircons.co.za | info@cj-aircons.co.za

- Woonwaens
- Kommersieel
- Wonings
- Installering
- Herstelwerk
- Dienste
- Ewiks Skuiwers
- Spaarwielhak
- Ondersteunings Hulpbane



Skuiwers wat jy kan vertrou!

ewika
caravan mover
www.ewika.co.za



**OM HIER TE
ADVERTEER, KONTAK:**

DANIE NELL


082 859 0542

danie.nell@media24.com

SHARLENE SMITH

083 583 1604

sharlene.smith@media24.com



BLOKRAAI-OPLOSSING

BOOXE™

KEEP IT TIDY

Wil jy die binnekant van jou voertuig beskerm?
BOOXE-bybehore is daar vir jou!



Gerieflike bergingsoplossings en duursame, beskermende matte & bufferskerms

- Glywerende kattebak-, bak- & vloer-rubbermatte vir meer as 115 voertuigsoorte
- Oorspronlike kattebakhouer vir TOYOTA FORTUNERs
- BOOXE GAP CAPS – vir Toyota Fortuner 2016-huidige modelle
- Ongelooflike kattebakhouer vir enige voertuig
- Afhaalbare bufferskerm
- Voertuigbybehore – wat die lewe makliker, beter, slimmer maak

BOOXE NEAT SEAT OORTREKSELS

Puik gehalte neopreen, universele passing, sweet- & waterdig, glywerende voor- en agterkante, lugsakversoensbaar, troeteldiervriendelik, taktiel, trek maklik oor en af.



Vir ons volledige produkreeks, gaan na www.booxe.co.za KOOP AANLYN ONS LEWER DIREK AF

Katnoor Tel: +27 (0) 87 379 7539 • Sel: +27 (0) 66 176 2522
E-pos: info@booxe.co.za



ewiks

caravan mover
www.ewiks.co.za

Beweeg jou groot of klein karavaan self sonder moeite deur net 2 skakelaars te gebruik. Dit word deur die karavaanbattery aangedryf en permanent gekoppel om op padbande te ry.

Vir 'n toerustingsentrum of doen-dit-self inligting, kontak asseblief:

Kyle ☎ 084 33 00 606 ✉ info@ewiks.co.za



* Standaard stelle, battery uitgesluit, en laaier weeg minder as 30 kg



Buitelewe of Beurtkrag?

Nie dat jy 'n verskoning nodig
het om te braai nie.



Nou te
koop

ADVENTURE TRAILERS

REG VIR 'N NUWE AVONTUUR

PRODUKTE

- Warrior
- Warrior Delux
- 2-slaper Delux (Spartan)
- Dinette (Gladiator)

SKAKEL JOU NAASTE HANDELAAR

CAMP WILD AFRICA

082 603 5105
Arum Lilly-weg 8
DuVillie Industrial Park
Eenheid 5, Durbanville
Kaaipstad
7551

SONPARK CAMPING & LEISURE

013 492 2996
Mystic River-singel 3
Riverside Park
Nelspruit
1200

MOTOR KING & MARINE

012 335 2800
Steve Biko-weg 954
Wonderboom-Suid
Pretoria-Noord
0084

SILVER LAKES CARAVANS

012 944 1919
Lynnwoodweg 950
Equestria
Pretoria
0184

EAST RAND CARAVAN WORLD

011 025 7639
H/V North Rand- &
Elizabeth-weg 157
Beyerspark, Boksburg
1459

AUTO BOUTIQUE

060 529 7803
Stretch-singel 35
Vryheid
KwaZulu-Natal



Kameelboomkoelte

★★★★



Die ideale oornagplek op Askham in the Kalahari



Kontak ons
Nina 076 991 2561
 info@kameelboomkoelte.co.za
 www.kameelboomkoelte.co.za

Nuwe **selfsorg-eenheid** met fantastiese fasiliteite.


NOORD-KAAP **ASKHAM**



Scottburgh
 KARAVAN PARK

TOP OORDE
 2009-vandag
 Caravan and Outdoor Life

- Een kilometer-strandfront
- Rotspoele
- Beskutte swemplek
- Varswater-swembaddens
- Alle staanplekke is hard of met gras
- Strandkothuis gemeubileer
- Elektriesiteit op alle staanplekke



039 976 0291
 caravanpark@scottburgh.co.za
 www.ScottburghCaravanPark.co.za

ANLYNBESPREKINGS NOU
BESKIKBAAR BY
www.alloutbookings.co.za

KWAZULU-NATAL **SCOTTBURGH**



DUBE
 PRIVATE GAME RESERVE

MIDWEEK, SPESIALE AANBOD: KAMP VANAF SONDRAG
TOT VRYDAG SLEGS 2 PERSONE R800-00

EENHEDE, SPESIALE AANBOD: BLY VANAF SONDRAG
TOT VRYDAG SLEGS 2 PERSONE R2 700-00

Natuurreservaat in malaria-vrye gebied. Bosveld-atmosfeer – minder as 'n uur van Pretoria en Johannesburg – naby Brits. Selfsorghuise en woonwark met netjiese ablusieblokke – rolstoelvriendelike badkamer. Staproetes – fietsryroetes – voëlkyk – wildritte – volop wild

- Speelpark • Tafeltennis • "Pool"-tabelle • Springmatte • Mini-golf
- Binnenshuise verhitte swembaddens • Jacuzzi's • Koue swembaddens
- "Lazyriver" • Waterglybane • Wegneemetes

Tel: +27 66 298 5379 / +27 66 298 1664 / +27 73 171 8331 /
 +27 82 375 6179 • E-pos: info@dubegame.co.za • www.dubegame.co.za
 Bespreek aanlyn: www.alloutbookings.co.za

NOORDWES **BRITS**



Kamp naby Pretoria

Die natuurskoon van Bass Lake en die uitmuntende fasiliteite en dienste wat daarmee saamgaan, is waarlik 'n Suid-Afrikaanse kampeerervaring soos min. Nog beter, Bass Lake is geleë net 30km buite Pretoria!

Bespreek vandag
 basslakelodge.co.za
 camping@basslakelodge.co.za
 012 735 1650

BASS LAKE
 EXCLUSIVE CAMPING

NOORDWES **BRITS**

Die grootste een nóg!



NOU
TE
KOOP

Weg!
Ry&Sleep

In ons *Oordgids* 2023 het ons vir jou die inligting oor meer as 200 kampbestemmings in een publikasie opgesom. Daar's nie 'n makliker manier om jou wegbreke vir die jaar te beplan nie!

Wessel Bester van Worcester wen 'n **koelsak ter waarde van R220** vir sy korrekte blokraai in ons Desember 2022-Januarie 2023-uitgawe. Jy kan ook wen. Stuur 'n foto van jou voltooide blokraai na rysleep@weg.co.za of vul hom in by <https://bit.ly/3Tex0Fb>. Onthou jou kontakbesonderhede. Die vorige oplossing is op bl. 108.

			Pas buite Ladismith	↓	En daar ... die ding	↓	Arbeid ...	↓	Hindoe-fees	↓	Kloof in die Oos-Kaap			
			Voorheen 10 Okt.				Vier (Rom.)	→			Swart steen			
			Wel en ...	→			Vries							
Kern-wapen	↓	Deel van 'n pond	Uiter "Ag neel"	→		Oorgewig	↓					Kelkblom	Inwendig	↓
		↓	↓			Behoeftige	↓					↓	Ver-strengel	↓
						Kiem-plant	→							
						Motorhuis	↓							
Kinder-ryding							Rustende	→						
Apaties	→						Preek							
Bees	→		Eggenote	→			↓				Uitneem	→		
Pika			Skoert!								Pond (afk.)			
			Bepaalde	↓					Gras-skeute	→				
			Loflied											
Luislang	→			Nou strate		Indien	→		Omsinge-ling		Naald-bome	→		
Fientler				Tronk-kamer		Sikloon					Na binne			
				↓										
			Afwys	→					Twee (prefiks)	→		Nasionale park in Namibie		
Aeroliete	→								Syfers	→				
						Sliert					Deur-mekaar praat			
						Kers-houer	↓							
			Onge-kunstelde meisie	→								Plakker	↓	Skielik
												Stu-dente-jolyt	↓	Plaas-dier
			Hoeveelheid	→			Ytterbium (simbool)			Die ... om die nek kry (trou)	→			
							Reeds							
Watrigat in Etosha	↓	Drink-plek		Vinnig hardloop	Olik	→				Gapings	→			
				Klipplaat	Kleurstof	↓				'n Maand	↓			
							Hoogte-punt	→					Erbium (simbool)	
Betrou-baar		Pluimvee (mv.)	→					Sowaar?	→		Identi-fiseer	→		
						Indekse	→							

OPGESTEL DEUR GERDA ENGELBRECHT

Wen 'n koelsak ter waarde van R220!

Of jy nou kamp, piekniek hou of langs die krieketveld sit, dié koelsak het onder meer plek vir 'n kosblik én genoeg ruimte vir 'n 1,5 l-koeldrankbottel. Daar is ook nog pakplek in die boonste helfte vir 'n bottel wat die helfte so groot is.

Verder is die binnekant met 'n PVC-laag uitgevoer, wat dit maklik maak om die koelsak skoon te hou. Die sak het ook 'n handvatsetel wat bo-oor kom en met klitsrits heg, plus 'n skouerband as jy te min hande het.

winkel.weg.co.za



Kleur dié prent in



KLEUR IN

Kry die vetkryt en inkleur-
potlode gereed en gee
lewe aan die bok.

WOORDSOEK

Soek die woorde op die
lysie en merk hulle af.

SOEK DIE VERSKILLE

Daar is minstens tien verskille
tussen die twee sketse.
Kyk of jy hulle almal kan kry!

DOOLHOF

Wys die doolhof wie's baas.
Onthou om eers 'n potlood te
gebruik – ingeval jy 'n fout begaan.

Woordsoek

G S L N K D D K H K W J H N N V F F O E X T
 B R F R A N K L I N D R O O S E V E L T T I
 I O O J U S O I Q S C X X T B Q D D F T O T
 L M F V F L Q U D G I E G N A V M V X G T H
 L D H D E Y L H A N K Q K K D M H R K Q N E
 C Y W E E R C W D C V X L U Y N R E R K X O
 L C N I R C C R I Q N Y G E R A L D F O R D
 I A S D G B A L L L U I U Q M A G X L G F O
 N L U B O H E D E W L G P W X Y M R B X V R
 T V Z N C N T R Q V G I D M S M Q F N R J E
 O I O I W G B D T K E H A F N W M F W Y I R
 N N R Q C W Y J E H L L N M L N F H L W K O
 L C T R C O B X O I O O A M M K E X X A V O
 C O D S U R I E A H S O G N E C F Z P R C S
 W O D A Z P O T P L N E V X D X K T X G H E
 J L F I L W Q N I Z G S N E M S V I Y W E V
 T I C O L P R W A I Y Y O H R P X V N X S E
 G D L F P W W S E L N H T N O R U H Q L T L
 E G S F U O A Y X F D D X Y G W T A W F E T
 O E W A R R E N G H A R D I N G E R T Q R Y
 R L N D J V I O H G B I E I C L X R E T A J
 G J O H N F K E N N E D Y A I Z I Y O T A J
 E O C F H I K K U K E Q E F G L P S I Q R X
 W J A M E S A G A R F I E L D A X T K I T J
 B E N J A M I N H A R R I S O N N R H D H H
 U R U T H E R F O R D B H A Y E S U V D U O
 S M G O D R C S B A R A C K O B A M A Q R M
 H S M F X U U V U O C J I M M Y C A R T E R
 U L Y S S E S S G R A N T C H L G N F A K G
 H G U T H I H H B Z N K X O J E O Z S K Y F


AMERIKAANSE PRESIDENTE

Barack Obama	Grover Cleveland	Richard Nixon
Benjamin Harrison	Harry S. Truman	Ronald Reagan
Bill Clinton	Herbert Hoover	Theodore Roosevelt
Calvin Coolidge	Jimmy Carter	Warren G. Harding
George W. Bush	John F. Kennedy	William McKinley
Gerald Ford	Lyndon B. Johnson	Woodrow Wilson

Soek die verskille



Doolhof



Dierefeite



TASMANIESE DUIWEL *SARCOPHILUS HARRISII*

- Hulle kom op die eiland Tasmanië, suid van Australië, voor en dis die enigste plek waar hulle in die natuur gevind word.
- Hulle word tot 5 jaar oud en tot 78 cm groot en is die wêreld se grootste vleisvretende buideldier.
- Hulle maak jag op klein prooi en aas ook op die karkasse van ander diere.
- Hulle het skerp tande en sterk en gespierde kake, en beskik oor 'n allemintige sterk byt.
- Hulle is nagdiere en bring hulle dae alleen in uitgeholde boomstompe, grotte of slote deur.
- Hulle maak in die nag hulle verskyning en is nie te kieskeurig oor wat hulle eet nie. Hulle eet selfs die pels, organe en bene van hulle prooi.

Die beste in die geweste?

Is die Toyota Land Cruiser 79 die beste voertuig vir oorlandsreise en veldry-avonture? **Mic van Zyl** lug sy mening.

Onlangs vra 'n leser my mening oor die Land Cruiser 79 – spesifiek of ek dink dit is die beste voertuig vir oorlandsreise. Dis natuurlik 'n gelaaide vraag wat veel meer as 'n ja of nee verdien.

'n Mens kan eerlikwaar nie met die vermoë van die 70-reeksstry nie. Trouens, dit is

die geval met alle Land Cruiser-modelle. Dis 'n uitsonderlike taai voertuig met 'n beproefde fondament wat oor die jare soveel aansien verkry het dat dit nou die voorkeurkeuse is vir mense en maatskappye wat in die moeilikste toestande op omtrent elke vasteland werk. Dit sluit in bedrywye soos mynbou, die weermag, noodhulpdienste, vredesmagte, boerdery, bosbou, noem maar op. Dit is hieroor, glo ek, dat die Cruiser oor meer as 'n halwe eeu nie beduidend verander het nie.

As ek om die een of ander rede met 'n standaardvoertuig uit die vertoonlokaal van Kaapstad na Kaïro moet ry, gaan jy my moeilik oortuig om enigiets anders as die 79 te kies. Jy kan redelik seker wees die reis gaan geslaagd wees, en boonop kan jy enige meganiese kwale wat dalk langs die pad opduik, so te sê enige plek in Afrika laat herstel.

Ek besit die stasiewa-weergawe van die 70-reeks nou al amper vier jaar en kan dubbel en dwars hiervan getuig.

By ons maatskappy reis ons gereeld reg oor Suider-Afrika, en op hierdie lang toere is ons op elke denkbare padoppervlak – van die ooppad en slegte grondpaaie tot sandduine, klipperige bergpasse, riviere, modder en enigiets tussenin. Baie min voertuie kan hulle staal wys in elkeen van hierdie toestande.

Die Land Cruiser 300 is so 'n voertuig. En die 70-reeks nie. Trouens, daar's net te veel kompromieë wat jy moet aangaan as jy die 70-reeks vir 'n oorlandreis wil gebruik.

Kom ons sê maar net lang afstande op die ooppad was nie een van die eerste

dinge waaraan die ingenieurs gedink het wat die 70-reeks ontwerp het nie. Die voertuig is in die vorm van 'n baksteen en sy ratverhoudings is kort. As jy dus teen die nasionale spoedperk ry, is dit 'n raserige (én baie duur) affêre.

Die soliede as voor doen sy bes om jou in die regte rigting te hou op slegte paaie, maar op die ooppad verg dit 'n hoë mate van fokus vergeleke met 'n ryding wat onafhanklike vering het. Die geraasvlakke dra ook by tot langafstandtamheid vir die bestuurder en dit raak maklik 'n onveilige storie.

Jou lyf raak ook seer omdat dit allermins 'n gemaklike rit is, en as jy boonop in daaglikse stadsverkeer ry, is die handratkas en sy stadige wegtrek nie regtig bevorderlik vir jou boeddruk nie.

Sodra jy egter die teerpad verlaat en 4x4-hoë- of -laestrek kies, kom die 70-reeks tot sy reg. Daardie kort ratverhouding is so te sê perfek vir veldry, en die V8-turbodieselenjin draf moeiteloos voort, ongeag wat jy hom vra om te doen. Maar soos met die meeste 4x4-dieselvoertuie bly hoë en steil sandduine 'n uitdaging.

Ek glo vas as jy kan saamleef met die koste en die moeite om by jou veldrybestemming uit te kom én jy hoef nie daagliks werk toe en terug met hom te ry nie, kom die Land Cruiser 70 baie naby aan die bopunt op die ranglys van ideale veldvoertuie.

Vir daardie soort geld het ek egter onlangs ernstig na die huidige Hilux-model gekyk. Ek moet in September vanjaar 'n nuwe maatskappyryding kry, en wanneer die tyd aanbreek, sal ek beslis meer terugvoer daaroor gee.



SHOP \ MEDIA 24



LAAT DIE M24-WINKEL INSPIRASIE BY JOU VOORDEUR AFLEWER

Sien al jou gunsteling-handelsmerke op een plek

media24shop.com

**R60
AFSLAG**

op jou eerste
bestelling van
R150 of meer!

SHOP \ MEDIA 24

*Aanbod geldig tot 30 Junie 2023

BESTEL IN 3 MAKLIKE STAPPE:

1.

media24shop.com.
Kyk wat in ons
winkel beskikbaar is
& kies jou items.

2.

Sit in jou mandjie en gebruik
die kode: **#winskopie24**
by die betaalpunt vir **R60**
afslag op jou bestelling.

3.

Jou bestelling
is onderweg na
jou voordeur!

Hoe lekker is ‘lekker’ dan?

Hoe relevant is 'n stergraderingstelsel? Neels van Heerden wonder of dit nog enigsins na verbruikersbehoefte kyk.

Onlangs tref 'n plasing op 'n sosialemediaplatform my oog waarin 'n vooraanstaande Suid-Afrikaanse hotelbaas sê die huidige stergraderingstelsel vir hotelle het eendimensioneel en irrelevant geword. Hy is van mening dat verwysings deur

medereisigers veel groter gewig dra as 'n sertifikaat teen die muur agter die hotel se ontvangstoonbank.

Hy glo toeriste is beter toegerus om hotelle te evalueer as 'n graderings-beampte wat regmerkies op 'n vorm maak. Sy hotelgroep se interne navorsing dui daarop dat gaste al hoe meer staatmaak op kommentaar, beskrywings en foto's op webwerwe.

Volgens 'n verslag deur Tripadvisor het 33% van reisigers op reiswebblaaie rondgesoek voor hulle 'n bespreking gemaak het, en 74% het die kommentaar op Tripadvisor gaan lees om te besluit waar hulle wil bespreek.

Die hotelbaas staaf dan sy mening oor die stergradering deur na sekere “stompsinnige” vereistes te verwys. Vier- en vyfsterhotelle word byvoorbeeld verplig om dienste soos 'n dag-en-nag-kamerdiens, weggooibare pantoffels en japonne, en 'n telefoon in die kamer te verskaf, om enkele te noem.

Hoekom moet daar dag en nag kamerdiens wees as navorsing toon dat 99% van gaste nie tussen 10:00 en 16:00 in hulle hotelkamer is nie? En hoekom diefoon in die kamer as gaste hulle eie selfoon het?

Elke hotel moet eerder 'n slimfoon-app beskikbaar hê waarmee eet- en drinkgoed bestel en ander aanbiedinge bekyk kan word. Vir hom is die grootste leemte tans dat die huidige graderingstelsel nie die gaste-ervaring kan meet nie – en nog minder die innovasie of uniekheid van die hotel evalueer.

Die uiteindelijke vraag is of die meerderheid gaste jou hotel sal aanbeveel. Die beginsel is dat die ware toets is hoe gaste

die gehalte van fisieke geriewe en die gepaardgaande ervaring van die hotel self as 'n kombinasie ervaar.

My betrokkenheid met die gradering van plaaslike kampplekke is 'n klompie jare gelede summier kortgeknip toe ek die mening van 'n administratiewe beampte by die Toerismegraderingsraad bevraagteken het.

Ek het ná jare die huidige opset beloer wat betref die gradering van kampplekke. Daar is 'n lang lys graderingsbeamptes wat kampplekke evalueer, maar ek wonder steeds hoeveel van hulle het al ooit self gekamp...

Die graderingskriteria is sodanig opgestel dat dit bloot net die beskikbaarheid van sekere fisieke elemente lys. Is die lys gegrond op onlangse navorsing oor kampeerders se behoeftes? Ek dink nie so nie.

'n Byvoeging in die stelsel is dat kampplekke 'n toekenning – wat wissel van troeteldiervriendelik tot holistiese welbehag – kan verwerf. 'n Meer diepgaande begrip oor die aard en omvang van kampeerders se behoeftes, hoe 'n graderingstelsel daaraan kan voldoen, die meganisme en geloofwaardigheid van die Toerismeraad se toekenningstelsel, en verwysings deur medekampeersers op die hordes sosiale kampwebtuistes is 'n storie vir 'n ander dag.

Ek is veral verstom hoe kampeerders reageer wanneer iemand vra of 'n kampplek “lekker” is. Want wat is “lekker”? Geen graderingstelsel kan “lekker” meet nie en verbruikersmenings is so uiteenlopend. Wat vir my “lekker” is, is mos nie noodwendig vir jou ook “lekker” nie? 🍷



Weg! Ry & Sleep



GEDRUKTE WEERGAWE



**TEKEN IN EN
SPAAR 40%**

JY SPAAR
R264

6 uitgawes vir net R396 *

DIGITALE WEERGAWE



**TEKEN IN EN
SPAAR 40%**

JY SPAAR
R264

6 uitgawes vir net R396 *

**GRATIS
AFLEWERING**



Vir die digitale weergawe besoek Zinio.com of Magster.com
Teken só in Nuwe intekenare SMS die woord "weg" na 32361
met jou besonderhede en ons sal jou terugbel.
SMS'e kos R1,50. Gratis minute geld nie.

Om 'n intekening te herno skakel 087 353 1300 – vir
internasionale intekenaanbiedinge +27 21 065 0033.
E-pos subs@media24.com WhatsApp 087 353 1333

GEDRUKTE TYDSKRIF



STUUR E-POS
subs@media24.com



BEL
087 353 1300



SMS die woord "weg" na
32361 en ons bel jou terug.

DIGITAAL

Besoek Zinio.com of Magzter.com



WHATSAPP
087 353 1333



BEPALINGS EN VOORWAARDES GELD Jou intekening word verskaf op 'n voorafbetaalde basis en is slegs in Suid-Afrika beskikbaar.
Jou betaalinstruksie kan aangepas word indien die omslagprys verhoog word. Die aanbod geld tot 25 May 2023.

Kampgroeipyne

Dit kos soms deursettingsvermoë om te kamp, veral as dit jou eerste keer is én die weergode is jou boonop nie genadig nie, sê **Helena Hattingh**.

Dit is die Desembervakansie en ek en my verloofde, Frikkie le Grange, het sy Ford Figo tot teen die dak gepak. Ons is jonk en baie entoesiasties oor die eerste kampuittappie wat ons alleen aandurf, sonder die geriewe van my ouers se boswaentjie met al die luukse soos 'n ingeboude stoof en yskas.

Ons borrel omtrent van opgewondenheid toe ons die oggend vertrek. Hierdie paar dae se alleen kamp het baie beplanning geverg. Ons het vroeër al 'n tent aangeskaf, maar dis hoe ver ons lys gestrek het. Daarom het ons die nodigste dinge gaan koop en ingepak, goed soos 'n pikante nuwe opvoutafel en gasstoof.

Die sweet tap ons af in die kar, want Frikkie het baie streng reëls oor die lugreëling. Maar ek bly stil, anders "trek die kar te swaar" teen die bulte van die R712 soos ons die oostekant van die Golden Gate -nasionale park nader.

Ek draai die venster oop en kry die reuk van vryheid terwyl ek kyk hoe die gras in die wind dans. Frikkie glimlag vir my terwyl my oë oor die landskap tuur. Hulle kyk fyn op soek na 'n wildsbok wat regop kom en sy ore spits vir die dreuning van die kar se enjin – 'n verwelkoming, kan 'n mens sê. Maar die wild hou hulle skaars in die somerson wat die landskap vuurwarm bak.

By ons kampplek besluit ons op 'n staanplek in 'n holte onder 'n groot wilgerboom, wat 'n bietjie beskerming sal bied teen die versengende hitte. Ordentlike skaduwee is tog die goue reël vir lekker kamp in die somer, of hoe?

Ons slaan die tent op en pak al die nuwe kampgoed rustig uit. Ná 'n lang dag se ry smag ons na 'n lekker koppie koffie. Frikkie haal ons splinternuwe gas-

stoof uit sy tassie en probeer die handvatsel trek sodat die vlam kan brand, maar helaas...

Ná nog 'n paar probeerslae staan ek nader om te kyk wat die probleem is. Frikkie beduie onhandig iets wat vir my klink asof die gasbotteltjie nie lekker op sy plek wil inglip nie. Nadat ons 'n ruk gesukkel het, lek daar nou gas op die kant van die stofie – en die volgende oomblik sien ek vlamme.

Ons staan vir 'n oomblik na die paniek in mekaar se oë voordat Frikkie die stofie van ons nuwe tafel af wegruk. Soos 'n vreeslose straatrenjaer wat op 'n afgrond afpyl, sit hy die ding 'n ent verder in die oopte op die grond neer en tree vinnig terug. Ek staan nog gevries en wag vir die knal, maar hoor niks.

Ons staan versigtig nader en sien die vlam het uitgebrand sonder om aan die gassilinder self te raak. Frikkie skuif die stofie tot op 'n veilige afstand van ons tent af en ons besluit ons wil nog al ons ledemate behou. Ons gaan nie verder kanse waag met die gasstofie nie.

Ons sit 'n ruk lank effens droewig op ons kampstoele en betreur ons lot noudat ons nie meer die luukse van 'n gasstofie het nie. Frikkie troos en herinner my dat alles nog nie verlore is nie; ons kan mos ons kos op die vuur gaarmaak. Om vleis te braai is tog die belangrikste, sê my aanstaande.

Later die middag sit die son nog hoog in 'n oop en helder lug, en ons besluit om vir die res van die middag een van die staproetes te gaan verken. Ons is jonk en fiks... wel, min of meer fiks... en die staproete sal mos nie so lank vat nie, maak ons mekaar wys.

Toe ons veel later weer by ons tent aankom, besef ek ons het 'n fout begaan. Die wolke pak behoorlik saam en don-

derweer brom in die lug. Ons pak die hout vir die vuur blitsvinnig, want tyd is duidelik nie aan ons kant nie. Net toe dit begin lyk asof ons tog die tjoppies op die kole gaan kan sit, besluit die donker wolke om hael op ons neer te werp, soos vuurpyle. Ons duik in die tent en luister na die reën wat neerstort terwyl die wilgerboom se takke vies teen ons tent slaan.

Bo die donderweer se gedruis is die hongerpyne in my maag nog hoorbaar. Ek onthou dat ek vanmiddag in die gemeenskaplike kombuisie gesien het

“

Frikkie skuif die stofie tot op 'n veilige afstand van ons tent af en ons besluit ons wil nog al ons ledemate behou.

”

waar ons die tjoppies gaar kan kry. Teen dié tyd is die lug al pikdonker, en ek en Frikkie strompel deur die reën na die kombuis toe. Maar wanneer ons sopnat daar aankom, besef ek ons braaipan lê nog agter in die Figo. Ek bied aan om dit te gaan haal.

By die kombuisdeur huiwer ek 'n oomblik voordat ek my omtrent in 'n gruwel-fiek bevind: Elke twee sekondes verlig weerlig die aarde. Met die terugkomsorg 'n harde donderweerslag baie naby aan my dat ek in my spore vassteek.

'n Rilling trek regdeur my lyf. As ek nie druiptat was nie, sou ek seker die

hare op my lyf kon voel regop staan. Dis seker hier waar die zombies uit die bosse op my gaan afstorm, dink ek. My vlugreaksie skop in en ek verbeter my persoonlike beste tyd oor 'n kort afstand op pad terug kombuis toe. Mét 'n braaipan in my hande.

Ons jubel omtrent toe ons die vleis in die braaipan het. Ons wag 'n paar minute dat die plaat warm word, maar dan besef ons daardie harde donderweerslag netnou het die elektrisiteit uitgeslaan. Ons drafstap terug tent toe, kop onderstebo en met honger mae.

Ek trek my asem skerp in toe ons voor die tent se deur te staan kom en verward kyk hoe 'n stroom water wat sterk aan die Vaalrivier herinner, nou onderdeur ons tent vloei. Duidelik het ons die tent opgeslaan presies waar die hêle kampeerterrein se water versamel as dit reën. Die tent lyk meer soos 'n skip op 'n onstuimige see – as dit nie vir die tentpenne was nie, was die seile lankal gespan vir die nooiensvaart. Die netjiese holte onder die wilgerboom was toe nie die beste plek om tent op te slaan nie.

Binne voel dit of ons op 'n waterbed gaan slaap. Frikkie wys na 'n klein skeurtjie op die tentvloer waar die water instroom. Ons het nie eens geweet van die skeurtjie nie, maar dit is nou die bron van emmers water op ons tentvloer.

Ons vat 'n paar minute om ons strategie uit te werk: Ons moet keer dat die water instroom. Kort daarna is Frikkie weer buite, op soek na 'n klip. Hy kry een wat sal werk en voel-voel met die een hand onder die tent terwyl ek van binne af verduidelik waar die skeurtjie is sodat hy dit mooi daaronder kan plaas.

En net so is ek en Frikkie besig met 'n onbeplande oefening in verhoudingskommunikasie. Dit kos geduld om die klip op die regte plek te kry. Uiteindelik werk die plan darem min of meer en die klip help keer dat die water met soveel oortuiging instroom.

Terug in die halfdroë tent besluit ons om die beste van 'n slegte saak te maak. Vir aandete offer ons die biltong op wat ons vir die volgende dag se biltongpotjie sou gebruik, met daarby ander peuselgoed wat ons oopmaak om die hongerpyne te stil.

Ons lag. Want dag twee van ons eerste selfstandige kamp kan seker net beter verloop, of hoe?



DW

Kyk daar, Pa!

In Suid-Afrika kom 'n mens heelwat aardighede langs die pad teë – soos die skoenhuis naby Ohrigstad, die grootste koeksister op Orania, en die reuseteepot by die Rose-koffiewinkel doer ver op Kakamas. Hier is vier wat jy op 'n *road trip* kan besoek, maar daar's nog baie meer. Hoeveel ken jy?

DIE BLOMPOSBUS

Op die Noord-Kaapse dorp Calvinia staan 'n 6m hoë posbus met 'n omtrek van 9m en 'n volume van 43,6132 m³. Dit is 'n werkende posbus en jy kan inderdaad 'n brief daarin gooi. Jy hoef darem nie op 'n leer te staan om jou posstuk in die gleuf te stoot nie, want daar is 'n kleiner gleuf op 'n bereikbare hoogte. Die posbus was oorspronklik 'n watertoring wat die plaaslike Sakekamer in 'n toeristeaattraksie omskep het. Hy staan in Hopestraat... nie ver van Calvinia se poskantoor af nie.

GPS-punt S31.47528

E19.77184

Tye Altyd oop.

Toegang Gratis.



Het jy iewers dalk 'n seldsame sleepseel of ryding raakgeloop? Vertel ons daarvan en stuur vir ons 'n foto na

rysleep@weg.co.za

DIE GROOT PYNAPPEL

'n Pynappel wat 17m die lug in troon – ja, ons praat van die een op Bathurst in die Oos-Kaap. Die wêreld se grootste pynappel het 'n beton-en-staalstruktuur in die middel met 'n dop van glasvesel. Dit is in die jare negentig befonds en opgerig deur 16 van die distrik se pynappelboere onder leiding van Barrie Purdon, 'n nasaat van Charles Purdon, die man wat die eerste pynappelsaad in die Oos-Kaap gesaai het. Binne die pynappel, wat drie verdiepings hoog staan, is 'n winkel en museum oor dié tropiese landbougewas.

GPS-punt S33.50740 E26.84720

Tye Heelweek 09:00 tot 17:00.

Toegang By navraag.



ROOIBERG-STOEL

Die Rooiberg-wynlandgoed naby Robertson in die Wes-Kaap gee nie sy stoel uit as die grootste ter wêreld nie, maar die "grootste rooi stoel in Afrika". Die stoel is in 2013 aan die publiek onthul as 'n bemarkingsfoefie, maar dit simboliseer wel die wynmaker se gasvryheid en uitnodiging om " 'n stoel nader te skuif en te kom sit". Die stoel is 9m hoog en die "sitplek" 4,5m. Daar's 'n trapleer agter die stoel waarteen jy kan opklim om 'n glasie Red Chair-pinotage te geniet. Ons hoor 2021 was 'n goeie oesjaar...

GPS-punt S33.50740 E26.84720

Tye Heelweek 09:00 tot 17:30.

Toegang Gratis.



OLD JOE

Wanneer jy tussen eNtokozweni (Machadodorp) en Mbombela op die R539-teerpad ry, sal jy dié vrolieke klip aan die voet van die Patatanekpas gewaar. Toe die eerste pad deur Schoemanskloof in 1927 gebou is, het werkers geterg die 2,5m hoë klip lyk nes hulle voorman, Joe Barabas – en terstond sy gesig daarop gevef. Die klip kry elke paar jaar 'n nuwe gesig wanneer kunstenaars of skoolkinders genooi word om ou Joe se voorkoms te verander. Die tema word gewoonlik bepaal deur 'n belangrike landsgebeurtenis.

GPS-punt S25.42015 E30.48824

Tye Altyd oop.

Toegang Gratis.





“Wat van ‘n vakansiehuis by die kus en Kruger en Richterveld en Serengeti en...”

Die 2023 Mercedes **CHEETAH** toerwa

Kompak, ekonomies en maklik om te bestuur met B/Kode8 lisensie. Die Prima binneruim kom met fasiliteite en dekor-opsies om te pas by jou leefstyl, en met die nuwe outomatiese viertrekselsel en onafhanklike krag- en waterstelsels, kan jy ry en bly waar jy wil.

Pryse en spesifikasie onderhewig aan verandering.
Foto's slegs ter illustrasie met opsionele ekstras. B&VG. 221107

 **maxmo**
bly waar jy ry



Kies jou eie spesifikasie aanlyn: www.maxmo.life leon@maxmo.life leon 082 899 9999



QUANTUM
LEISURE
Caravan Manufacturers

PLAASLIKE VERVAARDIGER VAN LUUKSE KARAVANE

COMFORT



**COMFORT
COUNTRY**



**COMFORT
DELUXE**



**COMFORT
FAMILY**



CARNIVAL



CONNECT



INFINITY



PINNACLE



**LANDWYD
BESKIKBAAR BY
EEN VAN ONS
HANDELAARS**

Kempton Caravans • 011 974 5595
GC Caravans Witbank • 013 697 5121
Natal Caravan & Marine • 031 702 7291
Middelburg Karavane • 013 243 5060
Quantum Caravan World Cape Town • 071 583 3669

www.quantumleisure.co.za